# Afrikaans Huistaal Graad 7

**By:**
Siyavula Uploaders

# Afrikaans Huistaal Graad 7

**By:**
Siyavula Uploaders

**Online:**
< http://cnx.org/content/col11016/1.1/ >

**C O N N E X I O N S**

**Rice University, Houston, Texas**

This selection and arrangement of content as a collection is copyrighted by Siyavula Uploaders. It is licensed under the Creative Commons Attribution 3.0 license (http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/).
Collection structure revised: September 9, 2009
PDF generated: February 6, 2011
For copyright and attribution information for the modules contained in this collection, see p. 114.

# Table of Contents

**1 Kwartaal 1**

- **1.1** Gebruik 'n woordeboek ... 1
- **1.2** Die strokiesverhaal ... 7
- **1.3** Hardloop met die bulle ... 11
- **1.4** Poesie ... 16
- **1.5** Skryftekens en spelling ... 21

**2 Kwartaal 2**

- **2.1** Tyl Uilspieel ... 25
- **2.2** Antjie Somers ... 33
- **2.3** Dulle Griet ... 42
- **2.4** Die ruimteman Loeloeraai ... 46
- **2.5** Seuns van die wolke ... 55
- **2.6** Mark Shuttleworth ... 62

**3 Kwartaal 3**

- **3.1** Die Krugermiljoene ... 71
- **3.2** Uit die Afrikaanse literere skatkis ... 78
- **3.3** Literere skatkis ... 86

**4 Kwartaal 4**

- **4.1** Die pous en sy muil ... 93
- **4.2** Die skrywer Alphonse Daudet ... 102
- **4.3** Die slot van die verhaal ... 111

**Attributions** ... 114

# Chapter 1

# Kwartaal 1

## 1.1 Gebruik ’n woordeboek[1]

### 1.1.1 AFRIKAANS HUISTAAL

### 1.1.2 Graad 7

### 1.1.3 Module 1

### 1.1.4 GEBRUIK ‘N WOORDEBOEK

WILDEHONDE EN WOLWE

### 1.1.5 LUISTER NA DIE VOLGENDE VERHAAL OOR WOLWE:

WOLWE IN DIE WILDERNIS

“Hoekom is Ouma se oë so groot?”

“Om beter te kan sien, my kind.”

“En hoekom is Ouma se ore so groot?”

“Om beter te hoor, my kind.””Hoekom is Ouma se neus so ……………………….”

ensovoorts, ensovoorts.

Nie een van ons het grootgeword sonder dat hierdie wrede, vreesaanjaende verhaal nie een van ons eerste kennismakings was met die wêreldletterkunde nie. Die wolf is byna sonder uitsondering uitgebeeld as die allerwreedste dier met lang, skerp tande wat gereed maak om vir Rooikappie te verslind. Deesdae word die ouma genadiglik in die klerekas aangetref nadat die houtkapper die wolf met sy byl om die lewe gebring het. Vroeër het hy die wolf se maag oopgesny om die ouma te bevry!

En dan was daar ook die wolf wat die drie varkies geterroriseer het.

Ons het grootgeword met die idee dat wolwe boosaardige monsters is wat in die bosse skuil, oorgehaal om mense aan te val. Selfs die woordeboeke sê dat wolwe vraatsugtige roofdiere is wat groot skade onder vee, wild en beeste aanrig, en in ‘n groep selfs mense aanval.

Dit is egter nie heeltemal ‘n geregverdigde siening nie. Wildehonde, waarvan die wolf ‘n afstammeling is, is jagters, maar hulle maak nie naastenby soveel huisdiere dood as wat mense dink nie. Hulle maak wel jag op rotte, muise en ander diere wat die boere se oeste vernietig. Daar is nêrens enige bewyse dat ‘n wildehond al ‘n mens doodgemaak het nie. Die mens, daarenteen, maak reeds vir eeue jag op wildehonde. Wildehonde het meer rede om die mens te vrees as wat die mens wildehonde moet vrees.

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m23592/1.1/>.

Wildehonde, waarvan die gryswolf die grootste spesie is, bewoon reeds die aarde lank voordat die mens op die toneel verskyn het. Mettertyd het die mense hul opwagting gemaak, en het hulle en die wolwe in vreedsame naasbestaan met mekaar gelewe.

Maar toe gebeur daar ‘n snaakse ding. Die wolwe het in twee kampe verdeel. Die een groep het besluit om by die mense aan te sluit, en voordeel te trek uit die mens se uitvindsels. Hulle het die knusheid van die kampvure geniet en daarmee saam die braaivleis wat na hulle kant toe gekom het, veral gedurende die koue wintermaande. Hierdie groep het hulself Honde genoem. Hulle makkers het hulle met afkeur van ‘n afstand betrag. Nee, het hulle gedink, hulle was die heersers van die wildernis, en het hulleself Wolwe genoem. Hulle sou jag maak op bokke en van rou vleis lewe.




**Figure 1.1**

Mettertyd het daar meer mense gekom en het die wildernis al kleiner en kleiner geword. Die lewensruimte van die wolwe het kleiner en kleiner geword. Die mense het op die wolwe jag gemaak, maar die wolwe kon nie op die mense jag maak nie. Daar is met gewere op die wolwe geskiet en hulle is in slagysters gevang. Die mees geslaagde manier om wolwe uit te roei, was met gif. Op hierdie manier sou die mens die wêreld wolfvry maak!




**Figure 1.2**

Die mensdom het byna daarin geslaag, want vandag is daar byvoorbeeld net ‘n handjievol gryswolwe in die wêreld oor en die rooiwolf word slegs in dieretuine aangetref. Vir wolwe om te oorleef, het hulle groot gebiede in die wildernis nodig waar hulle vrylik kan rondbeweeg. Ons moet besef dat wildehonde nie meer ‘n bedreiging vir die mens is nie, maar ‘n bydrae kan lewer om van die wêreld ‘n interessanter en mooier plek te kan maak om in te leef.

### 1.1.6 Opdrag 1:

### 1.1.7 Om ‘n woordeboek te raadpleeg en die betekenisse van woorde neer te skryf

### 1.1.8 [LO 1.2.2, 6.1.5]

### 1.1.9 BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:

(a) Die verhale van *Rooikappie* en *Die Drie Varkies* is sprokies.Wat is ‘n sprokie?Bestudeer die woordeboek-inskrywing en skryf die betekenis van die woord neer:

(a) Skryf die betekenis van **sprokieswêreld** neer:

(a) Skryf die betekenis van **sprokiesland** neer:

(a) Is ‘n sprokie ‘n **opgemaakte storie** of is dit die **waarheid**?

(a) In beide sprokies wat in die leesstuk genoem is, is die wolf die bose karakter. Hoekom is dit so? (Lees die tweede paragraaf van die leesstuk.)

(a) Skryf ‘n sinoniem neer vir **bose karakter**:

(a) Van watter dierespesie is die wolf ‘n afstammeling?

(a) Wat het die wolwe veral gedurende die wintermaande na die mense toe gelok?

(a) Watter groep het hulleself as die heersers van die wildernis beskou?

(a) Waarvan het die Wolwe gelewe?

(a) Noem drie maniere waarop mense wolwe uitgeroei het:

(a) Watter wolfspesie word slegs in dieretuine aangetref?

(a) Watter belangrike bydrae, wat nie vir mense ‘n bedreiging is nie, kan wildehonde lewer?

### 1.1.10 WOLF IN DIE WOORDEBOEK

**wolf,** (wolwe). Enigeen van ‘n aantal vraatsugtige roofdiere van die Hondegeslag *(Canis)*, wat groot skade onder vee, wild, beeste aanrig, en, in ‘n groep, die mens aanval, veral die soort *C. lupus: Deur wolwe verskeur word. Die wolf en die lam wei rustig bymekaar* (Ina Rousseau). 2. In sommige dele, benaming vir die hiëna. 3. *(fig.)* Persoon wat ‘n ander se ondergang bewerk: *‘n Meisie wat onder wolwe verval het.* 4. Soort spinmasjien. UITDR.: *Met die wolwe in die***boshuil**, maak soos jou maats maak; saamgaan met die meerderheid. *Soos ‘n wolf* **eet**, gulsig eet. *‘n Wolf in***skaapsklere,** ‘n skurk met ‘n onskuldige voorkoms. *Wolf***skaapwagter***maak*, ‘n skurk te veel vertrou.

Wat is idiomatiese uitdrukkings?

Idiome verleen kleur aan ons taalgebruik. In plaas daarvan om te sê **dit reën hard**, kan ons sê **dit reën katte en honde.**

Elke volksgroep het ook sy eie, unieke uitdrukkings en maniere van ‘n ding sê.

### 1.1.11 Opdrag 2:

### 1.1.12 Om idiomatiese uitdrukkings op ‘n gepaste manier te gebruik

### 1.1.13 [LU 6.4.3]

Bestudeer bostaande inskrywing en beantwoord die vrae:

Skryf vyf idiomatiese uitdrukkings neer:

Skryf die betekenisse van elk van die idiomatiese uitdrukkings neer:

### 1.1.14 JAKKALS IN DIE WOORDEBOEK

**jakkals,** (-e) **1.** Hondagtige roofdier van die fam. *Canidae*, met lang bene, dik stert en spits snuit, berug weens die skade wat dit onder kleinvee aanrig. **2.***(fig.)* Listige, skelm persoon: *Hy is ‘n regte, geveinsde jakkals.* UIDR.: *Dis bo my jakkals*, meer as wat ek kan doen of begryp. *Jakkals sê die druiwe is suur* – gesê van iemand wat minagtend praat oor iets wat buite sy bereik is. *Jakkals verloor wel sy hare, maar nie sy streke nie (jakkals verander van hare, maar nie van streke nie)*, ‘n mens ontgroei nooit jou ingebore geaardheid nie. *‘n Kaal jakkals*, persoon wat niks besit nie. *Vir jakkals (wolf) skaapwagter maak*, die grootste skelm ‘n verantwoordelike pos gee. *Jakkals prys sy eie stert* – gesê van (aan) ‘n persoon wat homself prys. *Jakkals trou (met wolf se vrou)(wolf en jakkals trou)* – gesê as daar tegelyk reën en sonskyn is. *Dit is klein jakkalsies wat die wingerde verniel*, klein foutjies wat groot moleste veroorsaak. **jakkals: ...agtig, ...jag, ...jagter.**

**jak’kals·bes·sie.1.** Hoë boom van tropiese Afrika, met rooigetinte blare. **2.** Sambreelvormige boom, ongeveer 4m hoog, wat in die suid-westelike deel van Kaapland voorkom, veral tussen duine; witmelkhout; *Calvaria inerme.*

**jak’kals·dig,** b.nw. So dig dat ‘n jakkals nie kan inkom nie : *‘n Jakkalsdigte kamp.*

**jak’kals·dou(tjie).** Fyn motreëntjie, Skotse doutjie.

**jak’kals·draad.** Jakkalsdigte draadheining van growwe ogiesdraad, hoog genoeg sodat ‘n jakkals nie daaroor kan spring nie.

**jak’kals·draai.1.** Kort draai deur ‘n agtervolgde jakkals gemaak. **2.***(fig.)* Slim streek, geslepe plan: *Jakkalsdraaie maak, gooi, loop*, slim uitvlugte uitdink.

**jak’kals·draf·fie.1.** Gemaklike draffie soos die van ‘n jakkals. **2.** Dans in 4/4-maat. UITDR.: *Dit gaan op ‘n jakkalsdraf(fie)*, dit gaan redelik goed, of nie te goed en nie te sleg nie.

**jak’kals·drui·we.**, mv. **1.** Druiwe met ‘n jakkalssmaak; *Cissus dasyplearis.***2.** Wilde druiwe.

**jak’kals·hond.** Hond geteel en afgerig om jakkalse mee te jag.

**jak’kals·klub.** Vereniging deur skaapboere gestig om jakkalse uit te roei.

**jak’kals·kos. 1.** Prooi van ‘n jakkals: *‘n Siek skaap wat jakkalskos geword het.***2.** Wortelparasiet op melkbossoorte aangetref; *Hydnora africana;* kannie. **3.** Gifmelkbos.

**jak’kals·proef.** (*Angl.*) Jakkalsdraad.

**jak’kals·re·ën·tjie.1.** Ligte reëntjie met sonskyn daarby. **2.** Motreëntjie.

**jak’kals·skelm,** b.nw. en bw. So skelm soos ‘n jakkals; baie skelm.

**jak’kals·smaak.** Smaak soos dié van wilde druiwe.

**jak’kals·sto·rie.1.** Storie waarin ‘n jakkals die hooffiguur is. **2.** Uitvlug, listigheid.

**jak’kals·streek.** Skelm, slinkse streek.

**jak’kals·trou·re·ën·tjie.** Buite reën wat val terwyl die son skyn.

**jak’kals·van·ger.** Persoon of hond opgelei om jakkalse te vang.

**jak’kals·vo·ël.** Enigeen van ‘n aantal donkerkleurige roofvoëls, veral *Buteo rufofuscus*, met rooibruin bors en stert.

**jak’kals·vry,** b.nw. Sonder jakkalse; voorsien van ‘n heining wat jakkalse uithou: *‘n Jakkalsvry plaas, kamp.*

**jak’kals·wê·reld.** Streek waar baie jakkalse hou.

### 1.1.15 Opdrag 3:

### 1.1.16 Om ‘n woordeboek te raadpleeg en vrae te beantwoord

### 1.1.17 [LU 6.1.5, 6.4.3, 6.5.1]

Raadpleeg ‘n verklarende woordeboek om die volgende vrae te beantwoord:

(a) Skryf eers die **letterlike** betekenis van die woord **Jakkals** neer:

(a) Dan die **figuurlike** betekenis:

Skryf die betekenis van elk van die volgende idiomatiese uitdrukkings neer:

(a) Jakkals prys sy eie stert:

(a) Jakkals trou met Wolf se vrou:

(a) Dit is die klein jakkalsies wat die wingerde verniel.

(a) Wat word 'n dans op vier-viermaat genoem? (Engels: Foxtrot)

Die volgende is plante. Skryf 'n ander naam vir hulle neer:

(a) Jakkalskos

(a) Jakkalsdruiwe

(a) Jakkalsbessie

(a) Wat beteken dit om **jakkalsdraaie te maak**?

### 1.1.18 Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| |
| LU 1 |
| **LUISTER**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.2 aandagtig luister vir spesifieke inligting en kerngedagtes en gepas reageer: |
| 1.2.2 beantwoord vrae oor inhoud van tekste en gee eie mening; |
| LU 6 |
| **TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK**Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer. |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 6.1 met woorde werk: |
| 6.1.1 raak vertroud met kort en lang klanke en met tweeklanke (diftonge); |
| 6.1.2 verdeel woorde korrek in lettergrepe; |
| 6.1.3 gebruik skryftekens (deelteken, koppelteken, afkappingsteken en kappie) korrek; |
| 6.1.5 gebruik ‘n woordeboek om woordeskat en spelvermoë uit te brei; |
| 6.1.6 gebruik samestellings en verkleinwoorde korrek om woordeskat uit te brei; |
| 6.4 bewustheid en gebruik van styl ontwikkel: |
| 6.4.3 gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas; |
| 6.5 kritiese taalbewustheid ontwikkel: |
| 6.5.1 maak kennis met die letterlike en figuurlike gebruik van woorde. |

**Table 1.1**

### 1.1.19 Memorandum

1. (a)

Sprokie: ‘n Eenvoudige kinderlike vertelling sonder lokale kleur (m.a.w. die verhaal kan nie gekoppel word aan ‘n bepaalde omgewing, groep mense of kultuur nie). ‘n Sprokie is geheel en al ‘n opgemaakte storie.

- Sprokieswêreld: Verbeeldingswêreld, droomwêreld, denkbeeldige wêreld waar feetjies en kabouters woon en leef.
- Sprokiesland: ‘n Wondermooi plek, asof dit nie eg kan wees nie.
- Dit is ‘n opgemaakte storie.
- Ons het grootgeword met die idee dat wolwe vraatsugtige roofdiere is wat diere aanval en in ‘n groep ook mense aanval.
- ‘n Nare persoon, ‘n boosaard, boosdoener, booswig, skurk, misdadiger.
- Wildehonde.
- Die knusheid (gesellligheid) van die kampvuur en die braaivleis wat die mense na hulle gegooi het.
- Die honde.
- Rouvleis.
- Daar is met gewere op hulle geskiet.

Hulle is in slagysters gevang.

Hulle is met gif uitgeroei.

- Rooiwolf.

(a) Hulle kan ‘n bydrae lewer om van die wêreld ‘n interessanter en mooier plek te maak om in te leef.

3. (a)

(i) Iemand het onder wolwe verval.

(i) Met die wolwe in die bos huil.
(ii) Iemand eet soos ‘n wolf.
(iii) ‘n Wolf in skaapsklere.

(iv) Van wolf skaapwagter maak.

(b)

(i) ‘n Persoon wat ‘n ander se ondergang bewerkstellig.

(i) Maak soos jou maats maak.
(ii) Gulsig eet.
(iii) ‘n Skurk of skelm met ‘n onskuldige voorkoms.
(iv) ‘n Skelm te veel vertrou.

4.

(a) Hondagtige roofdier met lang bene, dik stert en spits snuit.
(b) Listige, skelm persoon.

(a) Iemand wat homself prys.
(b) Wanneer daar tegelyk reën en sonskyn is.
(c) Klein foutjies wat groot moleste veroorsaak.
(d) Jakkalsdraffie.
(e) Gifmelkbos.
(f) Wildedruiwe.
(g) Witmelkhout.
(h) Slim planne beraam.

## 1.2 Die strokiesverhaal[2]

### 1.2.1 AFRIKAANS HUISTAAL

### 1.2.2 Graad 7

### 1.2.3 Module 2

### 1.2.4 DIE STROKIESVERHAAL

Een van die eerste strokiesverhale in Afrikaans het in 1942 in *Die Jongspan* verskyn. Die kunstenaar was T.O. Honiball wat ook spotprente vir die Afrikaanse koerante geteken het.

Die reeks in *Die Jongspan* het in die dierewêreld afgespeel, en die twee hoofkarakters was Jakkals en Wolf. Al die diere in die reeks het soos mense opgetree: hulle het regop geloop, hulle het gepraat en hulle het klere gedra. Hulle dialoog, maniere en emosies was soos dié van mense.

Wanneer ‘n mens die strokiesverhaal lees, moet daar veral fyn opgelet word na wat daar gesê word, want die inhoud van die strokiesverhaal is gewoonlik **satiries** van aard. Dit beteken dat daar eintlik baie fyn gespot word. Met ander woorde, die mens as individu, en ook as groep, se swakhede, dwaashede en tekortkomings word bespotlik voorgestel. So ook kan daar met die politiek van die dag gespot word.

Wanneer die strokiesverhaal gelees word, moet die leser aan elke karakter ‘n stem gee. Hy moet die karakter se stem “hoor” in sy kop en nie sy eie stem nie. Die kunstenaar kan alleenlik die karakters se karaktereienskappe uitbeeld deur middel van gesigsuitdrukkings en liggaamshoudings. Die kunstenaar maak gewoonlik van **humor** gebruik in sy voorstellings van die onderskeie karakters, want die belangrikste eienskap van die strokiesverhaal is dat dit die leser moet **vermaak.**

Voordat die strokiesverhaal gelees word, moet die leser hom eers vergewis van die eienskappe van ‘n jakkals en ‘n wolf. Dit sal help om **gestalte** te gee aan die karakters van die verhaal.

[2] This content is available online at <http://cnx.org/content/m23594/1.1/>.

### 1.2.5 Opdrag 1:

### 1.2.6 Om ‘n eie mening te gee oor die betekenis van woorde

### 1.2.7 [LU 5.1.4]

Skryf ‘n kort paragraaf oor die volgende:

(a) As iemand beskryf word as ‘n **jakkals**, hoe ‘n soort mens is hy?

(a) As ‘n mens beskryf word as ‘n **wolf**, hoe ‘n soort mens is hy?

### 1.2.8 UITTREKSEL UIT JAKKALS EN WOLF DEUR T.O. HONIBALL

Jakkals het planne om met Donsie te trou, maar dan moet hy in staat wees om haar te onderhou. Hy besluit om ‘n winkel oop te maak. Hy vra vir Wolf om te help met die projek. Wolf is baie ingenome en willig dadelik in om te help. Maar hy het nie geweet dat hy al die harde werk sal moet doen nie .... Lees nou verder:



**Figure 1.3**

Uit: *Honiball, T.O. Jakkals en Wolf, T.O. Honiball, - Promosie, 1986*

### 1.2.9 Opdrag 2:

### 1.2.10 Om ‘n samespraak te skryf en eie verbeelding te gebruik om dialoog te voltooi

### 1.2.11 [LU 2.1, 2.5, 3.1, 3.2, 4.1.2]

(**a**) Herskryf die teks van hierdie uittreksel in dialoogvorm. M.a.w. skryf ‘n samespraak tussen Wolf en Jakkals. Maak ook gebruik van ‘n verteller.

Verteller: Daardie middag is oom Wolf so pootuit dat hy sommer lê en eet.

Wolf: “Die ete is ook maar treurig, maar dis al wat ons oor het – ‘n stuk droë brood vir elkeen.”

Verteller: Geen wonder Wolf is so moeg nie ... Kyk dan net hoe ‘n tamaai stapel klippe het hy al bymekaar gemaak!

Wolf: “Dit is darem seker nou genoeg klippe om ‘n winkel mee te bou.”

Verteller: Skielik spring Jakkals op.

Jakkals: “Oom, daar is mos ‘n stoffie doerrrr in die pad. Wat kan dit wees?”

(**b**) Gebruik jou verbeelding en skryf die storie verder. Doen dit in groepe van drie. Wanneer julle klaar is, voer elke groep hul poging voor die klas op.

Moenie skaam wees om toneel te speel nie.

Wat van kostuums en maskers?

### 1.2.12 Assessering

| |
|---|
| LU 2 |
| **PRAAT**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne ‘n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.1 idees en gevoelens op ‘n ekspressiewe manier, met selfvertroue oordra: |
| • rolspeel in ‘n storie; |
| 2.5 mondelinge aanbiedings op ‘n kreatiewe wyse doen: |
| 2.5.1 let op duidelike spraak; |
| 2.5.2 korrekte pousering; |
| 2.5.3 tempo en volumewisseling; |
| • dramatiseer voorbeelde van ontronding en oorronding deur na streekstaal te verwys, |
| LU 3 |
| **LEES EN BESIGTIG**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.1 ‘n strokiesverhaal lees en die kenmerke herken; |
| 3.2 stillees korrek en met begrip toepas; |
| 3.5 verskillende tekssoorte en die hoofkenmerke daarvan identifiseer en die struktuur van die teks verduidelik. |
| LU 4 |
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ‘n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 4.1 verskeie verbeeldingstekste skryf: |
| 4.1.2 skryf ‘n storie (verhalende opstel); |
| 4.1.2 skryf ‘n samespraak (dialoë). |
| *continued on next page* |

| LU 5 |
|---|
| **DINK EN REDENEER**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 5.1 taal vir dink en redeneer gebruik: |
| 5.1.4 ontwikkel en gee uitdrukking aan ‘n duidelike eie mening. |

**Table 1.2**

### 1.2.13 Memorandum

(a) Jakkals:

- ‘n Listige, skelm persoon.

(a) Wolf:

- ‘n Gulsige persoon
- Iemand wat nie vertrou kan word nie.
- ’n Man wat nie deur vrouens vertrou kan word nie.

## 1.3 Hardloop met die bulle[3]

### 1.3.1 AFRIKAANS HUISTAAL

### 1.3.2 Graad 7

### 1.3.3 Module 3

### 1.3.4 HARDLOOP MET DIE BULLE

In Spanje word daar gereeld fees gevier. Die Spanjaarde is veral lief om fees te vier waarby daar bulle betrokke is. Dan word daar sommer gedans en partytjie gehou vir dae aaneen.

Een van die bekendste van hierdie feeste word jaarliks in Pamplona, ‘n dorpie in die noorde van Spanje, gehou. In Julie word daar vir ‘n week lank op groot skaal partytjie gehou. Die hoogtepunt van die fees vind egter plaas wanneer die bulle losgelaat word in die strate van Pamplona, en dan kan diegene wat braaf genoeg is, saam met die bulle hardloop.

Vir sewe dae lank word die bulle wat in die stiergevegte gebruik word, elke oggend om 08:00 uit hul kampe wat aan die buitewyke van die dorp geleë is, losgelaat. Hulle word deur die strate gejaag na die Plaza de Toros, die stadion waar die stiergevegte plaasvind. Die afstand vanaf die bulkampe tot by die stadion is net minder as twee kilometer.

Die groot opgewondenheid ontstaan dan wanneer die klomp toeriste veral, wat dwarsdeur die nag partytjie gehou en gefuif het, voor die bulle uithardloop. Die geplaveide strate van Pamplona is maar nou, en die hoofroete na die stadion word met hoë houtheinings afgesper. Duisende mense drom in die strate saam; almal, behalwe die duisende toeskouers, is vasbeslote om aan die “pretdraf” deel te neem.

Om die opwinding van die hardlopery saam met die bulle te ervaar sonder dat daar enige noemenswaardige gevaar aan verbonde is, is dit raadsaam om reeds teen 07:00 plek in te neem in ‘n straat naby die stadion.

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m23595/1.1/>.

Die enigste gevaar dan is om deur die duisende mense agter ‘n mens, eerder as deur die bulle self, vertrap te word. Die wedloop saam met die bulle duur ongeveer een uur. Die eerste hardlopers wat die stadion binnegaan, word luid deur die toeskouers toegejuig.

As die hardlopery verby is en die bulle weer veilig in hul kampe toegemaak is, begin die parade met orkeste wat luidrugtige Spaanse musiek speel, en mense wat in helderkleurige kostuums saam met die musiek dans, deur die strate van Pamplona beweeg.

Die dag se amptelike feesverrigtinge word afgesluit in die namiddag wanneer die stiergeveg om 17:00 in die stadion plaasvind. Eers na afloop daarvan daal daar weer ‘n rustigheid oor Pamplona. Maar net tot die volgende oggend wanneer dieselfde ritueel om 08:00 homself herhaal.

So gaan dit elke dag vir sewe dae lank.

### 1.3.5 Opdrag 1:

### 1.3.6 Om vertroud te raak met lang en kort klanke

### 1.3.7 [LU 6.1.1]

Die boublokke van woorde:

(a) Skryf die vyf kort vokale neer:

(a) Voorbeelde van lang vokale :

**aa** soos in blaar
**oo** soos in oor
**ee** soos in leer
**ê** soos in skêr
**uu** soos in muur
**ie** soos in mier

(a) Vind voorbeelde in die teks waarin die volgende vokale voorkom:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| a | | | aa | |
| | | | | |
| | | | | |
| e | | | ee | |
| | | | | |
| | | | | |
| i | | | ie | |
| | | | | |
| | | | | |
| o | | | oo | |
| | | | | |
| | | | | |
| u | | | uu | |
| | | | | |
| | | | | |

**Table 1.3**

(a) Skryf die konsonante of medeklinkers neer:

(**e**) Tweeklanke of diftonge is die samevoeging van twee vokale om 'n nuwe klank te vorm. Jou lippe vorm twee klanke, byvoorbeeld:
**oei** soos in
**aai** soos in
**een** soos in
**ui** soos in
**ou** soos in
**ooi** soos in
**ei** soos in
**ai** soos in
Soek voorbeelde uit die teks.



**Figure 1.4**

### 1.3.8 RONDING, ONTRONDING EN OORRONDING

**Ronding** vind plaas wanneer woorde korrek uitgespreek word met geronde lippe. Maar soms vind die volgende plaas:
**Ontronding** en **oorronding**

| | |
|---|---|
| Ontronding vind plaas wanneer vokale te plat of geknyp uitgespreek word soos die woorde:**vier** in plaas van **vuur**.**fyf** in plaas van **fuif**. | Oorronding vind plaas wanneer vokale met te veel rondheid uitgespreek word soos die woorde:**duur** in plaas van **dierstuur** in plaas van **stier** |

**Table 1.4**

### 1.3.9 Opdrag 2:

### 1.3.10 Om klanke korrek uit te spreek en vertroud te raak met lang en kort klanke

### 1.3.11 [LU 2.5.1, 6.1.1]

(a) Dramatiseer voorbeelde van **ontronding** en **oorronding** deur na **streekstaal** te verwys.
(b) Skryf 'n sin neer om ontronding te illustreer.

(a) Skryf 'n sin neer om **oorronding** te illustreer.

(a) Diftonge of Tweeklanke

**ou** soos in h**ou**

**eu** soos in d**eu**r

Hierdie vokale klanke bestaan elkeen uit twee klanke wat langs mekaar in dieselfde lettergreep voorkom en uitgespreek word asof dit een klank is. Daarom word hulle **tweeklanke** genoem.

(a) Spoor nog tweeklanke in die leesstuk op:

(a) Skryf voorbeelde van elke diftong neer:

**ou**:

**eu**:

**ui**:

**oe**:

(**g**) Is **ei** soos in M**ei** ‘n diftong?

(**h**) Watter woorde bevat nie diftonge nie?

m**y**l

m**ui**l

M**ei**

### 1.3.12 Assessering

| |
|---|
| LU 2 |
| **PRAAT**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne ‘n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.1 idees en gevoelens op ‘n ekspressiewe manier, met selfvertroue oordra: |
| • rolspeel in ‘n storie; |
| 2.5 mondelinge aanbiedings op ‘n kreatiewe wyse doen: |
| 2.5.1 let op duidelike spraak; |
| 2.5.2 korrekte pousering; |
| 2.5.3 tempo en volumewisseling; |
| • dramatiseer voorbeelde van ontronding en oorronding deur na streekstaal te verwys, |
| *continued on next page* |

| LU 6 |
| --- |
| **TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK** Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 6.1 met woorde werk: |
| 6.1.1 raak vertroud met kort en lang klanke en met tweeklanke (diftonge); |
| 6.1.2 verdeel woorde korrek in lettergrepe; |
| 6.1.3 gebruik skryftekens (deelteken, koppelteken, afkappingsteken en kappie) korrek; |
| 6.1.5 gebruik 'n woordeboek om woordeskat en spelvermoë uit te brei; |
| 6.1.6 gebruik samestellings en verkleinwoorde korrek om woordeskat uit te brei; |
| 6.4 bewustheid en gebruik van styl ontwikkel: |
| 6.4.3 gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas; |
| 6.5 kritiese taalbewustheid ontwikkel: |
| 6.5.1 maak kennis met die letterlike en figuurlike gebruik van woorde; 8 |

**Table 1.5**

### 1.3.13 Memorandum

Die boublokke van woorde:

(a) a; e; i; o; u
(d) b; c; d; f; g; h; j; k; l; m; n; p; q; r; s; t; v; w; x; z
(e) oei: geen
aai: geen
eeu: geen
ui: duisende, luid, toegejuig, luidrugtige, afgesluit, gebruik, buitewyke, gefuif, uithardloop, duisende.
ou: nou, toeskouers, gehou
ooi: geen
ei: geplaveide, houtheining, veilig, rustigheid, opgewondenheid.
ai: geen

# 1.4 Poesie[4]

## 1.4.1 AFRIKAANS HUISTAAL

## 1.4.2 Graad 7

## 1.4.3 Module 4

## 1.4.4 POËSIE




**Figure 1.5**

MINI-DINOSAURUS DIER

My klein kameleon,
my mini-dinosaurus dier,
jy dra die mooiste kleure op jou vel
jou lyfie is 'n prentjie
van bont geskenkpapier.
Ek sien jou twee-toon kloutjies klim
tot in die hoogste takke in
daar waar jy op jou eentjie
jou diertjie-liedjie sing:
"My drakielyfie is 'n kleurestreep,
daar's knoppies op my rug;
ek het 'n skerp gevreetjie met 'n lang, dun tong
en 'n wielie-walie stert."
Trap suutjies klein bont monster,
jy maak ons maklik skrik.
jy lyk 'n bietjie soos 'n baba-likkewaan,
'n grillerige hartedief;
maar met jou ronde oumens-ogies
en 'n bekkie wat so honger hap,
kry elkeen wat jou optel
en aan jou skurwe lyfie vat
dié mini-dinosaurusdier
vir altyd lief!
Zandra Bezuidenhout

[4]This content is available online at <http://cnx.org/content/m23596/1.1/>.

### 1.4.5 Opdrag 1:

### 1.4.6 Om ‘n mondelinge gesprek te voer

### 1.4.7 [LU 2.1, 2.5]

Mondelinge gesprekke

Elkeen kry ‘n beurt om oor een van die volgende vrae te praat:

(a) Hoekom is die verkleurmannetjie vir party mense grillerig?
(b) Hoekom laat hy ons aan ‘n dinosaurussie dink?
(c) Is ‘n verkleurmannetjie ‘n troeteldier?Hoekom / hoekom nie?
(d) Verduidelik hoe die verkleurmannetjie sy kos vang.
(e) Wat eet verkleurmannetjies?
(f) Wanneer en waarom verkleur hierdie diertjie?
(g) Hoe beweeg ‘n verkleurmannetjie? Demonstreer aan die klas.

### 1.4.8 Opdrag 2:

### 1.4.9 Om ‘n storie te skryf

### 1.4.10 [LU 4.1.2]

Skriftelike opdragte

(a) Bring boeke oor verkleurmannetjies saam klas toe. Gesels en skryf ‘n storie.

Teken of verf

(a) Teken of verf die mooiste verkleurmannetjie by die huis.

Bring jul prente klas toe en maak ‘n groot collage daarvan.

### 1.4.11 Opdrag 3:

### 1.4.12 Om vrae te beantwoord oor die inhoud van ‘n gedig

### 1.4.13 [LU 1.2.2, 3.2, 5.1.4, 6.1.5]

Beantwoord die volgende vrae:

(a) Wat word deur die gedig beskryf?

(a) Skryf ‘n sinoniem neer vir kameleon.

(a) Waarmee word die diertjie se veelkleurige lyf vergelyk?

(a) Wat word in die liedjie beskryf wat die diertjie sing?

(a) Met watter ander monsteragtige dier vergelyk hy homself in die liedjie?

(a) Die digter sê:”Trap suutjies klein bont monster.”

Nog ‘n naam vir die diertjie verskyn in die reël. Wat is dit?

(a) Hoe beskryf die digter die diertjie se oë?

(a) Die digter sê die diertjie lyk ook ‘n bietjie soos ‘n . . .

(a) Hoe wil die digter graag hê moet ons oor die diertjie voel?

(a) Skryf al die verkleinwoordjies neer wat in die gedig voorkom:

(a) Skryf ‘n verkleinwoord neer vir:

klein kameleon:
mini dinosaurus

(a) Is hierdie gedig ‘n liefdesgedig?

Ja of Nee
Motiveer jou antwoord.

(a) Wanneer sê ons iemand is ‘n trapsuutjies?

### 1.4.14 Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| |
| LU 1 |
| **LUISTER**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne ‘n wye verskeidenheid situasies te reageer. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.2 aandagtig luister vir spesifieke inligting en kerngedagtes en gepas reageer: |
| 1.2.2 beantwoord vrae oor inhoud van tekste en gee eie mening; |
| LU 2 |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| **PRAAT**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne ‘n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.1 idees en gevoelens op ‘n ekspressiewe manier, met selfvertroue oordra: |
| • rolspeel in ‘n storie; |
| 2.5 mondelinge aanbiedings op ‘n kreatiewe wyse doen: |
| 2.5.1 let op duidelike spraak; |
| 2.5.2 korrekte pousering; |
| 2.5.3 tempo en volumewisseling; |
| • dramatiseer voorbeelde van ontronding en oorronding deur na streekstaal te verwys, |
| LU 3 |
| **LEES EN BESIGTIG**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.1 ‘n strokiesverhaal lees en die kenmerke herken; |
| 3.2 stillees korrek en met begrip toepas; |
| 3.5 verskillende tekssoorte en die hoofkenmerke daarvan identifiseer en die struktuur van die teks verduidelik. |
| LU 4 |
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ‘n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 4.1 verskeie verbeeldingstekste skryf: |
| 4.1.2 skryf ‘n storie (verhalende opstel); |
| 4.1.2 skryf ‘n samespraak (dialoë). |
| LU 5 |
| **DINK EN REDENEER**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik. |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 5.1 taal vir dink en redeneer gebruik: |
| 5.1.4 ontwikkel en gee uitdrukking aan 'n duidelike eie mening; |
| LU 6 |
| **TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK**Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 6.1 met woorde werk: |
| 6.1.1 raak vertroud met kort en lang klanke en met tweeklanke (diftonge); |
| 6.1.2 verdeel woorde korrek in lettergrepe; |
| 6.1.3 gebruik skryftekens (deelteken, koppelteken, afkappingsteken en kappie) korrek; |
| 6.1.5 gebruik 'n woordeboek om woordeskat en spelvermoë uit te brei; |
| 6.1.6 gebruik samestellings en verkleinwoorde korrek om woordeskat uit te brei; |
| 6.4 bewustheid en gebruik van styl ontwikkel: |
| 6.4.3 gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas; |
| 6.5 kritiese taalbewustheid ontwikkel: |
| 6.5.1 maak kennis met die letterlike en figuurlike gebruik van woorde; 8 |

**Table 1.6**

### 1.4.15 Memorandum

Beantwoord die volgende vrae:

- 'n Verkleurmannetjie
- Verkleurmannetjie

(c) Bont, geskenkpapier
(d) sy eie lyf
(e) 'n Draak
(f) Monster
(g) Ronde oumens-ogies
(h) Ons moet hom liefkry
(i) Baba-likkewaan
(j) lyfie, prentjie, kloutjies, diertjie-bedjie, knoppies, gevreetjie, oumens-ogies, bekkie.

(a) kameleontjie

dinosaurissie

(a) Ja, dit is 'n liefdesgedig.

Die verteller in die gedig vertel die verkleurmannetjie hoe pragtig hy is en hoe mense wat hom optel, hom vir altyd liefkry.

In die eerste twee versreëls spreek die verteller vir die verkleurmannetjie aan as "My klein kameleon, my mini-dinosaurus dier"

(a) Wanneer 'n persoon stadig beweeg, m.a.w. 'n baie stadige mens.

# 1.5 Skryftekens en spelling[5]

## 1.5.1 AFRIKAANS HUISTAAL

## 1.5.2 Graad 7

## 1.5.3 Module 5

## 1.5.4 SKRYFTEKENS EN SPELLING

## 1.5.5 Opdrag 1:

## 1.5.6 Om die skryftekens korrek te gebruik

## 1.5.7 [LU 6.1.3]

Die afkappingsteken

(a) Besin (in groepe) waarom **ego's** en **skadu's**, sowel as die onderstaande woorde, met afkappingstekens geskryf word.

kano's ; hoera's ; Van Breda'tjie ; rabbi'tjie
Die oplossing is:

(a) Verklaar ook waarom woorde soos **oumas, oupas, sofas** en **malvas** nie met 'n afkappingsteken geskryf word nie.
(b) Die meervouds- en verkleiningsvorme van **EIENAME** (vanne) wat op 'n onuitgesproke **e** en **s** eindig, kry 'n afkappingsteken.

-**e** byvoorbeeld Terblanche'e, Terblanche'ie
-**s** byvoorbeeld Marais's, Marais'tjie
Hierdie reël geld wanneer die -**e**, en -**s** nie in die enkelvoud uitgespreek word nie.

(a) Die meervouds- en verkleiningsvorme van **LETTERS** kry ook 'n afkappingsteken:

| | | |
|---|---|---|
| a | a's | a'tjie |
| k | | |
| n | | |
| t | | |

**Table 1.7**

## 1.5.8 Opdrag 2:

## 1.5.9 Om skryftekens korrek te gebruik en vertroud te raak met kort- en langklanke

## 1.5.10 [LU 6.1.1]

Die deelteken en lettergrepe

(a) Verdeel die woord vroeë, in lettergrepe.

[5]This content is available online at <http://cnx.org/content/m23606/1.1/>.

(a) Wat is dus die **funksie** van 'n deelteken?

(a) Skryf nog vier woorde met deeltekens neer en verdeel hulle langsaan in lettergrepe.

(a) Wanneer **lettergrepe** gebruik word, sal jy sien dat daar twee soorte **lettergrepe** is, nl:

| | | |
|---|---|---|
| OOP LETTERGREPE'n Oop lettergreep eindig op 'n | | GESLOTE LETTERGREPE'n Geslote lettergreep eindig op 'n |

**Table 1.8**

(a) Verdeel die volgende woorde uit die gedig in lettergrepe en skryf langs elke lettergreep of dit oop of geslote is:

geskenkpapier

diertjie – liedjie

hartedief

Wanneer jy 'n woord **skryf**, breek jy die woord soms op ander plekke op as wanneer jy dieselfde woord sê:

Kyk na die volgende voorbeelde:

Ons skryf **sok-kie** en sê **so-(k)kie**

Ons skryf **pot-te** en sê **po-(t)te**

Die **lettergrepe** en **klankgrepe** van 'n woord is dus nie altyd dieselfde nie.

### 1.5.11 Opdrag 3:

### 1.5.12 Om skryftekens korrek te gebruik

### 1.5.13 [LU 6.1.3]

Die koppelteken

Die gebruike van die koppelteken:

na-aap; uie-oes; ru-olie

- **Dus by die opeenhoping van**

- **By saamgestelde titels,**bv. adjunk-minister en

- **By herhalings,**bv. gou-gou en

Ma-hulle; Anwar-hulle; Oom Simon-hulle

- **Dus by samestellings, waarvandie laaste deel vorm**.

- By samestellings met letters of syfers,

bv. A-span en

- Samestelling van rigting en aardrykskundige name,bv. Oos-Kaap; Soweto-Wes

### 1.5.14 Opdrag 4:

### 1.5.15 Om skryftekens korrek te gebruik

### 1.5.16 [LU 6.1.3]

Die Kappie

Die kappie word gebruik om die besondere **klank van 'n klinker** aan te dui.

Byvoorbeeld:

**more** -

**kerel** -

**rue** -

**wereld** -

Voeg nog voorbeelde by deur in **groepsverband** daaroor te besluit.

-
-
-
-
-

### 1.5.17 Assessering

| |
|---|
| LU 6 |
| **TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK**Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 6.1 met woorde werk: |
| 6.1.1 raak vertroud met kort en lang klanke en met tweeklanke (diftonge); |
| 6.1.2 verdeel woorde korrek in lettergrepe; |
| 6.1.3 gebruik skryftekens (deelteken, koppelteken, afkappingsteken en kappie) korrek; |
| 6.1.5 gebruik 'n woordeboek om woordeskat en spelvermoë uit te brei; |
| 6.1.6 gebruik samestellings en verkleinwoorde korrek om woordeskat uit te brei. |

**Table 1.9**

### 1.5.18 Memorandum

Die deelteken en lettergrepe

(a) vroe - e

(b) Die deelteken dui die begin van 'n nuwe lettergreep aan.

- voël vo - el

beëindig be - eindig

moeë moe - e

ruïne ru - ine

- oop lettergrepe eindig op 'n vokaal

geslote lettergrepe eindig op 'n konsonant

(e) ge - skenk - pa - pier
ge - : oop
skenk - : geslote
pa -:oop
pier: geslote
dier - tjie - lie - djie
dier - : geslote
tjie - : oop
lie - : oop
djie : oop
hart - te - dief
hart -:geslote
te -:oop
dief -:geslote
Die koppelteken

- Word gebruik by die opeenhoping van vokale saamgestelde titels:
- hoof-mediese beampte
- direkteur-generaal
- sersant-majoor
- speurder-sersant
- By herhalings:
- fluit-fluit
- kamma-kamma
- plek-plek
- so-so
- toi-toi
- staan-staan

By samestellings waarvan hulle die laaste deel vorm
By samestellings met letters of syfers:

- A-span R100-noot
- B-mol 9 mm-pistool
- V-hals 50c-stuk
- DNS-molekuul 4 × 4-entoesias
- U-vormig 1994-verkiesing

Opdrag 4:
Om skryftekens korrek te gebruik

- Die kappie
- môre
- kêrel
- rûe
- wêreld

sê, hê, wîe, bêre, nêrens, affêre, aikôna, gô, sôe, brûe.

# Chapter 2

# Kwartaal 2

## 2.1 Tyl Uilspieel[1]

### 2.1.1 AFRIKAANS HUISTAAL

### 2.1.2 Graad 7

### 2.1.3 Module 6

### 2.1.4 TYL UILSPIEËL

Uilspiel neem die dorp op horings

Op ‘n dag sê Tyl vir sy ma: “Ek gaan op ‘n tou loop soos hulle in die sirkus doen.”Wat makeer jou?” vra sy ma, verskrik .“Jy sal afval en jou nek breek.”

“Nee Ma, ek oefen lank reeds in die geheim op ons solder om op ‘n tou te loop. As ek dan ook boonop soos ‘n hanswors aantrek, en grappies maak, sal ek twee keer soveel geld maak.”

“En as jy afval?” vra sy ma benoud.

“Toemaar Ma, ek sal nie val nie, vir die veiligheid sal ons ‘n matras onder sit. Ek het reeds vir my maats belowe om môre vir hulle ‘n vertoning te lewer. Ek gaan ‘n tou bokant ons venster vasmaak, en dan weer oorkant die straat aan die bure se huis.”

“Ag Tyl, waarom is jy tog so stout?” sug sy ma, Maar hy steur hom nie aan haar nie. Hy het die tou gespan en daarop geklim.

As hy maar geweet het van die plan wat die bure in die mou gevoer het, het Tyl dit sekerlik nooit gewaag nie. Omdat hulle vir hom kwaad was oor die poets wat hy hulle vroeër gebak het, het hulle ‘n plan beraam om hom in eie munt terug te betaal.

Net toe Tyl op die tou op sy een been gaan staan en sy arms uitsteek om sy balans te behou, sny die bure se kinders skielik die tou af en daar tuimel hy neer. Gelukkig het hy op die matras geval, maar vir dae lank kon hy skaars sit of loop. Terwyl hy daar op die matras op sy rug lê, het hulle hom lekker uitgelag en gespot. Uilspieël het gemaak of hy hulle nie hoor nie, maar in die stilligheid het hy gedink: “Toemaar, ek sal julle terugkry.”

‘n Paar dae later kondig hy aan dat hy op die mark ‘n tweede vertoning gaan gee. Die dorp se mense is almal daar om die pret te aanskou. Uilspieël se vriende kom almal hand gee en sê met ‘n spotlaggie: “Ons hoop dat dit hierdie keer beter met jou sal gaan.”

“O, julle gaan verstom staan oor al die wonderlike toertjies wat ek vandag gaan uithaal,” belowe die voornemende koorddanser. “Maar voor ek begin, moet julle my help. As die toeskouers elkeen hul linkerskoene uittrek en vir my aangee, sal ek vandag sorg vir heerlike pret.”

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m23611/1.1/>.

Ewe onnosel voldoen die mense aan sy versoek en kort voor lank het Tyl ‘n hele klomp skoene bymekaar. Hy ryg hulle almal met ‘n tou aanmekaar en klim bo-op een van die hoë pale waaraan die tou vasgemaak is. Hy gaan sit op die paal en waai vrolik vir die mense.

“Toe nou,” skree die toeskouers ongeduldig. “Begin nou met jou grappies. Hoekom het ons dan ons skoene vir jou gegee?”

“O, ek wil hulle eers sit en bekyk,” skreeu Uilspieël bo van die paal af. “Hier is ou Ryk Soul se flentertoiings wat al seker honderd maal versool en gelap is. Dit is ‘n skande vir so ‘n ryk man. Hierdie blinkleer stewel behoort seker aan Fanie Fyntrap. Ek wonder of hy al ooit daarvoor betaal het.”

Een vir een bekyk hy die skoene soos ‘n bobbejaan. Die toeskouers word al kwater vir hom. Elkeen is doodbenoud dat sy skoen aan die beurt sal kom. “Ons was gekke om ons skoene vir die mannetjie te gee”, dink hulle.

Maar Tyl geniet homself gate uit. “Aan wie sou hierdie skeefgetrapte, slordige ou stewel behoort?” skreeu hy. “Tog nie aan Meester nie? Wat moet die skoolkinders van hom dink? En hierdie skoentjie met die fyn spitsneusie? Hoe sou Ellie Platvoet ooit haar breë platannas daarin kry?”

“Gee terug ons skoene!” skreeu die toeskouers woedend.

“Dê, vat julle toiings!” sê Uilspieël meteens, en hy laat die skoene soos reën op die mense val.

Almal koes en elkeen probeer weer om sy eie skoen in die hande te kry. Dit tel op en pas aan vir ‘n vale. Een ruk ‘n skoen uit die ander se hande. Hulle skel en raas en slaan onder mekaar dat die stof so staan. Die hele markplein is in rep en roer.

Maar wat doen Uilspieël? Hy sit daar bo-op die paal en hou sy maag vas soos hy lag. “‘n Mooier konsert sou ek nooit kon gee nie!” skreeu hy. “Julle behoort my te betaal. Ek het lanklaas soveel pret gehad.”

Eers nadat almal terug is na hul huise, het Uilspieël vinnig van die paal afgeklim en die hasepad gekies na sy eie huis voordat die ander seuns hom in die hande kon kry.

Deur iets van die skoen te sê, het Uilspieël eintlik iets van die persoon gesê aan wie die skoen behoort. Stem julle saam dat ons haarstyle en kleredrag dinge van onsself verklap?

### 2.1.5 Opdrag 1:

### 2.1.6 Om op ‘n oorspronklike wyse ‘n mondelinge beskrywing van ‘n skoen te gee

### 2.1.7 [LU 2.1]

Elke leerder bring ‘n ouerige skoen met “karakter” van die huis af waardeur ‘n tou geryg kan word.

Sorg dat daar ‘n tou in die klas is wat lank genoeg is waaraan al die skoene vasgemaak kan word.

Sit ‘n stoel op die leerkrag se tafel. Elkeen in die klas kry ‘n beurt om op die stoel te sit en iets oor een van die skoene te sê.

Die klas ken ‘n eerste, tweede en derde prys aan die leerders wat die oorspronklikste beskrywing van ‘n skoen gegee het.

Skryf die name van die drie wenners neer, en die aantal stemme wat elkeen gekry het.

### 2.1.8 Opdrag 2:

### 2.1.9 Om kreatief te dink en te redeneer

### 2.1.10 [LU 4.1, 5.1.3]

Alles oor skoene




**Figure 2.1**

(a) Daar is ses voorwerpe in die prent. Skryf die naam van elkeen neer.
(b) Watter een pas nie?

Hoekom nie?



**Figure 2.2**

(a) In hierdie prent is daar elf pare voetbedekkings. Skryf die naam van elkeen neer.

Kies een van die pare skoene en beskryf die uitrusting wat jy daarby sal dra.

### 2.1.11 Opdrag 3:

### 2.1.12 Om deur kleurvolle taalgebruik 'n bewustheid van styl aan te kweek

### 2.1.13 [LU 6.4.3]

Kleurvolle taalgebruik

Om kleur te verleen aan die taal wat ons praat, gebruik 'n mens idiomatiese uitdrukkings of interessante segswyses, anders klink dit alte vervelig.

Die leesstuk is deurspek met sulke uitdrukkings en segswyses. Hier volg 'n klompie wat julle moet verklaar deur 'n sin te maak waarin elke idiomatiese uitdrukking voorkom: Gebruik 'n verklarende woordeboek.

1. Die hasepad kies

1. In rep en roer

1. Vir die vale

1. Doodbenoud

1. In die mou voer

1. Iemand 'n poets bak

1. Dat die stof so staan

1. Jouself gate uit geniet

### 2.1.14 Opdrag 4:

### 2.1.15 Om sinonieme en antonieme te gebruik en te verstaan

### 2.1.16 [LU 6.4.3, 6.1.9]

Sin en Sinoniem

Wat beteken die volgende woorde?

- Toiings
- Platanna
- Versool
- Koorddanser
- Neertuimel
- Solder

Skryf sinonieme neer vir die volgende:

- Hanswors
- Uitvoering
- Poets
- Tuimel
- Verstom staan
- Toeskouer
- Handgee

### 2.1.17 Opdrag 5:

### 2.1.18 Om woordeboeke te raadpleeg en idiomatiese uitdrukkings daaruit te verkry

### 2.1.19 [LU 6.4.3]

Woorde en woordeboeke

Lees die inskrywing in die verklarende woordeboek oor **skoen, -e** en skryf tien idiomatiese uitdrukkings neer waarin die woord **skoen (e)** voorkom.

### 2.1.20 Opdrag 6:

### 2.1.21 Om met verbeelding ‘n teks te skryf nadat daaroor gesels is

### 2.1.22 [LU 4.1, 2.1]

Wie was Tyl Uilspieël?



**Figure 2.3**



**Figure 2.4**

Tyl Uilspieël is een van die bekendste en kleurrykste karakters in die wêreldletterkunde. Reeds in die 1500's is daar verhale oor hom geskryf.

Daar het tientalle boeke oor hom verskyn. Daar is rolprente oor hom gemaak, asook skilderye en tekeninge.

Tyl Uilspieël is in Duitsland gebore. Sy ouers was arm boeremense. Hy was ‘n stouterd en altyd vol malkopstreke. Mense was bang vir hom omdat hy hulle gedurig poetse gebak het, soos ons in die teks gesien het.

(a) Beplan in groepe van drie ‘n paar poetse wat julle iemand kan bak: eerstens ‘n maat, dan Jufrou of Meneer en laastens ‘n familielid (Ma, Pa, broer of suster).

Nadat julle klaar beplan het, word elke poets eers **skriftelik** uiteengesit en dan **voorgedra**. Elkeen in die groep dra een van die poetse voor.

1. Skriftelik verduidelik.
2. Daarna word die poets aan die klas voorgedra. Elkeen in die groep dra een van die poetse voor.

### 2.1.23 Assessering

| |
|---|
| LU 2 |
| **PRAAT**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.1 idees en gevoelens op 'n ekspressiewe manier, met selfvertroue oordra: |
| • rolspeel in 'n storie; |
| 2.5 mondelinge aanbiedings op 'n kreatiewe wyse doen: |
| 2.5.1 let op duidelike spraak; |
| 2.5.2 korrekte pousering; |
| 2.5.3 tempo en volumewisseling; |
| • dramatiseer voorbeelde van ontronding en oorronding deur na streekstaal te verwys, |
| LU 3 |
| **LEES EN BESIGTIG**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.1 'n strokiesverhaal lees en die kenmerke herken; |
| 3.2 stillees korrek en met begrip toepas; |
| 3.5 verskillende tekssoorte en die hoofkenmerke daarvan identifiseer en die struktuur van die teks verduidelik. |
| LU 4 |
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 4.1 verskeie verbeeldingstekste skryf: |
| 4.1.2 skryf 'n storie (verhalende opstel); |
| 4.1.2 skryf 'n samespraak (dialoë). |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| LU 5 |
| **DINK EN REDENEER**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 5.1 taal vir dink en redeneer gebruik: |
| 5.1.3 twee moontlikhede oorweeg en besluit watter een die beste keuse is;5.1.1 betekenis aflei en die skrywer se bedoeling verduidelik deur geskrewe, visuele en mondelinge tekste te interpreteer; |
| LU 6 |
| **TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK**Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 6.1 met woorde werk: |
| 6.1.1 raak vertroud met kort en lang klanke en met tweeklanke (diftonge); |
| 6.1.2 verdeel woorde korrek in lettergrepe; |
| 6.1.3 gebruik skryftekens (deelteken, koppelteken, afkappingsteken en kappie) korrek; |
| 6.1.5 gebruik ‘n woordeboek om woordeskat en spelvermoë uit te brei; |
| 6.1.9 algemene sinonieme, antonieme verstaan en gebruik; |
| 6.4 bewustheid en gebruik van styl ontwikkel: |
| 6.4.3 gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas; |
| 6.5 kritiese taalbewustheid ontwikkel: |
| 6.5.1 maak kennis met die letterlike en figuurlike gebruik van woorde; 8 |

**Table 2.1**

### 2.1.24 Memorandum

Bespreek die betekenis van die verhaal (op horings neem: raas en tekere gaan) met die leerders. Vra wie van hulle al van Tyl Uilspieël gehoor het, en of hulle al van sy stories gelees het.

Lees die verhaal voor met die nodige gevoel. Onthou, dit is ‘n **humoristiese** verhaal. Gesels eers met die leerders oor die betekenis van die woord en wat humor alles behels. Die verhaal leen hom tot heerlike dramatisering.

opdrag 1

Beplan hierdie opdrag vooruit. Dit behoort ‘n volle lesuur in beslag te neem. Elke leerder word geassesseer op grond van sy/haar vindingryke beskrywing en dramatiese vermoë. Elke leerder moet binne ‘n minuut (afhangend van die lengte van die lesuur) klaar wees.

Opdrag 2

(a) Antwoorde: skoendoos, skoenlepel, skoenpolitoer, skoenborsel, skoenveter, skoenlapper. Laasgenoemde pas nie, want dit is ‘n insek. Vra nog sulke voorbeelde van die leerders: handskoen, perdeskoen, ens.
(b) Reënskoene, pantoffels, swemvinne (die woordeboek gebruik ook swempoot), platformskoene, skoolskoene of deftige skoene (kerkskoene), drafskoene of atletiekskoene, plakkies of sloffies, damestewels, dameskoene of hoëhakskoene, kinder- of babaskoene, manstewels.

Opdrag 3

- Weghardloop
- Verwarring, in opskudding
- Uit alle mag
- Beangs
- ‘n Geheime plan hê
- ‘n Grap (onaangenaam)
- Vinnig hardloop
- Baie geniet

Opdrag 4

Hierdie woorde kom almal in die verklarende woordeboek voor. Laat die leerders dit naslaan.

Toiings – flenters

Platanna – padda

Versool – van nuwe sole voorsien

Koorddanser – iemand wat op ’n styfgespande draad of tou loop, dans of toertjies uitvoer

Neertuimel – neerval

Solder – ‘n dakkamer

Hanswors – nar

Uitvoering – konsert

Opdrag 5

Die ideaal is dat elke leerder ‘n woordeboek moet hanteer. Die inskrywing oor **skoene** word egter afgebeeld in die module. Die antwoorde is in die inskrywing te vind.

Die woordeboek is ‘n wonderlike bron om enige les mee aan te vul. Dit kan ook sorg vir baie pret in die klaskamer.

Die leerder moet leer hoe om ‘n woordeboek te lees, reeds vanaf graad 4. Voor in elke woordeboek is daar ‘n gids vir die gebruiker. Die opvoeder moet seker maak dat hy/sy vertroud is daarmee **voordat** ‘n woordeboek deel van die lesaanbieding uitmaak.

Nadat die leerder die tien idiome neergeskryf het, kan hulle **getoets** word deur vyf idiome wat die opvoeder gekies het, se betekenis neer te skryf, of, as die betekenis gelees word, kan hulle die relevante idioom neerskryf.

Opdrag 6

Verduidelik aan die leerders dat dit **vriendelike** poetse moet wees en nie **nare** poetse nie. Laat hulle eers die woord in ‘n verklarende woordeboek naslaan. Die leerders besluit in groepe op **vindingryke** poetse. Elke leerder in die groep vertel aan die klas een van die poetse wat hulle groep uitgedink het.

Indien nodig, kan elke leerder homself, en ook die groep, amuseer.

## 2.2 Antjie Somers[2]

### 2.2.1 AFRKAANS HUISTAAL

### 2.2.2 Graad 7

### 2.2.3 Module 7

### 2.2.4 ANTJIE SOMERS



**Figure 2.5**

### 2.2.5

Die verhaal van andries somers

Andries Somers was 'n visserman duisend. Hy kon alles beter doen as die ander vissermanne. Hy was 'n dapper man en uitstekende swemmer wat dikwels mense uit die see gered het wat besig was om te verdrink terwyl sy makkers staan en toekyk.

Dit was dus nie vreemd dat die ander vissermanne jaloers op hom was nie. Eendag op die strand pak 'n klomp vissers hom, maar gou moes hulle laat spaander voor Andries Somers se vuiste. Maar een het stil bly lê op die sand. Hy het met sy kop teen 'n klip geval.

Andries het besef dat hy moes vlug uit vrees dat die mense hom sou ophang omdat hy iemand doodgemaak het. Om homself te vermom, het hy by sy suster 'n lang rok met breë strepe geleen, 'n rooi kopdoek om sy kop gebind, en met 'n mandjie oor sy arm die binneland in gevlug.

Dae lank het hy geloop totdat hy op 'n plaas as arbeider werk gekry het. Weer het hy homself bewys as 'n werker sonder gelyke. Van die oggend tot die aand het hy sonder ophou gewerk. Kort voor lank het hy die voorman van die ander werkers geword.

Soos 'n mens kon verwag, was die ander mense afgunstig op Andries Somers se opgang. Dit was nie lank nie of hulle het kliphard onder mekaar geskinder. "Vertel ons van die rok wat jy in jou huis wegsteek, Andries", het een van die mans gesê. "En die rooi kopdoek, Andries Somers? Of is jou naam eintlik Antjie? "Antjie Somers. Antjie Somers!" het hulle gekoggel.

Dae lank het dit aangehou, maar Andries het gemaak of hy niks hoor nie. Hy was bang dat dit weer op 'n bakleiery sou uitloop as hy iets sou sê. Maar na 'n week kon hy die geterg nie langer verduur nie. Daardie nag toe almal reeds slaap, het hy sy goed gepak en gemaak dat hy daar wegkom.

Andries Somers het soos 'n groot speld verdwyn. Niemand het ooit weer van hom gehoor nie.

Maar die kinders wat teen skemertyd in die klowe gaan hout soek het, het al meer vertel van 'n ou vrou wat hulle verwilder. Volgens die kinders het sy 'n lang rok met strepe en 'n rooi kopdoek gedra. Sy het 'n lang mes, 'n mandjie en 'n groot sak by haar gehad.

[2] This content is available online at <http://cnx.org/content/m31924/1.1/>.

"Sy wil ons vang en in die sak gooi!" het hulle huilend gesê.

Die grootmense het onderlangs na mekaar gekyk en gesê: "Dit is sekerlik Antjie Somers".

Met die tyd het die mense vergeet van Andries Somers, die visserman en arbeider wat so fluks en hardwerkend was. Maar die storie wat niemand na al die jare vergeet het nie, was: "Antjie Somers! Antjie Somers! Antjie Somers gaan jou vang!"



**Figure 2.6**

### 2.2.6 Opdrag 1:

### 2.2.7 Om sinonieme en antonieme te verstaan en te gebruik

### 2.2.8 [LU 6.1.9]

Sinonieme en Antonieme

(a) **Sinonieme** is woorde wat **dieselfde betekenis** het. Skryf die volgende woorde by die korrekte sinoniem neer.

aanhoudend, fluks, weghardloop, afgunstig, arbeider

Werker
Sonder ophou
Hardwerkend
Laat spaander
Jaloers

(a) Antonieme is woorde wat die teenoorgestelde betekenis het. Skryf die volgende woorde by die korrekte antoniem neer.

lui, onthou, kinders, laggende, dapper.

1. Lafhartig
2. Hardwerkend
3. Vergeet
4. Grootmense
5. Huilend

### 2.2.9 Opdrag 2:

### 2.2.10 Om bangmaakstories te versamel en aan die klas oor te vertel

### 2.2.11 [LU 1.2.1, 2.1]

Bangmaakstories

(a) Die verhaal van Antjie Somers is ‘n lekker bangmaakstorie. Dit is nie dieselfde as ‘n spookstorie nie.

Julle opdrag is om nog bangmaakstories te gaan soek. Vra vir Ma en Pa om te help. Met watter bangmaakstories het hulle grootgeword? Hier volg ‘n paar voorbeelde:

- Die Tokkelos (‘n Xhosa verhaal)
- Die Elwekoning
- Daar is ook bangmaakgedigte. Hier volg ‘n paar:

*Amakeia* : A. G. Visser
*Maballêl* : Eugene Marais
*Makoemazaan die waterman*: A.G. Visser
Kom vertel julle bangmaakstories aan die klas.
Die volgende bangmaakgedig is ‘n verwerking van A G Visser se bekende *Ruiter van Skimmelperdpan*.



**Figure 2.7**

Ruiter in die Nag
In die oorlog het daar ‘n berede soldaat,
In ‘n veldslag skielik die lewe gelaat

Toe ‘n bom wat langs hom ontplof,
Sy kop afruk en laat rol in die stof.
Met neusgate wyd het die perd deur ‘n kloof
Gejaag met die man sonder hoof.
Die grusame vrag het bly sit in die saal,
Maar die einde van die pad sou hulle nooit haal.
By ‘n huisie verby waar ‘n vrou staan en kyk.
Sy gil en word bleek soos ‘n lyk,
Want in die afkop-ding herken sy haar Jan!
In die skemer verdwyn die perd en man.
Wee die vreemd’ling wat snags daar skuiling kom soek,
Want die verhaal staan geskryf in geen boek:
Van die huisie wat bouvallig nog staan
In die silwere lig van die maan.
En saam met die wind wat tier deur die kloof,
‘n Perd wat verskyn met ‘n man sonder hoof.
Dis alles te veel vir die menslike oog,
Want die bloed uit sy nek spuit ‘n boog!
En dan uit die vervalle gebou
Verskyn daar meteens ‘n waansinnige vrou.
Met hare orent en vingers wat krul,
Begin die skrikbeeld histeries te gil:
“Hoekom rus jy nie Jannie de Beer?
Waarom kom jy weer en weer?
Elke nag jaag jy my op,
Met jou ewige galop …….….. galop?”
Bly weg van die bouval daar diep in die kloof
Waar ‘n wit perd met man sonder hoof,
En ‘n vrou se waansinnige lag,
Na al die jare op mense steeds wag.

### 2.2.12 Opdrag 3:

### 2.2.13 Om die gedig op gevoelvolle en dramatiese wyse voor te dra ter wille van al die akteurs en aktrises in die klas

### 2.2.14 [LU 2.1]

Ter wille van al die akteurs en aktrises in die klas

(a) Kies een **strofe** uit die gedig.

Memoriseer die strofe.

Dra die strofe voor aan die klas. Maak gebruik van oordrewe dramatisering waar nodig.

Onthou, hierdie gedig is veronderstel om ‘n mens koue rillings te gee, want dit is ‘n bangmaakstorie. Maak dus gebruik van gepaste stemtoon (fluister, gil, lag, histerie, ens.)

(a) Wie wen die Oscar vir die beste toneelspel?

### 2.2.15 Opdrag 4:

### 2.2.16 Om te dink en te redeneer oor die betekenis van woorde en uitdrukkings

### 2.2.17 [LU 5.1.1, 6.4.3]

In, om en uit die gedig

- Wat beteken die volgende woorde?

Skrikwekkend
Waansinnig
Afgryslik
Weersin
Grusaam

- Wat beteken die volgende uitdrukkings?

1. Die wind wat tier deur die kloof

1. Te veel vir die menslike oog

1. "Hoekom rus jy nie Jannie de Beer?"

1. Berede soldaat

1. "Elke nag jaag jy my op."

### 2.2.18 Opdrag 5:

### 2.2.19 Om inligting te uit die gedig te verkry wat laat blyk dat die gedig verstaan word

### 2.2.20 [LU 3.2]

- Vrae

1. Die perd was wit. Hoekom nie swart of bruin nie?

1. Wat is in die kloof?

1. Hoekom sê die digter die man se naam is Jannie de Beer en nie byvoorbeeld Kosie van der Merwe nie

1. Is die gedig geskryf in omarmde rym (a, b, b, a), gepaarde rym (a, a, b, b) of gekruiste rym (a, b, a, b)?

Wie is die hoofkarakter in die gedig?

- Die afkopman

- Die perd
- Die waansinnige vrou
- Die niksvermoedende reisiger
- Watter van die karakters is lewend en watter is spoke?

1. Watter verhaal staan in geen boek geskryf nie?

1. Wat is ‘n veldslag?

1. Hoekom sou hulle die einde van die pad nooit haal nie?

1. Waaraan, dink jy, het die vrou haar man herken?

### 2.2.21 Opdrag 6:

### 2.2.22 Om die ooreenkomste tussen twee gedigte te identifiseer

### 2.2.23 [LU 3.1]

*Ruiter in die nag* is ‘n verwerking van A.G. Visser se *Ruiter van Skimmelperdpan*. Hieronder word *Windy Nights* van R.L. Stevenson afgedruk. Lees dit aandagtig deur en reageer op die volgende vrae:

1. Is daar ooreenkomste tussen die twee gedigte? *Ja* of *Nee*

1. Indien wel, noem hulle.

Windy Nights
Whenever the moon and stars are set,
Whenever the wind is high,
All night long in the dark and wet,
A man goes riding by.
Late in the night when the fires are out,
Why does he gallop and gallop about?
Whenever the trees are crying aloud,
And ships are tossed at sea,
By, on the highway, low and loud,
By at the gallop goes he.
By at the gallop he goes, and then
By he comes back at the gallop again.
Robert Louis Stevenson

### 2.2.24 Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| |
| LU 1 |
| **LUISTER**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.2 aandagtig luister vir spesifieke inligting en kerngedagtes en gepas reageer: |
| 1.2.2 beantwoord vrae oor inhoud van tekste en gee eie mening; |
| LU 2 |
| **PRAAT**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.1 idees en gevoelens op 'n ekspressiewe manier, met selfvertroue oordra: |
| • rolspeel in 'n storie; |
| 2.5 mondelinge aanbiedings op 'n kreatiewe wyse doen: |
| 2.5.1 let op duidelike spraak; |
| 2.5.2 korrekte pousering; |
| 2.5.3 tempo en volumewisseling; |
| • dramatiseer voorbeelde van ontronding en oorronding deur na streekstaal te verwys, |
| LU 3 |
| **LEES EN BESIGTIG**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.1 ‘n strokiesverhaal lees en die kenmerke herken; |
| 3.2 stillees korrek en met begrip toepas; |
| 3.5 verskillende tekssoorte en die hoofkenmerke daarvan identifiseer en die struktuur van die teks verduidelik. |
| LU 4 |
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ‘n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 4.1 verskeie verbeeldingstekste skryf: |
| 4.1.2 skryf ‘n storie (verhalende opstel); |
| 4.1.2 skryf ‘n samespraak (dialoë). |
| LU 5 |
| **DINK EN REDENEER**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 5.1 taal vir dink en redeneer gebruik: |
| 5.1.3 twee moontlikhede oorweeg en besluit watter een die beste keuse is;5.1.1 betekenis aflei en die skrywer se bedoeling verduidelik deur geskrewe, visuele en mondelinge tekste te interpreteer; |
| LU 6 |
| **TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK**Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 6.1 met woorde werk: |
| 6.1.1 raak vertroud met kort en lang klanke en met tweeklanke (diftonge); |
| 6.1.2 verdeel woorde korrek in lettergrepe; |
| 6.1.3 gebruik skryftekens (deelteken, koppelteken, afkappingsteken en kappie) korrek; |
| 6.1.5 gebruik ‘n woordeboek om woordeskat en spelvermoë uit te brei; |
| 6.1.9 algemene sinonieme, antonieme verstaan en gebruik; |
| 6.4 bewustheid en gebruik van styl ontwikkel: |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| 6.4.3 gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas; |
| 6.5 kritiese taalbewustheid ontwikkel: |
| 6.5.1 maak kennis met die letterlike en figuurlike gebruik van woorde; 8 |

**Table 2.2**

### 2.2.25 Memorandum

Opdrag 1

Gesels eers met die leerders oor die begrippe. Lees dan die leesstuk. Verduidelik vooraf wie Antjie Somers was.

Antwoorde:

- Werker – arbeider
- Sonder ophou – aanhoudend
- Hardwerkend – fluks
- Laat spaander – weghardloop
- Jaloers – afgunstig
-

- Lafhartig – dapper
- Hardwerkend – lui
- Vergeet – onthou
- Grootmense – kinders
- Huilend – laggende

- Die leerders moet hierdie woorde ook in die leesstuk onderstreep.

Opdrag 2

Die leerders kry vroegtydig hierdie opdrag. Hulle moet hul storie kom vertel of voorlees in die klas. So ook die gedigte.

Opdrag 3

Verdeel die klas in groepe van agt. Elke leerder kry een strofe van die gedig om te memoriseer. Elke groep tree aan voor die klas en dra die gedig voor.

Byklanke kan gebruik word, bv. die perdehoewe, geluide van nagdiere, die wind wat tier deur die kloof, bomme wat ontplof, geweerskote, ens.

Voorsiening vir voorbereiding moet gemaak word.

Die gedig kan ook deur ‘n spreekkoor voorgedra word.

Opdrag 4

(a) Die leerders **moet** hierdie woorde in ‘n woordeboek naslaan.
(b)

1. ‘n Wind wat verskriklik waai

- Te erg om te aanskou
- “Hoekom bly jy nie in jou graf nie?”
- ‘n Soldaat te perd
- Jy maak my elke nag wakker

Opdrag 5

1. ‘n Wit perd is meer sigbaar in die maanlig. Dit is ook spookagtig

- ‘n Bouvallige huisie
- **Beer** rym met **weer**
- Gepaarde rym
- Die titel van die gedig verskaf die antwoord
- Slegs die reisiger is lewend
- Sien vierde strofe
- ‘n Groot geveg tussen twee vyandelike leërs
- Die perd het nie ‘n ruiter gehad wat hom op koers kon hou nie
- Miskien sy klere of liggaamshouding, of dalk ook die perd

Opdrag 6

Hierdie is ‘n goeie voorbeeld van **intertekstualiteit**, m.a.w. wanneer een skrywer se werk as inspirasie dien vir ‘n ander skrywer om ‘n kunswerk te skep met bv. dieselfde tema. Daar is ooreenkomste **tussen** twee tekste. Dit is nie **noodwendig** plagiaat nie. A.G. Visser het dikwels inspirasie gekry uit ander digters se gedigte.

(a) Ja.
(b) Die maan, die wind, die donker nag, ‘n ruiter te perd, laat in die nag, die vraag word gevra hoekom hy aanhoudend galop te perd.

## 2.3 Dulle Griet[3]

### 2.3.1 AFRIKAANS HUISTAAL

### 2.3.2 Graad 7

### 2.3.3 Module 8

### 2.3.4 DULLE GRIET

A. Pieter Breugel

In dieselfde eeu wat Tyl Uilspieël geleef het, het Pieter Breugel, ‘n Vlaamse (Belgiese) skilder gelewe (1525 – 1569). Hierdie tydperk het ook bekend gestaan as die Donker Middeleeue.

Omdat baie dinge soos verskynsels in die hemelruim, misvormde mense, siektes en epidemies gedurende hierdie donker eeue nie deur mense verklaar kon word nie, het hulle gesê dat dit die werk van duiwels, bose geeste, hekse en towenaars was.

Hekse en towenaars, veral, is gevang en gemartel. Duisende gewone mense wat daarvan verdink is dat hulle kop in een mus was met hierdie magte van die boosheid – in besonder vroue – is gemartel, skuldig bevind, en op die brandstapel verbrand.

Hierdie verskynsels was deel van die alledaagse lewe, en Pieter Breugel het veral hierdie tonele in sy skilderye uitgebeeld.

A. Dulle Griet

In een van Breugel se skilderye word ‘n vrou met die naam Dulle Griet uitgebeeld. Soos Uilspieël ‘n legende in Duitsland was, was Griet ‘n legende in België. Sy het ook bekend gestaan as Swart Griet en Griet Suurpruim. Sy het gedurig met haar man baklei. Sy was ook veglustig en baie suinig. “Dulle” is afgelei van

[3] This content is available online at <http://cnx.org/content/m23620/1.1/>.

dol, rasend en woedend. ‘n “Dulle Griet” is dus ‘n kwaai of bose vrou, driftig en wreed. Sy kan ook gesien word as kranksinnig, gek, boosaardig, of as ‘n wilde, ruwe vrou. Daar is ook ‘n kanon na haar vernoem.

Later het dit ‘n geliefkoosde benaming vir kanonne geword (vgl “Ou Grietjie”). Ook ‘n warrelwind is na haar vernoem.

In die Vlaamse volkstradisie is sy die bose vrou wat kinders, en selfs ook die duiwel, bangmaak. Dulle Griet was gewis nie ‘n aangename vrou nie.

### 2.3.5 Opdrag 1:

### 2.3.6 Om karakters, karikature en karaktereienskappe te beskryf

### 2.3.7 [LU 4.1, 2.1, 5.1.1]

Karakters, karikature en karaktereienskappe.

**Karakters**

- Beskryf jou ouma, ma en suster.
- Ouma
- Ma
- Suster

Om karakters, karikature en karaktereienskappe te beskryf

**of**

- Beskryf jou oupa, pa en broer.
- Oupa
- Pa
- Broer

(a) **Karikature**

Elkeen kry ‘n beurt om aan die klas te vertel van ‘n snaakse, eienaardige, rare vrou wat hulle ken. Hulle mag egter nie aanstoot gee nie en name moet liefs nie genoem word nie.

(a) **Karaktereienskappe**
(b) Wat is nederigheid?

- Wat is vriendelikheid?
- Wat is hulpvaardigheid?
-

- Wat is arrogansie?
- Wat is regverdigheid?
- Wat is agterbaksheid?
- Wat is beterweterigheid?
- Wat is opgewektheid?
- Wat is humorsin?
- Wat is hardwerkendheid?

### 2.3.8 Opdrag 2:

### 2.3.9 Om ‘n karakterskets te skryf

### 2.3.10 [LU 4.1]

(a) Met behulp van al die kennis wat jy opgedoen het in die voorafgaande bladsye, skryf ‘n **karakterskets** van iemand in jou familie, of ‘n vriend, of bloot ‘n denkbeeldige persoon.

### 2.3.11 Assessering

LU 2

**PRAAT**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne ‘n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

*Dit is duidelik wanneer die leerder:*

2.1 idees en gevoelens op ‘n ekspressiewe manier, met selfvertroue oordra:

- rolspeel in ‘n storie;

2.5 mondelinge aanbiedings op ‘n kreatiewe wyse doen:

- 2.5.1 let op duidelike spraak;
- 2.5.2 korrekte pousering;
- 2.5.3 tempo en volumewisseling;

- dramatiseer voorbeelde van ontronding en oorronding deur na streekstaal te verwys,

LU 3

**LEES EN BESIGTIG**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

*Dit is duidelik wanneer die leerder:*

3.1 ‘n strokiesverhaal lees en die kenmerke herken;

3.2 stillees korrek en met begrip toepas;

3.5 verskillende tekssoorte en die hoofkenmerke daarvan identifiseer en die struktuur van die teks verduidelik.

LU 4

**SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

*Dit is duidelik wanneer die leerder:*

4.1 verskeie verbeeldingstekste skryf:

4.1.2 skryf 'n storie (verhalende opstel);

4.1.2 skryf 'n samespraak (dialoë).

LU 5

**DINK EN REDENEER**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

*Dit is duidelik wanneer die leerder:*

5.1 taal vir dink en redeneer gebruik:

5.1.3 twee moontlikhede oorweeg en besluit watter een die beste keuse is;

5.1.1 betekenis aflei en die skrywer se bedoeling verduidelik deur geskrewe, visuele en mondelinge tekste te interpreteer;

### 2.3.12 Memorandum

Opdrag 1

(a) 'n **Karakter** is 'n persoon met **goeie** karaktereienskappe (iemand met inbors,).
(b) **Karikatuur** is 'n spotfiguur (iemand wat snaaks is).
(c) Karaktereienskappe is **kenmerke** van 'n persoon, sy eienaardighede, **hoe** 'n soort mens hy is.

Byvoorbeeld:

eerlik, opreg, geduldig, streng, opvlieënd, ens.

1. Iemand wat nie arrogant of windmakerig is nie.
2. Iemand wat altyd opgewek en meelewend teenoor ander is.
3. 
4. Iemand wat graag ander mense help.
5. Iemand wat baie dink van homself.
6. Iemand wat sorg dat reg geskied.
7. Iemand wat dinge agter mense se rûe sê en doen.
8. Iemand wat altyd van beter weet.
9. Iemand wat altyd vrolik en vriendelik is.
10. 'n Persoon met 'n humorsin is altyd bereid om te lag en die snaaksighede van 'n situasie raak te sien en te geniet.
11. Hardwerkendheid beteken om nie lui te wees nie.

Opdrag 2

**eie werk**

# 2.4 Die ruimteman Loeloeraai[4]

## 2.4.1 AFRIKAANS HUISTAAL

## 2.4.2 Graad 7

## 2.4.3 Module 9

## 2.4.4 LOELOERAAI

## 2.4.5 Inleiding

Dit was 'n geskiedkundige dag toe Mark Shuttleworth op 25 April 2002 op 'n reis van 10 dae na die Internasionale Ruimtestasie (IRS) wat 400 km bokant die aarde wentel, vertrek het.

Hy was die eerste Afrikaan om so 'n reis te onderneem. Of was hy ...?

In hierdie module gaan ons 'n reis deur die Afrikaanse letterkunde onderneem om te bepaal wat reeds ten opsigte van wetenskapfiksie geskryf is. Terselfdertyd gaan ons ook probeer vasstel wie inderdaad die eerste Afrikaan was om 'n ruimtereis te onderneem!

## 2.4.6 Wie was Loeloeraai?

C.J. Langenhoven was die eerste skrywer van ruimte-eeuse wetenskapfiksie in Afrikaans. Sy verhaal, *Loeloeraai,* wat in 1923 verskyn het, het die kinders van daardie dae gaande gehad met die gedagte dat 'n besoeker uit die buitenste ruim in 'n ruimteskip op Oudtshoorn kon land.

Dit is die verhaal van Loeloeraai, die man van Venus, wat met 'n ruimteskip by *Arbeidsgenot*, die woning van die Langenhovens, land en 'n tyd lank by Kerneels, Vroutjie en Engela tuisgaan. Hy is vriendelik en flink van begrip en Engela leer hom Afrikaans praat.

Na 'n tydjie hoor die plaaslike landdros van die vreemde besoeker sonder toegangspermit of paspoort, en Loeloeraai besluit om maar eerder die aarde te verlaat. Hy neem egter eers die familie op 'n reis na die maan.

Ons sluit nou by die familie aan waar hulle die ruimtetuig betree . . .

Takhaar-opleiding

Met 'n trapleertjie het ons ingeklim. Binne was 'n ronde vertrek, met 'n vloer en 'n plafon waaragter die bergplek was van toestelle en voorrade. In die rondte om was sofas teen die muur, en in die middel deur die kompartement 'n gordyn sodat die vroumense hulle by slapenstyd kon afsonder.

"Sit, vriende," sê Loeloeraai. "En gespe tog die rieme wat teen die muur hang om julle lyf vas."

Ek en oom Stoffel kyk vir mekaar. Loeloeraai sien die vraag in ons blik. "Dit help nie om nou kleingelowig te word nie," sê hy. "Julle sal die rede vir die spantoue aanstons ontdek."

Toe draai hy die ronde skyf vas, en hy slaan die lig aan.

"Ons sal vensters hê om deur te kyk," sê hy, "so gou as ons onder die lug uit is. Anders slaan hulle aan van die waterdamp. Is julle klaar? Nou!"

En hy druk op 'n knoppie.

Toe Loeloeraai op die knoppie druk, voel ons meteens dat ons opgelig word; en omdat die snelheid aanvanklik gering was en al meer en meer toeneem, het die gevoel van drukking van onder af gebly. Maar ná 'n paar minute, toe die maksimum snelheid behaal was en ons vaart dus eengalig aanhou, was dit dadelik of ons rus onder ons wegraak. Toe ons sien, hang ons almal los in ons spantoue.

"O magtig, Kerneels," sê ou Stoffel, "ons val! Die ding raak onder ons uit. Hy begin te makeer. Ons sweef almal los nes erte in 'n geskudde blaas."

"Nee, Stoffel," sê Loeloeraai, "ons styg nou op ons vinnigste. Maar die swaartekrag is afgesny: al wat binne die sfeer is, is absoluut sonder gewig - anders kon ons nie van die aarde weggekom het nie. Strek uit jou arm, Stoffel. So. Nou voel jy - jy hoef hom nie reguit te hou nie, hy bly self so. Daarom het ek ons in

[4] This content is available online at <http://cnx.org/content/m23622/1.1/>.

die spantoue laat gespe. Hierbinne is ons net soos ontliggaamde geeste. Wil julle sien? Kerneels, maak vir Engela tog los en gee haar 'n effentjiese stootjie."

Toe ons weer sien sweef Engela in die lug, in die middel van die sfeer.

"Nou kan jy jou hou in watter postuur jy wil, Engela - sit of lê of staan of hang, dis alles eners. En voel jy? Daar is geen stuk onder of bo nie."

"Ai, maar dis heerlik!" sê Engela. En sy draai haar na alle koerse toe. "So 'n sagte rusplek is daar op die aarde nergens te kry nie. Ek is soos 'n swewende seepblasie, gewieg in die lug."

Loeloeraai raadpleeg 'n instrument aan die muur. "Ons sfeer is nie meer in die lug nie. Gelukkig het ons lug hierbinne in voorraad. Jy voel nie dat dit bedompig is nie, Kerneels?"

"O nee. Die lug is soos die varse geur as die donderweer oorkom, soos in die vroeë oggend aan die seekus."

"Osone," sê Loeloeraai. "Ons sal dit so hou. Maar in alle geval, ons het die lug daarbuite verlaat - ons is al 'n vierhonderd myl bokant die oppervlakte van die aarde - as ons nog van 'bokant' kan praat. Ek kan nou die luike verwissel vir ruite."

"Gaan jy hulle één vir één oopdraai?" vra ou Stoffel.

"O nee, dan is ons dadelik dood. Die lug wat hier in is sou in 'n oomblik uitstroom. Ek skroef eers die glase in hulle plek, en dan laat ek die luikskywe binne in die muur wegrol."

Toe die eerste venster oop was, kyk ons uit. Daar was niks as die stikste donker nag waarin ons uitsien uit die heldere lig van binne. Ek kon nie help om te ril nie. Die eensame nag en weg van mens en mensewoning, weg van alles wat om en by ons was van ons wieg af, swerwende swewende in die uiterste duisternis.

"Maar waar is die sterre dan, Loeloeraai?"

"Nie in daardie rigting sigbaar nie, Stoffel. Ons is in die nag van die aarde af weg, ons is nog altyd in sy skaduwee. Ons kyk nou vas teen sy donker kant nes julle gewénd is om teen die nuwe maan te kyk. Die maan maak nie die hemel donker nie omdat hy te vér is om 'n merkbare deel daarvan te bedek. Maar onthou, ons is nog sommer hier vlak by die aarde. Hy sluit vir ons na hierdie kant toe alles weg. Ook natuurlik bedek hy die son vir ons. Maar wag, ek sal na die ander kant toe oopmaak."

En toe daardie ruit in was en die skyf rol weg voor die glas, bars ons almal uit van verrukking. So 'n gesig het geen aardbewoner nog ooit gesien nie. Immers van die aarde af sien ons die sterre dof deur die dikke lae van die lug. Ons bou sterrewagte op hoë berge, maar nog is ons soos moddervisse wat deur troebel water opkyk na liggies wat van bo deur hulle medium inskyn.

Toe ons hier uitkyk, was daar een glorieglans van sterre teen mekaar gepak, skitterende met 'n heerlikheid wat byna verblindend was. En hulle had kleure hier - groenes, rooies, bloues, geles en tussenin spierwittes, almal vonkelend van lewe asof dit 'n roerende panorama was.

"En tog," sê Loeloeraai, "julle mense op die aarde is nog hoog bevoorreg. Julle eerste wetenskap, veral julle eerste begrippe van die beginsels van die matesis, het by die waarneming van die sterre begin, duisende jare gelede. Was die sterre altyd vir die menslike oog bedek, watter barbare was julle nie nog vandag nie."

"Is die sterre dan nie van al die planete af sigbaar nie, Loeloeraai?"

"Nie van óns wêreld af nie," sê hy. En toe vertel hy ons een van die seldsame dinge wat hy ooit van Venus vermeld het. "Ons het 'n steiler opdraande pad gehad om te klim as julle, Kerneels. Venus is met ewige wolke bedek. Uit die gedrag van 'n slinger en van hoogvallende voorwerpe het ons sy eie beweging afgelei. Totdat ons sterrewagte gebou het wat bokant die wolke uitsteek. Ook óns beskawing het swaar en stadig gekom, Kerneels."

"Loeloeraai," sê Vroutjie, "wanneer sal ons die aarde weer kan sien? Of hou ons in sy skaduwee aan tot by die maan?"

"A nee, a!" val Engela in. "Ons kan nie so aanhou nie. Ons moet uitdraai en ry langes die skaduweestreep."

Loeloeraai glimlag. "Ons sal om 'n ander rede uitdraai - ons ry nóú skuins om daaruit te kom. Toe ons van die aarde af weg is, was dit laaste kwartier. Ons moet die teenoorgestelde koers vat sodat ons die baan van die maan kry waar hy sal wees as ons daar aankom. Jy weet, Engela, as ons hom agterna moet ry vang ons hom nie, selfs met hierdie snelheid nie. Hy loop om 'n sirkel waarvan die aarde naasteby die senter is en die straal gemiddeld tweehonderd-en-veertigduisend myl, in iets oor die 27 dae. Dus moet sy snelheid 'n klein bietjie meer wees as ons s'n van duisend myl in die uur."

"En hoe lank sal dit ons neem om uit die skaduwee uit te kom?"

"'n Paar uur," sê Loeloeraai. "Die skaduwee het natuurlik die deursnee van die aarde - naby die agtduisend myl. Maar ons was nie in die middel daarvan nie want ons is nie middernag daar weg nie. Ek gee aan die hand dat ons nou 'n stukkie eet en dan 'n bietjie slaap - ek dink julle het dit nodig ná die opwinding. En dan beloof ek julle 'n mooi gesig."

"Hoe laat is dit, Ouman?" vra Vroutjie.

"Half-elf. Maar nou laat jy my dink - ek moenie my plig versuim nie. Ons vriende sal nuuskierig wees wat van ons geword het."

Loeloeraai maak 'n dekseltjie oop in die vloer en hy gee my 'n telefoontoestelletjie aan.

"Hello!" sê ek. "Hello! Is dit 'Die Burger' daar?"

"Ja. Maar ons is besig. Kan jy nie so vriendelik wees om ons môre op te lui nie?"

"Waarmee is julle dan so besig?"

"Waar praat jy vandaan? Van Robbeneiland? Is jy die enigste man wat nie weet van die klompie wat maan toe vertrek het nie? Hier is 'n verslag van twaalf kolomme van Oudtshoorn en daar is nog ses spesiale artikels wat moet klaar kom. Ons gaan môre al die ander koerante uitklop."

"Ek gee dan nie om om te wag tot môre toe nie," sê ek. "Sê solank groetnis vir die staf."

"Nou ja, dankie. Maar wie is dit wat praat en waarvandaan?"

"Langenhoven, uit die interplanetêre ruimte."

"Magtig man - wag, wag, moenie afsluit nie. Natuurlik is dit jy. Ek het nie eens opgelet dat dit die spesiale instrumentjie is wat gelui het nie."

"Nee," sê ek. "Wag jy nou. Wie praat daardie kant? Dit gaan nie na Dawie nie."

"Ek is van Donnerhellings hier," sê hy.

"Aikonna," sê ek. "Ek het genoeg sonde met jou op die aarde gehad. Roep die hoofredakteur en 'n betroubare snelskrywer as daar ooit ergens so 'n ding te kry is."

Uit: C.J. Langenhoven: *Loeloeraai,* Nasionale Pers, 1923.

Cornelis Jacob Langenhoven is op 12 Augustus 1873 naby Ladismith gebore. By sy geboorte is sy moeder oorlede, en is hy deur 'n oom en tante grootgemaak.

As prokureur en Volksraadslid was hy 'n vurige kampvegter vir die regte van Afrikaans. Hy is op 15 Julie 1932 oorlede.

*Loeloeraai* het in 1923 verskyn. Twee jaar later eers, in 1925, is Afrikaans deur die Parlement as amptelike taal erken. Op daardie tydstip was daar nog geen spelreëls vir Afrikaans nie.

Dit is dus te verstane dat Afrikaans in daardie stadium idiomaties heelwat verskil het van die Afrikaans wat ons vandag skryf en praat.

### 2.4.7 Opdrag 1:

### 2.4.8 Om 'n historiese teks in hedendaagse Afrikaans oor te skryf

### 2.4.9 [LU 5.1.1]

Skryf die volgende sinne en sinsnedes uit die leesstuk oor in hedendaagse Afrikaans. Raadpleeg die teks deurentyd sodat elke sinsnede in konteks gelees word.

(a) "Julle sal die rede vir die spantoue aanstons ontdek."

(a) "...en hy slaan die lig aan."

(a) "...so gou as ons onder die lug uit is."

(a) "...of ons rus onder ons wegraak."

(a) “Hy begin te makeer.”

(a) “...nes erte in ’n geskudde blaas.”

(a) dis alles eners

(a) En sy draai na alle koerse toe.

(a) “So ’n sagte rusplek is daar op die aarde nergens te kry nie.”

(a) “Ek is soos ’n swewende seepblasie gewieg in die lug.”

(a) Die lug is soos die varse geur as die donderweer oorkom.

(a) “Daar was niks as die stikste donker nag.”

(a) “nes julle gewénd is.”

(a) “Hy sluit vir ons na hierdie kant toe alles weg.”

(a) Sien ons die sterre dof deur die dikke lae van die lug.

(a) “En hulle had kleure hier . . . almal vonkelend van lewe asof dit ’n roerende panorama was.”

(a) “As ons hom agterna moet ry, vang ons hom nie, selfs nie met hierdie snelheid nie.”

(a) “Dus moet sy snelheid ’n klein bietjie meer wees as ons s’n van duisend myl in die uur.”

(a) naby die agtduisend myl

(a) “Kan jy nie so vriendelik wees om ons môre *op te lui* nie?”

### 2.4.10 Opdrag 2:

### 2.4.11 Om te luister na 'n geskrewe teks en die gevoelswaarde te bepaal

### 2.4.12 [LU 1.1, 5.1.1]

Langenhoven, of te wel Neelsie, is in 'n telefoniese gesprek gewikkel met 'n verslaggewer van *Die Burger*. Luister noukeurig na die gesprek tussen die twee karakters aan die einde van die teksgedeelte.

(a)1. Hoe klink Neelsie tydens die gesprek? Maak 'n regmerkie by elke moontlikheid.

- Opgewonde
- Leedvermakerig
- Saaklik
- Bekommerd
- Kordaat
- Spottend

a) Hoe gedra Van Donnerhellings hom tydens die gesprek?

- Baie belangrik
- Geduldig
- Onbeskof
- Saaklik
- Vriendelik
- Tegemoetkomend

### 2.4.13 Opdrag 3:

### 2.4.14 Om 'n gesprek tussen twee persone te improviser

### 2.4.15 [LU 2.1]

Met behulp van twee telefone, hetsy ou telefone, selfone of twee koeldrankblikkies wat met 'n stuk tou of wol verbind is, dramatiseer die betrokke stuk dialoog. Nog beter, aangesien julle in pare hierdie opdrag voor die tyd gaan oefen, vervaardig julle eie "ruimte"-telefone! (Punte vir die vindingrykste poging!)

Die volgende aspekte moet in gedagte gehou word:

(1) Die oorgawe en entoesiasme waarmee julle die gesprek voer
(2) Karakteruitbeelding
(3) Spontaneïteit
(4) Sinvolle bewegings en handelings
(5) Tydsberekening

### 2.4.16 Opdrag 4:

### 2.4.17 Om 'n verslag te skryf oor 'n ruimtereis

### 2.4.18 [LU 4.1.2]

Skeppende skryfwerk

(a)1. Jy is die sesde persoon aan boord van Loeloeraai se ruimtetuig. Jy is egter onsigbaar - die ander passasiers is nie bewus van jou teenwoordigheid nie. Skryf 'n verslag oor die reis vir jou skoolkoerant wat jy per e-pos aan hulle stuur. Beskou dit as 'n studie in menslike gedrag.

### 2.4.19 Opdrag 5:

### 2.4.20 Om ‘n ervaring op verbeeldingryke wyse te beskryf

### 2.4.21 [LU 4.4.1]

(a) Voltooi die aanhaling uit die teks:

Toe Kerneels vra: "Is die sterre dan nie van al die planete sigbaar nie, Loeloeraai?", antwoord Loeloeraai:

(a) Beskryf die indrukke wat jy ervaar as jy in die donker in die tuin sit, of op jou rug lê, en opkyk na die sterrehemel.

### 2.4.22 Opdrag 6:

### 2.4.23 Om ‘n leesstuk te voltooi deur die ontbrekende woorde in te vul

### 2.4.24 [LU 3.2]

Hierdie is ’n sluitingsoefening. Voltooi die leesstuk deur die woorde aan die einde van die leesstuk op die mees logiese manier in die gapings in te vul.

Toe Loeloeraai op die knoppie druk, voel ons meteens dat ons opgelig word; en omdat die snelheid aanvanklik gering was en al meer en meer toeneem, het die gevoel van drukking van onder af gebly. Maar ná ’n paar minute, toe die maksimum snelheid behaal was en ons vaart dus eengalig aanhou, was dit dadelik of ons rus onder ons wegraak. Toe ons sien, hang ons almal________ in ons_________

"O magtig, Kerneels," sê ou Stoffel, "ons val! Die ding raak onder ons uit. Hy begin te makeer. Ons ___________almal los nes erte in ’n________________.

"Nee, Stoffel," sê Loeloeraai, "ons styg nou op ons vinnigste. Maar die___________ is afgesny: al wat binne die sfeer is, is absoluut sonder _________- anders kon ons nie van die aarde weggekom het nie. Strek uit jou arm, Stoffel. So. Nou voel jy - jy hoef hom nie reguit te hou nie, hy bly self so. Daarom het ek ons in die spantoue laat gespe. Hierbinne is ons net soos _____________ geeste. Wil julle sien? Kerneels, maak vir Engela tog los en gee haar ’n effentjiese stootjie."

Toe ons weer sien _________ Engela in die ________ ,in die middel van die sfeer.

"Nou kan jy jou hou in watter postuur jy wil, Engela - sit of lê of staan of hang, dis alles eners. En voel jy? Daar is geen stuk onder of bo nie."

"Ai, maar dis heerlik!" sê Engela. En sy draai haar na alle koerse toe. "So ’n sagte rusplek is daar op die aarde nergens te kry nie. Ek is soos ’n __________ gewieg in die lug."

swaartekrag, lug, los, ontliggaamde, spantoue, sweef, geskudde blaas, gewig, swewende seepblasie.

Mark Shuttleworth en sy twee mede-ruimtereisigers hetegter ’n honderd jaar later ’n totaal ander ervaring van swaartekrag ervaar.

### 2.4.25 Wat is swaartekrag?

Mikroswaartekrag is ’n term wat algemeen gebruik word om die omgewing of toestande te beskryf wat ontstaan wanneer ’n voorwerp vryval in die swaartekragveld van ’n hemelliggaam soos die aarde. Die woord beteken letterlik **klein** of **verminderde** swaartekrag. Dit is egter misleidend, omdat dit die indruk wek dat swaartekrag grootliks afwesig is, terwyl dit nie die geval is nie. Op ’n hoogte van ongeveer 400 km bo die aardoppervlak waar die internasionale ruimtestasie (IRS) wentel, is die swaartekrag wat ’n voorwerp ondervind steeds ongeveer 90 % van die waarde wat dit op die aardoppervlak het. Vir ’n ruimtevaarder wat saam met die IRS besig is om vry te val, voel dit egter of hy/sy geen swaartekrag ondervind nie en dus "gewigloos" is.

Die IRS en alles en almal daarbinne, bevind hulle in ’n toestand van vryval. Hoewel hulle in ’n wentelbaan beweeg, is hulle besig om voortdurend na die aarde toe te val.

### 2.4.26 Opdrag 7:

### 2.4.27 Om ‘n vreesaanjaende ervaring te beskryf

### 2.4.28 [LU 4.1.1]

(a) Jy en ’n vriend bevind julle in een van die hysbakke van ’n wolkekrabber. Dit is net julle twee in die hysbak. Skielik voel dit asof die hysbak besonder vinnig na benede beweeg. Julle raak paniekbevange. Beskryf die ervaring.

### 2.4.29 Assessering

| Leeruitkomstes(LUs) |
|---|
| |
| LU 1 |
| **LUISTER**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne ‘n wye verskeidenheid situasies te reageer. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.1 luister na ekspressiewe, verbeeldings- en verhalende tekste (soos ballades, liedjies, kortverhale en vertellinge) en dit waardeer. |
| LU 2 |
| **PRAAT**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne ‘n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 2.1 idees en gevoelens op ‘n ekspressiewe manier met selfvertroue en met redelike ondersteuning oordra deur geselekteerde mondelinge tekssoorte te gebruik (soos verhale, grappies, dramas); |
| 2.4 basiese interaksievaardighede toon deur aktief aan groepbesprekings, gesprekke, onderhoude en debatte deel te neem: |
| 2.4.3 gee erkenning aan ander se menings. |
| LU 3 |
| **LEES EN KYK**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 3.1 ‘n verskeidenheid tekssoorte dikwels spontaan vir genot en inligting lees, persoonlike reaksies beskryf en die soort tekste wat hy/sy geniet, bespreek. |
| 3.2 vir verskillende doeleindes hardop en stil lees deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos vluglees, soeklees, stiplees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleiding); |
| LU 4 |
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ‘n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 4.1 verskeie verbeeldingstekste skryf: |
| 4.1.1 gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander; |
| 4.1.2 verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal en die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies. |
| 4.2 verskeie feitelike skriftelike en multimodale tekste (tekste met druk en beelde) vir verskeie doeleindes skep deur, waar gepas, visuele beelde en ontwerpe in ooggetuieverslae, plakkate, advertensies, boekresensies, resepte, en instruksies vir speletjies te gebruik. |
| LU 5 |
| **DINK EN REDENEER**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 5.1 taal gebruik vir dink en redeneer: |
| 5.1.1 lei betekenis af verduidelik die skrywer se bedoeling deur geskrewe, visuele en mondelinge tekste oor die kurrikulum heen te interpreteer. |
| 5.1.2 verduidelik oorsaak en gevolg; |
| 5.1.4 ontwikkel en gee uitdrukking aan ‘n duidelike eie mening; |
| 5.3 inligting verwerk: |
| 5.3.4 besin krities deur idees te deel en te vergelyk. |

**Table 2.3**

## 2.4.30 Memorandum

Aan die opvoeder:

Die opvoeder verduidelik aan die leerders dat die letterkunde uit verskillende *genres* (of te wel verskillende soorte of tipe letterkunde) bestaan, byvoorbeeld poësie, drama, en prosa.

Prosa kan bestaan uit liefdesverhale, speurverhale, avontuurverhale, en ook wetenskapsfiksie (science fiction). Laasgenoemde *genre* het tot dusver besonder min aandag in die Afrikaanse letterkunde geniet.

Die leerders word gedurig aan hierdie *genre* blootgestel in rolprente en op T.V. Dink maar aan *Star Wars*, *Stargate*, ens.

In hierdie module sal ons poog om hulle geïnteresseerd te kry in die wetenskapsfiksie wat reeds in Afrikaans geskryf is. Daarom begin ons in 1923 by *Loeloeraai* van C.J. Langenhoven.

1. Inleiding

Binne die bestek van hierdie module gaan die planete aan die beurt kom, nl. Venus en Mars.

Bespreek die diagram op bl.1 en verduidelik dat die drie planete wat op die diagram geïdentifiseer is, moontlik die planete is waarop daar lewe voorkom, juis a.g.v. hul afstand van die son.

Die ander planete is òf te naby aan die son, òf te ver van die son.

Die leerder kan gevra word om meer inligting oor dié planete te gaan navors om in die klas te bespreek. Vanselfsprekend sal die opvoeder ook voorbereid wees om die nodige vrae te vra om die leerders te lei.

Loeloeraai

- Lees die uittreksel aan die leerders voor.

Maak seker dat die leerders duidelikheid het oor die voorkoms en karakter van Loeloeraai, soos dit uit die leesstuk blyk.

Die volgende vrae kan gevra word:

a) Is Loeloeraai 'n boosaardige of gevaarlike mens? (Laat die leerders hul antwoorde uit die leesstuk motiveer.)
b) Hoe vergelyk sy voorkoms met dié van die aardmense?
c) Hoe vergelyk sy kleredrag met dié van die aardbewoners?
d) Bespreek sy optrede teenoor die aardmense. (Paragraaf 4)
e) Wat probeer hy kommunikeer aan die aardmense in paragraaf 5?

Opdrag 1

Ten einde hierdie opdrag suksesvol uit te voer, word die leesstuk hardop aan die klas voorgelees. Verduidelik eers aan die leerders dat die Afrikaans van 1923 eintlik nog 'n taal in sy kinderskoene was.

a) spantoue – veiligheidsgordels : aanstons – binnekort "

Julle sal die doel van die veiligheidsgordels binnekort uitvind."

a) Hy skakel die lig aan.
b) "Sodra ons die aarde se atmosfeer verlaat het."
c) "... die stoele waarop ons sit, onder ons verdwyn."
d) Daar is fout (met die ruimtetuig).
e) ... soos *ertjies* wat in 'n ronde voorwerp geskud of geskommel word.
f) Alles is dieselfde
g) En sy draai haar in verskillende rigtings.
h) nêrens (Daar is nêrens op aarde so 'n sagte rusplek nie.)
i) Soos 'n seepbel wat deur die lug sweef.
j) Die reuk van vars lug wanneer 'n donderstorm opsteek.
k) Daar was niks behalwe die pikdonker nag.
l) Soos wat julle gewoond is.
m) Die aarde bedek alles in hierdie rigting.
n) Sien ons die sterre vaagweg deur die dik lae van die lug.
o) Hier is die sterre verskillende kleure _ _ _ _ _ _ _ _ almal vonkel lewendig asof dit 'n bewegende toneel is.
p) As ons hom (die maan) agterna moet sit, sal ons hom nooit inhaal nie, selfs nie teen hierdie snelheid nie.
q) Duisend myl per uur
r) Ongeveer agtduisend myl
s) Telefoneer of skakel ons môre.

- Laat die leerders eers self probeer, en bespreek dan elke sin of sinsnede met hulle.

Opdrag 2

Die leerders moet eers die betekenis van elke emosie verstaan. Hulle kan ‘n woordeboek raadpleeg, of die opvoeder kan die betekenis van elke woord verduidelik en op die skryfbord skryf.

Daarna kry twaalf leerders opdrag om **elkeen** die teksgedeelte voor te lees. Elkeen beeld ‘n ander emosie uit. Daar is twaalf moontlikhede.

Die leerders kies ‘n emosie wat volgens hulle die regte een is en merk dit. Maak op die skryfbord ‘n opname van die leerders se keuses om te bepaal watter emosies die oorwegende keuses was.

Opdrag 3

Die leerders kry vooraf opdrag om in pare die teksgedeelte in te studeer en dan in die klas op te voer. Moedig hulle aan om hul eie “ruimtefone” vir die geleentheid te maak.

Opdrag 4 en 5

Hierdie opdragte bied aan die leerders geleentheid om skeppende skryfwerk te lewer.

Opdrag 6

Volgorde van ontbrekende woorde: los, spantoue, sweef, geskudde blaas, swaartekrag, gewig, ontliggaamde, sweef, lug, seepblasie

Opdrag 7

Skryfoefening

## 2.5 Seuns van die wolke[5]

### 2.5.1 AFRIKAANS HUISTAAL

### 2.5.2 Graad 7

### 2.5.3 Module 10

### 2.5.4 SEUNS VAN DIE WOLKE

### 2.5.5 Seuns van die wolke

Hierdie boek het in 1932 verskyn. In die voorwoord vra die skrywer dat ons, die lesers, van ons daaglikse sorge vergeet en saam met hom in ons verbeelding die toekoms invlieg om by die kinders van die toekoms te gaan kuier en te sien hoe hulle die lewe op die aarde geniet. Die verhaal speel in 2034 af!

### 2.5.6 Ou Tafelberg

Om sewe-uur die volgende oggend loop die elektriese wekker met ’n geweldige geraas af. Elke vyf minute herhaal hy die wrede gerammel. Baie onwillig kruip Piet uit sy bed uit met ’n amper onweerstaanbare lus om die ellendige wekker uit die venster te smyt.

Op weg badkamer-toe kyk Piet op die weerberigplaat wat in die gang hang. Hierdie plaat vang die draadlose golwinge op wat vanuit Bouveteiland uitgesaai word. Die eiland is die Suid-Afrikaanse suidelike weerkundige pos vanwaar weervoorspellings en berigte na alle dele van Suid-Afrika en na skepe op see uitgesaai word. Die weerplaat in elke huis, kantoor, see- en lugskip is dus in direkte verbinding met die meteorologiese pos in die verre suidpoolstreke. Die boer, sakeman, reisiger en pieknieker kan dus vooruit planne maak.

"Dit gaan mooi weer wees," sê Piet binnensmonds en hardloop toe na Tom toe wat hy op die ou manier wakker maak. In sy slapende vriend se gesig gooi hy ’n glasvol kou water en toe nael hy die gang af na sy eie kamer toe. Maar Tom ja vlak agter hom aan met ’n groot kan water wat hy soos ’n besetene deur die lug swaai.

[5]This content is available online at <http://cnx.org/content/m23623/1.1/>.

Na ontbyt stap die twee maters na die vliegloodse in die tuin. Elke loods is sowat die grootte van 'n motorhuis waarvan die deure outomaties oopskuiwe wanneer 'n vliegtuig daarvoor staan. Die vliegmasjien vou dan sy vlerke teen die lyf, loop die loods in, waarna die deure weer outomaties toeskuiwe.

Piet ontsluit die loodsdeure, klim in sy masjien, druk 'n knoppie en die tweesitplek-eendekker skuif langsaam na buite, en ontvou sy vlerke soos 'n jong adelaar wat klaar staan om weg te spring vir 'n vlug oor berg en dal.

"Sy lyk eersteklas, nè," sê Tom.

"Ja, nie 'n slegte duifie nie," antwoord Piet. "Klim in man, en laat ons opstryk, dis amper half-nege."

In 'n oogwink sit Tom naas sy vriend. Daar is effens 'n trilling, die skroef skeur deur die lug en die vliegmasjientjie skiet loodreg van die aarde die lugruim in. Tot sowat duisend voet bo die dennebome van Pinelands styg hulle. Vir 'n oomblikkie dartel die masjien daar in die sonskyn en skiet toe in aller yl Kaapstad-toe.

Uit: August van Oordt, *Seuns van die wolke*, Nasionale Pers, 1932.

### 2.5.7 Opdrag 1:

### 2.5.8 Om sake te beskryf wat eietyds is

### 2.5.9 [LU 2.4.3, 3.2]

(a) Lees die uittreksel aandagtig en voer die daaropvolgende opdragte uit.

Die lug is amper verduister deur honderde verskillende soorte lugvaartuie, afwisselend van reusagtige lugskepe wat wêrelddeel met wêrelddeel verbind, tot klein lugfietse bestuur deur skoolseuns wat tussen die verkeer heen dartel soos muggies tussen 'n swerm swaels, alleen in hierdie geval word die muggies nie ingesluk nie want die skoolseuns is te rats en kom amper nooit in botsing met hul groot lugmaters nie, - die seuns van hierdie eeu is mos gebore met vlerkies op die skouers en met draadloos in die ore!

Onder die gewemel in die lug is daar ook te vinde arbeiders en artieste; prokureurs en professore; winkeliers en finansiers; stadsklerke en gewone klerke; vrugteboere en veeboere; kleremakers en tiksters; staatsamptenare en dokwerkers; hoog en laag; wit en swart; ja, geheel Kaapland se kosmopolietiese bevolking is in die hemelblou bo en om ou Tafelberg se grys rotswande wat reeds deur die eeue heen die mag van stormwind en weer trotseer.

Dis nie alleen van Kaapstad se voorstede dat die mense gereeld werk-toe kom nie, maar ook vanuit Stellenbosch, Wellington, Malmesbury, Caledon, Worcester en omstreke, en selfs van Clanwilliam, Swellendam, Montagu, Laingsburg en van nog verder.

"Pasop, Piet!" skree Tom. Maar dis te laat. 'n Geweldige stamp met 'n skrapende klank laat die vliegmasjien bewe en tril van end tot end.

(a) Die skrywer praat van **skoolseuns** wat op hul lugfietse tussen die verkeer heen dartel soos muggies tussen 'n swerm swaels. Waar is die **meisies** dan?
(b) Die skrywer praat in die tweede paragraaf van *die gewemel in die lug*. Waarna verwys hy? Wat bedoel hy met "geheel Kaapland se kosmopolitiese bevolking is in die hemelblou bo en om ou Tafelberg"? Hoe vergelyk dit met die hedendaagse situasie in ons groot stede?

Wat beteken die volgende woorde?

- pendel
- pendelaar
- pendeltuig

### 2.5.10 Opdrag 2:

### 2.5.11 Om ‘n brief of opstel te skryf wat meer as een gesigspunt aanbied

### 2.5.12 [LU 4.1.2]

Piet kyk oor sy skouer heen en sien 'n torpedo-vliegkar wat met sy neus vas teen die stert van Piet se masjien gedruk is. In die torpedokar sit 'n opgewonde en ontstelde ou heer wat om hom heen kyk asof hy vanuit 'n ander planeet neergestort is.

Hierdie torpedo-lugkarre is baie in gebruik omdat hulle so handig is. Die sakeman gebruik die torpedokar vir sy vlugte na en van kantoor. Hierdie kar, soos sy naam beduie, is gebou in die vorm van 'n groot torpedo en is voorsien van een of twee sitplekke; wiele om mee te land en ook vir gewone padgebruik; 'n kragtige, deur elektrisiteit gedrewe, skroef; sterk soekligte vooraan en 'n stuurrad soos die van die outydse motorkar, maar wat ook die skroef en roer kontroleer.

"Ekskuus, seuns!" skree die ou heer terwyl hy sy masjien so gou moontlik agteruit laat loop en sodoende van die vliegtuig losruk. "Ek is jammer, baie jammer, maar nou net gons die draadloos in my ore dat 'n sekere Nu-Yorkse firma, waarin ek aandele het, bankrot gegaan is. Van die skrik verloor ek beheer oor my masjien met die gevolg soos julle nou gesien en gevoel het.

"Stryk neer op my kantoor. Ek is meneer Sokkie, bestuurder van die 'Oorkurkvervaardigingsmaatskappy, Beperk,' Loopstraat, Kaapstad. My werktuigkundiges sal die deuk in jul masjien regmaak; die firma se naambord is vanuit die lug te sien. Tot weersiens."

"Goed, dankie meneer, tot weersiens," antwoord Piet.

"Dis die tweede keer binne die laaste maand," sê Piet, "dat die senuweeagtige ou swaap moeilikheid veroorsaak. Die vorige keer het hy een van die lugkonstabels amper tot die grond geboor. Hy was dié slag op pad huis-toe. Die heerlike vars lug trek hy tot diep in sy longe en hy dink aan die dae dertig jaar gelede toe hy en sy nooientjie daar bo in die wolke gaan vry het. Skielik, egter, uit die oneindige lugruim, sny die skel stem van sy vrou deur sy ore: 'Jan, moenie die pond wors vergeet nie.' Die arme ou vent ry toe reguit teen 'n lugkonstabel vas."

"Wat was die vonnis?" vra Tom.

"O, die magistraat het hom skuldig bevind en vir 'n tydperk van twee agtereenvolgende weke is sy vlieglisensie teruggetrek."

Hulle is nou vlak bo die sentrale deel van Kaapstad en in die middel van die geweldige stroom lugverkeer wat onophoudelik tussen die stad en die groot lugskipstasie bo-op Tafelberg vloei.

"Nee wat, ek dink nie dat dit nodig is om by ou Sokkie aan te gaan nie. Die masjien is nie so danig erg beskadig nie. Dis maar net tyd vermors. Laat ons liewers by die lugstasie aangaan."

Uit: August van Oordt, *Seuns van die Wolke*, Nasionale Pers, 1932.

1. Skryf 'n opstel oor 'n soortgelyke situasie waarin jy betrokke was, eerstens as die onskuldige party, en dan as die skuldige party.

of

1. Skryf 'n brief aan 'n vriend en vertel vir hom/haar van bogemelde insident wat jy aanskou het.

### 2.5.13 Opdrag 3:

### 2.5.14 Om afleiding uit ‘n teks te maak en daaroor te redeneer

### 2.5.15 [LU 5.3.4]

(a) Lees die uittreksel en voer die opdragte uit:

Piet maak toe - vlak bo Adderleystraat - 'n paar kringduike deur die reeks vliegtuie heen, en vlieg toe met sierlike draaie in die rigting van die hoogste punt van die Kloofhoekkant van Tafelberg, sny raaklings langs die laaste deel van die yslike rotwand bekend as die "Arrow Face"-klim, net onderkant die ou sweefspoorstasie wat lankal bankrot gegaan en in die lug in geblaas was, glip om die hoek en so na die boonste deel van Fonteinkloof. Daar sweef hy so 'n rukkie bo die westelike vlak van die berg en stryk toe neer voor die groot lugstasie geleë in die middel van die sentraalvlak van Tafelberg, ten ooste van die top van Platklipkloof. Die stasie is goed verskole en geheel onsigbaar van onder uit die stad. Ook is die stasiegebou artistiek en in harmonie met sy omgewing opgetrek.

Die drukte by die stasie is geweldig. Twee kolossale lugskepe het net aangekom: een van Nu-Seeland op weg na Santiago om vandaar verder na Nu-York, oor Nederlands- en Brits Guiana, te gaan; die ander een van Nu-Siberië, oor Persië op weg na die Suidpoolstreke - die mineraalryke Antartika. Die hele stasie is nou in rep en roer. Swaar belaaide elektriese krane dreun en kreun onder hul laste; outomatiese bagasie-verskuiwers is besig om trommels, koffers, sakke, kiste, alles en nogwat in 'n ry skeute te stoot. Hierdie skeute of tonnels, hoewel uit sig, lei nietemin tot in die hart van Kaapstad daar ver onder.

"Hallo, Lien-Tsieng. Waar gaan jy heen?" vra Piet aan 'n Chinese student wat hul op een van die groot landing-stellasies ontmoet.

"Peking-toe," antwoord die Chinees, "my lesings is môre klaar, maar ek gaan reeds met vandag se Suid-Afrikaanse lugpos China-toe."

"Dis jammer, Tsieng, want nou mis jy die groot wedren na die noorde."

"Dit maak nie saak nie. Ek sal my vanuit Peking of op reis per draadloos aansluit en dus alles sien. Totsiens kêrels, tot volgende jaar." En die jong Chinees stap op die leertjie en klim gou-gou in sy kajuit want die groot lugskip het reeds sy elektriese sirene geblaas sodat die hele stad - ja amper die hele Skiereiland - weet dat dit op die punt staan om te vertrek op sy lang reis halfpad die wêreld om.

(a) Verdeel in groepies van twee. Help mekaar om die vrae te beantwoord:

(i) Op watter berg is die lugstasie geleë?
(ii) Wat is 'n moderner woord vir lugstasie?
(iii) Wat beteken: Die stasie is goed *verskole*? Merk die korrekte antwoord.

- Kinders gaan soontoe om te leer.
- Die stasie is *verskuil* sodat dit nie die natuurskoon bederf nie.
- Hoe weet ons dat daar baie mense by die lugstasie is? (par. 2)
- Hoe weet ons dat daar baie aktiwiteit by die stasie is? (par. 2)
- Wat is 'n ander woord vir skeut? (par. 2)
- Wanneer daar baie minerale in 'n land aangetref word, sê ons die land

is (par. 2)

(i) Skryf 'n **versamelnaam** vir tasse, koffers, trommels, sakke, ens. neer.

(par. 2)

(i) As Lien-Tsieng sê: "Ek gaan vandag met Suid-Afrika se lugpos huis-toe", beteken dit dat hy:

- in 'n groot koevert huis toe gepos word
- die pos vanuit Suid-Afrika saam met hom China toe neem
- van 'n Suid-Afrikaanse lugredery gebruik maak om na China te reis.

Merk die korrekte antwoord.

Waarvoor staan die afkorting SAL?

(i) Wat bedoel Lien-Tsieng as hy sê dat hy uit Peking per draadloos sal aansluit en alles **sien**? (par. 6)

Hoe word die bagasie vanaf die lugstasie bo-op die berg vervoer tot in die middestad? (par. 2)

### 2.5.16 Opdrag 4:

### 2.5.17 Om die korrekte betekenis van woorde te kies en in suiwerder Afrikaans oor te skryf

### 2.5.18 [LU 5.1.1]

"Tom, het jy ooit besef hoeveel studente ons in ons Suid-Afrikaanse universiteite het wat uit amper alle oorde van die wêreld kom? Daar is Chinese, Japanese, Laplanders, Skandinawiërs, Finne, Amerikane, Hollanders, Engelse, Grieke en nog ander wat na Suid-Afrika toe kom om allerlei vakke te bestudeer, maar vernaamlik medisyne op Rondebosch en landbou op Stellenbosch."

"Ja, ek het," antwoord Tom. "In die noorde het ons, behalwe die nasies wat jy reeds genoem het, jongkêrels uit Australasië, Indië en die Suid-Amerikaanse republieke. En in my klas is daar selfs 'n vent uit die Suid-Shetland-eilande. Die meeste van hulle spesialiseer in mynwese op die Rand en in Bantoetale of in politieke filosofie op Pretoria."

"Komaan, Tom. Dis hier so 'n oorvermoordende geraas dat 'n man nie maklik oor ons universiteite kan filosofeer nie. Laat ons maar weer in ons ou duifie klim."

Onderwyl hy dit sê, stap die twee vriende na die plein buite die stasie waar hul vliegmasjien tussen 'n menigte ander lugvaartuie staan.

In 'n oogwink is die masjien bo die groot wolk van die suidoostewind wat, soos reeds deur die eeue heen, as 'n ontsaglike, skuimende waterval oor Tafelberg se kruin stort en deur die strate van Kaapstad bulder.

Dis asof die ou suidoostewind, soos hy deur die draadwerk van die vliegtuig suis en fluit, met 'n uitdagende stem die mensdom toeroep:

"Kom, eeu der wetenskap! Komaan, manne van vernuf, van kennis, van snelheid; manne van onvermoeide navorsing en uitvinding! Julle wat die aarde en die watere en die hemele oorrompel. Kom, doen wat julle kan - my sal julle nooit oorwin nie. Vry en ongestoord sal ek my sneeuwit mantel oor Tafelberg sprei en die prag-kranse en rotswande van hierdie monument Gods, - wat reeds deur ontelbare eeue heen, wind en weer trotseer - uit alle krag en met liefde bewaak, vir ewig en vir altyd."

(i) Verbind die sinsnedes in die linkerkolom met hul korrekte betekenis in die regterkolom:

| | |
|---|---|
| • uit alle oorde | oorverdowende lawaai |
| • oorvermoordende geraas | tussen baie ander |
| • tussen 'n menigte | van heinde en verre |
| • in 'n oogwink | binne ‘n ommesientjie |

*continued on next page*

| | |
|---|---|
| • die mensdom toeroep | eeu van die wetenskap |
| • eeu der wetenskap | die mense aanspreek |

**Table 2.4**

(i) Die suidoostewind praat. Skryf die laaste paragraaf oor in suiwerder Afrikaans:

"Kom, eeu van die wetenskap!

### 2.5.19 Assessering

| |
|---|
| LU 2 |
| **PRAAT**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 2.1 idees en gevoelens op 'n ekspressiewe manier met selfvertroue en met redelike ondersteuning oordra deur geselekteerde mondelinge tekssoorte te gebruik (soos verhale, grappies, dramas); |
| 2.4 basiese interaksievaardighede toon deur aktief aan groepbesprekings, gesprekke, onderhoude en debatte deel te neem: |
| 2.4.3 gee erkenning aan ander se menings. |
| LU 3 |
| **LEES EN KYK**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 3.1 'n verskeidenheid tekssoorte dikwels spontaan vir genot en inligting lees, persoonlike reaksies beskryf en die soort tekste wat hy/sy geniet, bespreek. |
| 3.2 vir verskillende doeleindes hardop en stil lees deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos vluglees, soeklees, stiplees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleiding); |
| LU 4 |
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 4.1 verskeie verbeeldingstekste skryf: |
| 4.1.1 gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander; |
| 4.1.2 verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal en die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies. |
| 4.2 verskeie feitelike skriftelike en multimodale tekste (tekste met druk en beelde) vir verskeie doeleindes skep deur, waar gepas, visuele beelde en ontwerpe in ooggetuieverslae, plakkate, advertensies, boekresensies, resepte, en instruksies vir speletjies te gebruik. |
| LU 5 |
| **DINK EN REDENEER**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 5.1 taal gebruik vir dink en redeneer: |
| 5.1.1 lei betekenis af verduidelik die skrywer se bedoeling deur geskrewe, visuele en mondelinge tekste oor die kurrikulum heen te interpreteer. |
| 5.1.2 verduidelik oorsaak en gevolg; |
| 5.1.4 ontwikkel en gee uitdrukking aan ‘n duidelike eie mening; |
| 5.3 inligting verwerk: |
| 5.3.4 besin krities deur idees te deel en te vergelyk. |

**Table 2.5**

### 2.5.20 Memorandum

In hierdie leereenheid word *Seuns van die wolke* deur August van Oordt as grondteks gebruik. Hierdie boek het amper tien jaar na *Loeloeraai* verskyn. Die verhaal het ‘n opvallende stadsgevoel teenoor *Loeloeraai* se landelike tekstuur.

Lees die uittreksel saam met die leerders. Wys op die verouderde taalgebruik en die spelling van woorde. Laat die leerders gesels oor **hoe** hulle dag begin in teenstelling met Piet en Tom s'n.

Opdrag 1

a) Die leerders moet die leesstuk noukeurig lees voordat die opdragte uitgevoer word.
b) In paragraaf een word die seunsgeslag se bestuursvaardighede besing. In paragraaf twee word egter verwys na kleremakers en tiksters wat die ruimte aandurf op hul lugfietse.

Vra die volgende vrae:

a)
   (i) Dink die skrywer dat graad 7 dogters nie op lugfietse kan ry nie? Is hulle te bang, of te onbeholpe?
   (ii) Dink die skrywer dat modeontwerpers en tiksters beroepe is wat slegs deur vrouens beklee kan word? Kan mans nie tik nie, en kan hulle ook nie klere ontwerp nie?
   (iii) Laat die leerders hierdie twee punte eers debatteer voordat hulle die skriftelike opdrag uitvoer.
b) Laat die leerders gesels oor die vrae wat gestel word. Dit is ‘n gespreksoefening.

pendel: gereeld van jou woonplek na jou werkplek toe ry

pendelaar: ‘n persoon wat gereeld van sy woonplek na sy werkplek toe ry

pendeltuig: ‘n ruimtetuig wat ontwerp is om van die aarde na die ruimte en terug te beweeg

Opdrag 2

Skriftelike opdrag

Opdrag 3

(i) Tafelberg
(ii) lughawe
(iii) Die stasie is verskuil ...
(iv) "Die drukte by die stasie is geweldig."
(v) "Die hele stasie is nou in rep en roer."
(vi) glybaan, tonnel
(vii) mineraalryk
(viii) bagasie
(ix) Hy gaan van die Suid-Afrikaanse Lugredery gebruik maak om meer te reis.
(x) Suid-Afrikaanse Lugdiens
(xi) Hy sal op televisie na die wedren kyk
(xii) Per glybaan, tonnel, skeut

Laat die groepe 'n woordeboek raadpleeg indien nodig. Laat hulle, waar moontlik, van hul ervarings op 'n lughawe vertel wat by die teks aansluit.

Opdrag 4

(i) (sien werkvelle)
(ii) Die teks in hierdie opdrag leen hom uitstekend tot 'n spreekkoor. Onthou, dit is die wind wat praat. (Ons noem dit 'n metafoor = wanneer 'n nie-lewende ding die handeling van 'n mens uitvoer.)

Die kerngedagte van hierdie opdrag is om die leerders te laat dink. Hoeveel hulle reg het, is nie noodwendig van belang nie. Lei die leerders in hierdie aktiwiteit.

## 2.6 Mark Shuttleworth[6]

### 2.6.1 AFRIKAANS HUISTAAL

### 2.6.2 Graad 7

### 2.6.3 Module 11

### 2.6.4 MARK SHUTTLEWORTH

### 2.6.5 Mark Shuttleworth - die man in die wolke

Op 25 April 2002 is 'n vuurpyl vanaf Baikonoer gelanseer en minder as agt minute later het dit die aarde se atmosfeer verlaat. Sover as wat die oog kon sien, was die ganse woestyn bedek met vroeë lenteblommetjies – 'n veelkleurige tapyt wat gestrek het tot op die horison. Die enkele wit rookpluim wat deur die vuurpyl agtergelaat is, en bokant die blommeplaat uitgestyg het, kon vir kilometers ver gesien word. Binne in die klein en beknopte kapsule wat deel van die vuurpyl uitmaak, was 'n span van drie ruimtereisigers, die Rus en ook die vlugkaptein, Juri Gidzenko, Roberto Vittori, die Italiaanse vlugingenieur, en Mark Shuttleworth, die Suid-Afrikaanse internet-miljoenêr. Die posisie wat hy tydens die vlug beklee het, was dié van tweede vlugingenieur. Die hoof verskil tussen hom en sy twee mede-ruimtemanne was dat hy R208 miljoen uit sy eie sak betaal het vir die voorreg om die ruimtereis te kon meemaak. Mark Shuttleworth was nie net 'n ruimtetoeris nie; trouens, hy het 'n sleutelstap verder gegaan: hy het homself maande voor die tyd aan 'n streng en byna moordende ruimte-opleidingsprogram onderwerp.

[6]This content is available online at <http://cnx.org/content/m23678/1.1/>.

### 2.6.6 Opdrag 1:

### 2.6.7 Om as ‘n groep te dink en te redeneer

### 2.6.8 [LU 5.1.4]

(a) Groepbespreking

(i) Oor watter persoonlikheidseienskappe moet ’n ruimtevaarder beskik?
(ii) Hoekom?
(iii) Sal jy met jou persoonlikheidseienskappe ’n ruimtevaarder kan word?

### 2.6.9 Baikonoer : Poort na die sterre

Toe die eerste werkspanne in 1955 begin het met die konstruksie van wat vandag bekend staan as Baikonoer, die dorp vanwaar die Russe hul ruimtetuie lanseer, het hulle nie geweet wat hulle bou nie. Aanvanklik het dit bloot bekend gestaan as Terrein 10. Die posadres was Moskou-400, maar die werkers was in die woestyn van Kazachstan, 2 300 km suidoos van die hoofstad.

Op die vlaktes rondom Terrein 10 het die ander "terreine" een vir een vorm aangeneem. Terrein 9 was ’n sementfabriek en Terrein 15 was ’n aanloopbaan vir vliegtuie. Die Sowjet-elite is by Terrein 17 in luukse akkommodasie gehuisves. Terrein 3 was ’n vuurpylbrandstoffabriek. En toe, in 1956, Terrein 10.

Om mee te begin, is ’n enorme trog in die grond gegrawe, blykbaar die grootste mensgemaakte gat in die wêreld. Rondom die gat is vier reuse-pilare opgerig met ’n dik betonblad bo-op. Dit sou dien as die lanseerblad waarvandaan Spoetnik in 1957, en Joeri Gagarin in 1961 gelanseer is.

Na Gagarin se historiese vlug moes die Sowjet-Unie die naam van die lanseerterrein aan die Internasionale Lugvaartfederasie bekend maak sodat dit amptelik as vlugrekord erken kon word. Die politieke base van die Sowjet-Unie wou aanvanklik die ligging van Terrein 10 geheim hou, en het die naam van die naaste dorp ingedien - Baikonoer, ’n myndorpie 300 km verder.

Vir bykans veertig jaar was Baikonoer sinoniem met die Russiese ruimteprogram. Ten spyte van die feit dat die dorp die afgelope klompie jare erg verval het, is dit nog steeds die episentrum van die Russiese bemande ruimteprogram.

By die ingangshek is ’n sekuriteitshuisie met die woorde "Poort na die sterre" teen die muur. In die dorre woestynlandskap anderkant die heining is daar 15 lanseerterreine, monteeraanlegte, antennevelde, aanloopbane, beheersentrums, lanseerblaaie en spoorlyne.

’n Paar honderd kilometer verder noordoos lê ’n uitgestrekte landingsterrein van 100 000 vierkante kilometer waar bemande Sojoes-kapsules met valskerms in die woestyn neerplof en dan deur militêre helikopters opgepik word.

Die afgelope tien jaar het die dorp agteruit gegaan, maar sedert 1996 het die invloei van internasionale kapitaal weer lewe gebring. Daar is weer ’n plaaslike koerant en selfs ’n internetkafee.

Dit is hiervandaan wat Mark Shuttleworth en sy twee kollegas op 25 April 2002 vertrek het vir ’n verblyf van 10 dae op die Internasionale Ruimtestasie in die ruimte.

### 2.6.10 Opdrag 2:

### 2.6.11 Om as groep te dink en te redeneer

### 2.6.12 [LU 5.1.2]

Lees die teksgedeelte oor Baikonoer.

(a) Nog steeds ’n groepbespreking:

(i) Hoekom was die Russe so geheimsinnig oor die oprig van Baikonoer?
(ii) Hoekom het hulle die dorp juis dààr gebou?
(iii) Hoekom was daar 'n sementfabriek?
(iv) Hoekom was daar 'n aanloopbaan?
(v) Hoekom was daar luukse blyplekke vir die Russiese elite?
(vi) Wat is die Russiese elite?
(vii) Hoekom was daar 'n vuurpylbrandstoffabriek?
(viii) Wat was Terrein 10?
(ix) Hoekom het die Russe die dorp "die poort na die sterre" genoem?
(x) Hoe dink julle is dit om 'n werker in Baikonoer te wees?

### 2.6.13 Die Sojoes-ruimtetuig en -werkesel in ruimte-eeu

Die Sojoes-ruimtetuig is beknop, die uitsig swak, die rit ongemaklik en die ontwerp meer as drie dekades oud.

Tog is dit een van die betroubaarste tuie wat die ruimte-wedloop opgelewer het.

Presies 35 jaar gelede, op 23 April 1967, is Sojoes 1 van Baikonoer gelanseer - van dieselfde blad waar Mark Shuttleworth op Donderdag 25 April 2002 in 'n Sojoes vertrek het.

In die drie dekades sedertdien het dié klein tuig 'n rol gespeel in feitlik elk van die Sowjet-Unie se grootste ruimteprestasies - en ook sy grootste tragedies.

Vandag, honderde vlugte later, is die Sojoes steeds 'n onmisbare deel van die program om die internasionale ruimtestasie (IRS) aan die gang te hou.

Enersyds word die Sojoes as "taxi" gebruik om bemanningslede heen en weer tussen die aarde en die ruimtestasie te vervoer. Andersyds is die Sojoes die IRS se amptelike "reddingsboot".

Daar is deurentyd minstens een Sojoes aan die ruimtestasie gekoppel waarin die drie bemanningslede kan ontsnap as daar fout sou kom. Die Russe se hoofdoel met die sending was om die bestaande Sojoestuig aan die IRS te vervang.

Die binnekant van die Sojoes kan ten beste as "funksioneel" bestempel word. Die drie sitplekke is styf langs mekaar. Tydens Donderdag se lansering het die boord-tegnikus, Roberto Vittori, links gesit, die bevelvoerder, Joeri Gidzenko, in die middel by die beheerpaneel, en Mark Shuttleworth regs.

Tydens die aftelling voor die lansering word die kapsule se vensters deur 'n metaalskede bedek.

Ondanks die Sojoes se 35 jaar diens is dit nooit gebruik vir die doel waarvoor dit oorspronklik ontwerp is nie: 'n bemande vlug na die maan.

Sojoes 1 is op 23 April 1967 gelanseer - met rampspoedige gevolge. Op die vlug het Wladimir Komarof deurgaans gesukkel om die tuig te beheer. Met die terugkeerslag het die Sojoes se valskerm nie behoorlik ontplooi nie. Die tuig het die grond teen 'n hoë snelheid getref en ontplof.

Verskeie onbemande vlugte het gevolg terwyl die Sowjet-Unie se maanprogram geleidelik agter geraak het by die Amerikaners se Apollo-program.

In 1968 is 'n onbemande Sojoes (met 'n paar skilpaaie aan boord) in 'n wentelbaan om die maan geplaas, maar dit was die Amerikaners wat in 1969 die geskiedkundige eerste treë op die maan gegee het.

Die USSR het sy bemande maanprogram geskrap en hom toenemend op langer ruimtevlugte aan boord van ruimtestasies toegespits. Ook hier sou die Sojoes 'n ander rol speel, maar ook hier het 'n Sojoes-vlug tragies geëindig.

In April 1971 is drie bemanningslede aan boord van 'n Sojoes na die nuwe Saljoet-ruimtestasie geneem. Ná 'n geslaagde sending van 24 dae het die Sojoes met sy valskerm op die Steppe geland. Toe reddingspanne die kapsule oopmaak, is hulle begroet deur 'n toneel wat die Sowjet-ruimteprogram tot in sy fondamente geskud het: die drie ruimtevaarders het stip voor hulle gesit en staar, dood in hul sitplekke.

'n Klep het met hul terugkeer na die aarde oopgegaan. Die lug het binne sekondes uit die kapsule ontsnap en die bemanningslede, wat nie ruimtepakke aangehad het nie, is binne sekondes dood.

In 1986 is die Sojoes TM gebou waarin tientalle ruimtevaarders oor die daaropvolgende 15 jaar na die ruimtestasie, Mir, geneem sou word. Dit is aan boord van só 'n Sojoes TM-kapsule wat Shuttleworth op 25

April 2002 vanaf Baikonoer die ruimte in gelanseer is - 35 jaar ná die eerste toetsvlug van dié werkesel van die ruimte-eeu.

### 2.6.14 Opdrag 3:

### 2.6.15 Om onvoorbereid 'n onderhoud te voer

### 2.6.16 [LU 5.1.4]

(a) Voer in groepe van vier die volgende opdrag uit:

(i) Drie van julle (seuns) is die insittendes van die Soejoes-tuig.

'n Onderhoud word per radio met julle gevoer vanaf die aarde. Die onderhoudvoerder is 'n dame. Sy wil weet hoe dit voel om 'n ruimteman te wees.

(i) Sy wil egter ook weet hoekom een of meer van die bemanningslede (of is dit bevrouingslede?) nie van die teenoorgestelde geslag is nie.

Hierdie opdrag kan met groot pret onvoorbereid aangebied word.

### 2.6.17 'n Dag aan boord van die IRS

'n Tipiese dag van Mark Shuttleworth aan boord van die IRS.
Oggend

- Opstaan
- Beddegoed wegpak
- Tande borsel
- Veiligheidsinspeksie van al die stelsels van die ruimtestasie, vir sowat tien minute
- Voltooi sy persoonlike higiëne
- Neem speekselmonsters van homself wat gebruik word vir die CCE-2 eksperiment
- Ontbyt saam met die bemanning
- Werk vir sowat twee uur aan die CCE-1-eksperiment

Middag

- Middagete saam met die bemanning
- Werk aan Plankton Lensa-eksperiment
- Daarna volg die ESCD-eksperiment
- Daarna skryf Mark sy daaglikse verslag ("log")

Aand

- Voor aandete hou die bemanning 'n beplanningsessie, waar probleme uitgestryk word en die volgende dag se pligte bespreek word.
- Na aandete beplan die bemanning die volgende dag se kosrantsoen.

Daarna maak hy voorbereidings om te gaan slaap.
Ook elke dag

- Aflaai van e-pos
- Fotografie
- Joernaal-inskrywings

- Televisie-verslae
- Ontspanning

Amateurradio-sessies. Wanneer hy met mense op die aarde met die amateurradio gesels, is hy sowat 400 km bokant die aarde en kan die radioseine oor 'n oppervlakte van 2 200 $m^2$ ontvang word.

Eksperimente

- CCE-1-eksperiment fokus op die uitwerking van mikro-swaartekrag op die kardiovaskulêre stelsel.
- CCE-2-eksperiment fokus op energiegebruik in die ruimte.
- Plankton Lensa-eksperiment: monitor die oseaan; hy gaan ook 'n aanboordkamera gebruik.
- ESCD-eksperiment fokus op die uitwerking van mikro-swaartekrag op die ontwikkeling van stam- en embrioselle. Dié selle en embrio's van muise en skape is op die aarde versamel. Dit is 'n baie ingewikkelde eksperiment en Mark moes vars biomediese oplossings in die proefbuise, wat met stamselle gevul is, inspuit.
- Verskeie opvoedkundige eksperimente vir Rusland en Suid-Afrika.

### 2.6.18 Opdrag 4:

### 2.6.19 Om in groepe ‘n verslag te skryf en aan die klas voor te lees

### 2.6.20 [LU 4.2]

(a) Bespreek in groepe van drie 'n tipiese dag aan boord van die IRS.

(i) Skryf 'n verslag van die dag se doen en late. Een leerder skryf oor die oggend se aktiwiteite, 'n ander oor wat in die middag gebeur en die derde leerder vertel van die aand se gebeure.

Die drie bydraes moet saam 'n sinvolle geheel vorm.

(i) Elke groep tree voor die klas aan en elke lid lees sy bydrae.
(ii) Skryf 'n opstel van een foliobladsy oor *ruimtetoerisme*. Wat is die voordele en die nadele? Is dit 'n goeie ding?

of

(i) Ontwerp 'n plakkaat wat ruimtereise vir toeriste aanbied.

Die plakkaat moet visueel aantreklik wees en dit moet volledig vertel wat gedurende die reis aangebied word.

### 2.6.21 Opdrag 5:

### 2.6.22 Om boeke te vind wat oor die ruimte handel

### 2.6.23 [LU 3.1]

In hierdie module het julle kennis gemaak met *Loeloeraai* deur C.J. Langenhoven, en *Seuns van die wolke* deur August van Oordt.

Daar is nog talle ander boeke in Afrikaans oor wetenskapfiksie. 'n Paar van die titels wat hierna genoem word, behoort in julle dorpsbiblioteek beskikbaar te wees.

Kyk hoeveel van die boeke julle in die hande kan kry en lees hulle vir die genot wat hulle bied, al is die verhale nie noodwendig die werklikheid nie.

Daarna kan ons weer die vraag vra:

Was Mark Shuttleworth werklik die eerste Afrikaan om 'n ruimtereis te onderneem?

Beslis nie in die Afrikaanse letterkunde nie!

### 2.6.24 Assessering

| |
|---|
| LU 3 |
| **LEES EN KYK**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 3.1 ‘n verskeidenheid tekssoorte dikwels spontaan vir genot en inligting lees, persoonlike reaksies beskryf en die soort tekste wat hy/sy geniet, bespreek. |
| 3.2 vir verskillende doeleindes hardop en stil lees deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos vluglees, soeklees, stiplees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleiding); |
| LU 4 |
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ‘n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 4.1 verskeie verbeeldingstekste skryf: |
| 4.1.1 gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander; |
| 4.1.2 verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal en die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies. |
| 4.2 verskeie feitelike skriftelike en multimodale tekste (tekste met druk en beelde) vir verskeie doeleindes skep deur, waar gepas, visuele beelde en ontwerpe in ooggetuieverslae, plakkate, advertensies, boekresensies, resepte, en instruksies vir speletjies te gebruik. |
| LU 5 |
| **DINK EN REDENEER**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 5.1 taal gebruik vir dink en redeneer: |
| 5.1.1 lei betekenis af verduidelik die skrywer se bedoeling deur geskrewe, visuele en mondelinge tekste oor die kurrikulum heen te interpreteer. |
| 5.1.2 verduidelik oorsaak en gevolg; |
| 5.1.4 ontwikkel en gee uitdrukking aan ‘n duidelike eie mening; |
| 5.3 inligting verwerk: |
| 5.3.4 besin krities deur idees te deel en te vergelyk. |

**Table 2.6**

### 2.6.25

### 2.6.26 Memorandum

Opdrag 1

a) Groepbespreking. Lei die leerders met die volgende vrae: (Onthou, ons praat van persoonlikheidseienskappe!)

- Moet hy dapper wees? Hoekom?

- Mag hy bang wees? Hoekom?
- Moet hy van avontuur hou? Hoekom?
- Mag hy gou paniekerig raak? Hoekom?
- Mag hy aan noutevrees ly? Hoekom?
- Mag hy gou kwaad word? Hoekom?
- Moet hy onder druk of spanning kan funksioneer? Hoekom?

Opdrag 2

Groepbespreking

- Gedurende daardie tyd was die Russe en die Amerikaners mekaar se grootste vyande. Die twee lande was in ‘n ruimtewedloop gewikkel. Geheimhouding was dus van die grootste belang.
- Daar woon nie baie mense in ‘n woestyn nie, en dus kon die Russe in hierdie afgesonderde deel van die land met hul ruimteprogram voortgaan, sonder dat persone (spioene) kon sien wat besig was om te gebeur.
- Om sement te vervaardig vir al die geboue wat gebou moes word.
- Sodat vliegtuie daar kon land wat personeel en hooggeplaaste regeringsamptenare na Baikonoer gebring het.
- Luukse verblyf was ‘n voorreg van hooggeplaaste amptenare. In die woestyn is lugversorging en ander weelde-items soos swembaddens, goeie kos en drank noodsaaklik, anders raak die lewe ondraaglik.
- Die Russiese elite is hooggeplaaste amptenare van die regering.
- Omdat Baikonoer so ver uit die beskawing was, was dit goedkoper om brandstof daar te vervaardig, eerder as om dit oor duisende kilometers soontoe te vervoer. Waarskynlik het die Russe petroleum in die woestyn uit die aarde gepomp en dit in Baikonoer geraffineer – vir gebruik in die vuurpyle.
- Dit was die aanvanklike naam van die ontwikkeling wat later Baikonoer sou heet.
- Omdat hul vuurpyle daarvandaan na die ruimte (sterre) gelanseer is.
- Aaklig. Dit was ondraaglik warm en ook ondraaglik koud.

Opdrag 3

In aansluiting by hierdie opdrag kan die leerders ook gaan naslaan hoeveel ruimtereisigers vroue was, en wat hul name was.

Opdrag 4

Hierdie opdrag is selfverduidelikend.

Opdrag 5

Die module word afgesluit met die opdrag om soveel boeke moontlik, wat bekombaar is oor wetenskapsfiksie, te lees. Die boeke wat hier genoem word, is in die meeste openbare biblioteke beskikbaar.

# Chapter 3

# Kwartaal 3

## 3.1 Die Krugermiljoene[1]

### 3.1.1 AFRIKAANS HUISTAAL

### 3.1.2 Graad 7

### 3.1.3 Module 12

### 3.1.4 DIE KRUGERMILJOENE

### 3.1.5 Leesstuk

Meneer Kok En Die Krugermiljoene

Dit is Vrydagmiddag en die laaste periode van die dag. Buite is dit bloedig warm en meneer Kok kan sien dat die klomp voor hom met moeite konsentreer op die les waarmee hy besig is oor die laaste dae van die Tweede Vryheidsoorlog.

Hy bly 'n oomblik stil, dan vra hy: "Wie van julle het al gehoor van die Krugermiljoene?"

Nie 'n dooie siel reageer nie. Dan probeer hy weer: "Ek het die afgelope vakansie by my broer op sy plaas naby Pelgrimsrus gekuier, en ons het op 'n deel van die Krugermiljoene afgekom wat op die plaas begrawe is. Nou het ek tien miljoen rand se goud in die bank."

Die klomp staar hom ongelowig aan. "Ag, Meneer jok sommer," sê een van die seuns. "My oupa het gesê dat die president al die goud van die Transvaal vir die koningin van Holland gegee het."

"Ja, Jaco, dit is maar een van die teorieë oor wat van die goud geword het." Meneer Kok is verheug dat hy uiteindelik 'n reaksie uit een van die leerders gekry het.

"Volgens die geskiedenismense het die president . . . terloops, wie was hy nou weer?"

"Paul Kruger, Meneer," antwoord 'n paar stemme tegelyk.

"Dis reg, maar wat was sy volle name?"

"Stephanus Johannes Paulus Kruger," antwoord een van die dogters.

"Mooi!" sê mnr. Kok. "Wat val 'n mens op van die name?"

Doodse stilte.

"Toe, dink 'n bietjie," por mnr. Kok. "Wat sê jy, Petrus Johannes de Wet?" Hy kyk na Peet de Wet wat heel agter in die klas sit. "Jy behoort te weet."

"Dit is almal name uit die Bybel. Hulle was dissipels van Jesus," reageer Peet versigtig.

"Mooi," sê mnr. Kok. "Die boeremense was baie godsdienstig. Hulle het graag vir hul kinders Bybelname gegee."

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m23655/1.1/>.

“Maar wag, ons dwaal af. Waar was ons nou weer? O ja, volgens oorlewering het Paul Kruger, die laaste president van die Zuid-Afrikaansche Republiek, opdrag gegee dat die goud uit die Staatsmunt verwyder word voordat Pretoria deur die Britte beset sou word.

“Toe Lord Roberts, die bevelvoerder van die Britse magte, op 5 Junie 1900 Pretoria binnery, het hy slegs onverwerkte goud ter waarde van R230 000,00 in die Staatsmunt aangetref, en dit terwyl die totale goudproduksie van die Witwatersrand tussen 1884 en 1900 in vandag se geldwaarde R6 miljoen beloop het.

“Volgens die amptelike rekords het die ZAR in 1900 nie alleen 947 000 goue Krugerponde, maar ook ‘n groot hoeveelheid 1898-silwermuntstukke geslaan, maar slegs enkele van die 1900-ponde en nie ‘n enkele 1898-silwermunt bestaan meer vandag nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat ‘n geweldige hoeveelheid van die betrokke munte net eenvoudig verdwyn het. Daar word geglo dat die vermiste munte maar slegs ‘n gedeelte van die Krugermiljoene uitmaak.”

Mnr. Kok is verlig om te sien dat almal in die klas nou die ene ore is. “Jou oupa is waarskynlik reg, Jaco,” gaan meneer Kok voort. “Sommige historici glo dat die president die goud saam met hom Holland toe geneem het. Toe dit duidelik word dat die ZAR nie die oorlog teen Engeland sou wen nie, is daar besluit dat Paul Kruger as banneling na Europa moes gaan. Koningin Wilhelmina van die Nederlande het ‘n skip, die *Gelderland*, gestuur om hom na Europa te bring.

"Die president het geweet dat hy niemand kon vertrou nie, selfs nie die persone wat die naaste aan hom was nie, gevolglik kon hy dit nie waag om vir sy vertrouelinge te vra om die goud êrens te begrawe nie. Hy self was te oud en swak om dit self te doen. Bowendien was dit te gevaarlik.

"Daar word gesê dat die president die goud saam met hom Holland toe geneem het sodat dit eendag aangewend kon word om sy land weer op te bou.

"Teen middernag is die goud uit die Staatsmunt verwyder met ‘n wa wat deur twee muile getrek is. Die vragte goud is op ‘n trein gelaai wat teen dagbreek uit Pretoria vertrek het. Die president het die trein op Middelburg ingewag.

"In die daaropvolgende maande is daar van die goud uitbetaal aan persone aan wie die staat geld geskuld het.

“Blykbaar is ‘n deel van die goud direk na die buiteland gestuur etlike maande voordat die president die ZAR verlaat het. In Julie 1900 het die stoomskip, die *Bundersrath*, dertig kiste onverwerkte goud vanaf Lourenço Marques na Hamburg in Duitsland vervoer. Hofrekords oor wat van die goud geword het, is tydens die Tweede Wêreldoorlog vernietig.

"‘n Verdere honderd kiste is blykbaar twee maande later ook deur ‘n Duitse skip na Duitsland geneem. Daar bestaan ook geen rekords daarvan nie.

"Kort voordat Kruger Nelspruit verlaat het op pad na Lourenço Marques, het hy twee wavragte met goudstawe na Spitzkop, ‘n uitgediende mynkamp in die Transvaalse Drakensberge tussen Belfast en Pelgrimsrus gestuur. Êrens tussen daardie berge en valleie, so word daar beweer, is die Krugermiljoene begrawe.

“‘n Paar dae later het generaal Lucas Meyer na Swaziland vertrek. Uiteindelik het hy ‘n plek tussen Swart Pelosse en Witte Pelosse bereik waar hy by ‘n klompie muilwaens met bruin drywers aangesluit het. Op die waens was klein houtkiste bedek met seile. Daar was geen twyfel dat die kiste goudstawe bevat het nie. Nadat Meyer ‘n plek aangewys het waar die goud begrawe moes word, het hy na Nelspruit teruggekeer waar hy by die president aangesluit het. ‘n Paar dae later het Kruger die grens tussen Transvaal en Mosambiek oorgesteek op pad na Lourenço Marques.

“Teen daardie tyd was daar net ‘n paar kiste met muntstukke nog in besit van die Boeremagte by Lydenburg. Die laaste oorblywende goud het geleidelik minder geword namate die Boere te veld kom aanspraak maak het op hul vergoeding. Uiteindelik het daar niks van die goud oorgebly nie en is die legende van die fabelagtige goudskat gebore.

“Baie mense is nog steeds daarvan oortuig dat daar êrens tussen die bergtoppe en valleie van Mpumalanga, daar waar my broer se plaas is, ‘n ontsaglike skat wag om ontdek te word,” sluit meneer Kok sy verhaal oor die Krugermiljoene af. Net toe lui die klok, maar niemand roer nie. Almal kyk hom ongelowig aan. Met ‘n ondeunde vonkel in sy oë, sê hy: ”So, as ek een van die dae met my nuwe Merc by die skool aankom, wat gaan julle dink? Dag, klas, geniet julle naweek. Moenie te hard soek nie, hoor.”

### 3.1.6 Opdrag 1:

### 3.1.7 Om vrae te kan beantwoord waarvan die antwoorde uit ‘n leesstuk afgelei kan word

### 3.1.8 [LU 3.2]

Beantwoord die volgende vrae aan die hand van die leesstuk.

- Wie was die president van die Zuid-Afrikaansche Republiek ten tye van die Tweede Vryheidsoorlog?
- Wie was die bevelvoerder van die Britse troepe?
- Wie was die koningin van Nederland wat ‘n skip na Suidelike Afrika gestuur het?
- Wat was die name van twee van die skepe waarna daar in die leestuk verwys word?
- Watter Boere-generaal het gehelp om die Krugermiljoene te begrawe?
- In watter land is Lourenço Marques geleë?
- Hoekom dink julle is die skip na Lourenço Marques gestuur om Paul Kruger te gaan oplaai, en nie na Durban of Kaapstad nie?
- Hoekom het die president die goud saam met hom Europa toe geneem?
- Waar het die president sy laaste jare deurgebring?
- Wat was sy sterfdatum?

### 3.1.9 Opdrag 2:

### 3.1.10 Om betekenis van woorde te bepaal

### 3.1.11 [LU 3.2]

Skryf elkeen van die onderstaande woorde langs sy betekenis neer:

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skatkis, | skatkamer, | skatryk, | oorskat, | onderskat, | skattig, | skattebol, | |
| skatlam, | skattie, | skat, | skatlik, | skattig, | onskatbaar, | skatbaar, | skatter. |

**Table 3.1**

(i) Wanneer die waarde van iets te groot is om te bepaal.
(ii) ‘n Persoon wat baie geld en besittings het.

(i) ‘n Plek waar skatte bewaar word.
(ii) Om naasteby die waarde van iets te bepaal.
(iii) Drie ander woorde vir hartlam of liefling. _______,

_______________of ______________ .

(i) Die houer waarin ‘n skat gehou word.
(ii) Twee woorde vir iets wat pragtig of dierbaar is. _________

en ______________

(i) Wat geskat of waardeer kan word.
(ii) Die teenoorgestelde van oorskat.
(iii) ‘n Persoon wat die waarde van iets moet skat.

### 3.1.12 Opdrag 3:

### 3.1.13 Om verbeeldingryk en kreatief te skryf

### 3.1.14 [LU 4.1.2]

Veronderstel jy ontdek ‘n deel van die Krugermiljoene wat êrens begrawe lê. Maak ‘n lys van die dinge wat jy daarmee sal doen.

### 3.1.15 Die Biografie

‘n Biografie is ‘n lewensbeskrywing van ‘n persoon, gewoonlik deur ‘n ander persoon gedoen. Daarteenoor kry ‘n mens ook ‘n outobiografie wat deur die persoon self oor homself geskryf is. Met ander woorde, hy vertel sy eie lewensverhaal.

‘n Biografie handel oor ‘n persoon se lewe. Gewoonlik is dit ‘n beroemde persoon soos ’n politikus, filmster, popster, sakeman of sportster. ‘n Biografie kan tydens ‘n persoon se lewe geskryf word, of nadat hy reeds dood is.

Hier volg ‘n paar biografiese besonderhede oor Paul Kruger:



**Figure 3.1**

**Volle name**: Stephanus Johannes Paulus Kruger
**Geboortedatum**: 10 Oktober 1825
**Geboorteplek**: Op die plaas Bulhoek in die distrik Steynsburg
**Hoogtepunte in sy lewe**:

As jong seun vertrek hy saam met sy ouers op die Groot Trek. Hy het feitlik geen skoolopleiding gehad nie.

Hy was ‘n onverskrokke jagter en baie sterk en fors gebou.

Op 25-jarige leeftyd word hy as veldkornet gekies.

In 1857 was hy een van die opstellers van die grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

1874 word hy lid van die Uitvoerende Raad van die Republiek.

Op 9 Mei 1883 word hy as die derde staatspresident van die Republiek in Pretoria ingesweer. Hy beklee die pos vir 19 jaar.

Toe goud aan die Witwatersrand ontdek is, het duisende vreemdelinge en fortuinsoekers na Johannesburg gestroom, en vir hierdie mense is baie gou stemreg geëis deur die Britse regering. Tydens die onderhandelings tussen Engeland en die ZAR het dit egter duidelik geword dat die Britte veral planne gehad het om die Transvaal sy onafhanklikheid te ontneem omdat hulle agter die goud van die Witwatersrand was.

Na vele onderhandelinge tussen Kruger en Milner van Brittanje, is daar uiteindelik oorlog teen Brittanje verklaar op 11 Oktober 1898.

In 1900 vertrek hy na Europa om hulp te kry teen die Britse magte.

Op 14 Julie 1904 sterf hy in Clarens, Switserland. Sy lyk word na Suid-Afrika gebring en op 16 Desember 1904 plegtig in Pretoria ter aarde bestel.

### 3.1.16 Opdrag 4:

### 3.1.17 Om deur skryfwerk iets van jouself bekend te maak

### 3.1.18 [LU 4.1.1]

Binne die bestek van ongeveer 250 woorde het almal nou ‘n baie goeie beeld oor hoe Paul Kruger se lewe van 75 jaar verloop het. Julle het kennis geneem van die hoogtepunte en die laagtepunte in sy lewe.

Al is julle nog nie so oud soos wat Paul Kruger geword het nie, het julle al baie opwinding beleef en dinge ervaar wat julle altyd sal onthou.

Skryf nou elkeen jul eie lewensbesonderhede neer wat julle as belangrik geskou, byvoorbeeld al die belangrike datums in jul lewens, sport- en akademiese prestasies, ens. of gewoon net dinge wat julle baie goed onthou omdat dit lekker was.

### 3.1.19 Opdrag 5:

### 3.1.20 Veelkeusige vrae: om die antwoorde op vrae te kies

### 3.1.21 [LU 3.2]

Lees die leesstuk *Mnr Kok en die Krugermiljoene* weer aandagtig deur en voer die volgende opdrag uit deur ‘n **kruisie** oor die korrekte syfer te trek.

Wat beteken **bloedig** soos dit in paragraaf 1 gebruik word?

- Die hitte is draaglik.
- Dit is so warm dat die kraaie gaap.
- Die son het ‘n rooierige kleur.

Waarna verwys die dooie siele in paragraaf 3?

- Leerders in die klaskamer wat dood is.
- Mense wat reeds begrawe is.
- Die leerders in die klas wat nie reageer nie.

“Hulle staar hom ongelowig aan” (paragraaf 4) beteken:

- die leerders wil nie met mnr. Kok oogkontak maak nie;
- die leerders sukkel om hul oë oop te hou;
- die leerders is skepties – hulle glo nie wat mnr. Kok sê nie.

Om verheug te wees (paragraaf 5) beteken:

- om verlig te wees;
- om bly te wees;
- om teleurgesteld te wees.

Wat is geskiedenismense (paragraaf 6)?

- Persone oor wie daar in die geskiedenis geskryf is.
- Outydse mense.
- Mense wat oor die geskiedenis skryf (geskiedskrywers).

Waarna verwys die woord “mooi” in paragraaf 10?

- Die voorkoms van iemand in die klas.
- Die president het nie lelike name gehad nie.
- Dit is nie verkeerd nie.

As jy iemand aanpor (paragraaf 12), dan doen jy die volgende:

- jy kla;
- jy help iemand om vordering te maak;
- jy is verlig.

Hoekom noem mnr. Kok vir Peet de Wet op sy volle name (paragraaf 12)?

- Hy probeer snaaks wees.
- Omdat Peet de Wet se doopname ook almal tradisioneel name uit die Bybel is, net soos die president s’n.
- Hy spot vir Peet omdat hy so baie name het.

Persone die naaste aan jou (paragraaf 18) staan bekend as:

- jou skoonfamilie;
- jou vertrouelinge;
- jou bure.

Wat is ‘n legende (paragraaf 25)?

- Iemand wat beroemd is.
- Iemand wat berug is.
- Iemand met ‘n kriminele rekord.

### 3.1.22 Assessering

| |
|---|
| LU 3 |
| **LEES EN KYK**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 3.2 vir verskillende doeleindes hardop en stil lees deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos vluglees, soeklees, stiplees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleiding); |
| 3.9 die sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies in tekste (soos duidelik in aspekte soos inhoud, taal, kunswerk, karakterisering blyk), identifiseer en bespreek. |
| LU 4 |
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |

**Table 3.2**

### 3.1.23 Memorandum

SKATTE VAN ALLE SOORTE

Opdrag 1

(i) Paul Kruger

(i) Lord Roberts
(ii) Wilhelminia
(iii) Gelderland, Bundersrath
(iv) Lucas Meyer
(v) Mosambiek
(vi) Lourenço Marques was die naaste hawestad aan die Transvaal en die Britse troepe was in Natal en Kaapland teenwoordig.
(vii) Sodat dit ná die oorlog weer aangewend kon word om die land op te bou.
(viii) Clarens in Switserland
(ix) 14 Julie 1904

Opdrag 2

(i) onskatbaar

(i) skatryk
(ii) skatkamer
(iii) skat
(iv) skatlam, skattie, skattebol
(v) skatkis
(vi) skattig, skatlik
(vii) skatbaar
(viii) onderskat
(ix) skatter

Opdrag 3

Om verbeeldingryk en kreatief te skryf

Opdrag 5

- (ii)
- (iii)

- (iii)
- (ii)
- (iii)
- (iii)
- (ii)
- (ii)
- (ii)
- (i) of (ii)

## 3.2 Uit die Afrikaanse literere skatkis[2]

### 3.2.1 AFRIKAANS HUISTAAL

### 3.2.2 Graad 7

### 3.2.3 Module 12

### 3.2.4 UIT DIE AFRIKAANSE LITERêRE SKATKIS

### 3.2.5 ‘n Juweel van ‘n gedig

Dopper Joris en Sy Seiltjie

Onder ‘n boompie by die watersloot
Sit Spekie met haar Joris en vry:
Hy praat van koperledekante
En ‘n skimmelhings wat sy sal ry.
Hy sê dat sy oorlede paatjie
Hom duisend hamels en ‘n ram
-‘n opregte Franse ram – gegee het,
En ‘n woonhuis by die middeldam.
‘n Wa en span met soetveld-osse
‘n Spikkelspan. En hulle trek tog, reg!
En hul bulk, ja, nes die ware duiwel,
Nes die wind trek hulle van die staanplek weg!
En twee sterk koperhoepel-emmers
Het oorlede paatjie ook gegee,
En ‘n ring wat maatjie opgetel het
Toe paatjie siek was by die see.
En ‘n borsspeld vol met rooi klippies,
En ‘n perdesweep met ‘n koperknop,
En ‘n teepot met drie silwer voetjies,
En die deksel het ‘n duif daarop.
En ‘n klok en dertien riempiestoele,
‘n Bulsak en ‘n ledekant,
Twee ingelegde geelhouttafels,
En ‘n prentjie met die plae van Egipteland.
En ook nog ‘n spul met romlary,
‘n Kar op vere en ‘n fariseen,
En ‘n Bybel wat maatjie eens gekoop het
Van die smous Aaron Oepl Behn.

[2] This content is available online at <http://cnx.org/content/m23653/1.1/>.

Maar, tog makeer ek nog een ding;
Dit maak my, Spekie, siek van smart:
My wa is sonder buiteseiltjie!
Wil jy my seiltjie wees, my hart?
Pulvermacher (Adam de Smidt)Uit: *Het Volksblad*, 1873

(a) Opsomming

Joris en Spekie is nooi en kêrel. Dit is Sondagmiddag en Joris het by haar gaan kuier. Hulle sit langs die watersloot onder ‘n boom en gesels.

Joris wil dolgraag met Spekie trou, maar hy weet nie hoe om vir haar te vra nie want hy het nie die selfvertroue van ‘n stadsjapie nie.

Maar Joris is nie onder ‘n kalkoen uitgebroei nie. Hy dink as hy haar kan bendruk met al die besittings wat hy van sy pa geërf het, dat sy met hom sal trou, want hy is mos ‘n ryk man!

Ewe beskeie begin hy al sy besittings opnoem, maar hoe meer goed hy opnoem, hoe meer kry sy opgewondenheid die oorhand oor hom, en babbel hy voort.

Dan, in die slotstrofe kom die verrassing: Joris vra vir Spekie om met hom te trou!

### 3.2.6 Opdrag 1:

### 3.2.7 Om antwoorde uit die gegewe teks af te lei

### 3.2.8 [LU 3.2]

Lees die gedig aandagtig deur en beantwoord die volgende vrae:

- Waar sit die verliefdes?
- Wat doen hulle daar?
- Wat is hul name?
- Wie is aan die woord?
- Maak ‘n lys van al Dopper Joris se besittings:
- Dopper Joris is só opgewonde dat hy al sy besittings sommer deurmekaar opnoem.

Groepeer die besittings onder die volgende hofies:
Diere
Voertuie
Huishoudelike items
Losgoed
Geboue

- Maar een ding ontbreek nog in Joris se lewe. Wat is dit?
- Wanneer is hierdie gedig geskryf?
- Waarmee het die mense in daardie tyd gery?
- In die slotstrofe sê Joris nie “Spekie, sal jy met my trou?” nie. Hoe vra hy die jawoord?

### 3.2.9 Opdrag 2:

### 3.2.10 Om idiomatiese uitdrukkings op gepaste manier te gebruik

### 3.2.11 [LU 3.9, 6.4.3]

In die inskrywing hieronder in die verklarende woordeboek kom daar vyf idiome voor. Skryf eers die idioom neer, en dan die betekenis daarvan.

**speek**, (s), **speke**. Hout- of ysterstut, styl of verbinding tussen naaf en veiling; daar is ‘n ~ *LOS*, daar is iets verkeerd, nie in die haak nie; *die ONDERSTE ~ kom ook bo*, elke mens kry sy kans; die armste kan ook ryk word; *iem. met ‘n OU ~ doodslaan*, gesê as uiting van minagting en ergernis; *jou speke ROER*, jou haas, gou maak*; ‘n ~ in die WIEL steek, teëwerk, dwarsboom*.

**speek**, (w), **ge-**, Van speke voorsien, speke insit.

**speek’been**, ...**bene**. Buitenste been van die arm.

**speek’beenslagaar, .. are**. Voorarmbeenslagaar.

**speek’beentjies**. 1. Lang, maer beentjies. 2. Persoon met lang, maer bene.

Hoekom is die vroulike karakter in die gedig se naam Spekie?

### 3.2.12 Rollees

### 3.2.13 Opdrag 3:

### 3.2.14 Om ‘n mondelinge voordrag te lewer

### 3.2.15 [LU 2.5]

Kom ons hou konsert. Almal gaan ‘n beurt kry.

Die klas verdeel in groepe van drie en elke groep kry geleentheid om die gedig voor te dra.

Leerder 1 is die **verteller**.

Leerder 2 is **Joris**.

Leerder 3 is **Spekie**.

‘n Prys vir die groep wat die dawerendste applous ontvang!

Dopper Joris en Sy Seiltjie

**Verteller**: Onder ‘n boompie by die watersloot  
Sit Spekie met haar Joris en vry:  
Hy praat van koperledekante  
En ‘n skimmelhings wat sy sal ry.  
**Spekie**: Hy sê dat sy oorlede paatjie  
Hom duisend hamels en ‘n ram  
‘n opregte Franse ram – gegee het,  
En ‘n woonhuis by die middeldam.  
‘n Wa en span met soetveld-osse  
‘n Spikkelspan.  
**Joris**: En hulle trek tog, reg!  
En hul bulk, ja, nes die ware duiwel,  
Nes die wind trek hulle van die staanplek weg!  
En twee sterk koperhoepel-emmers  
Het oorlede paatjie ook gegee,  
En ‘n ring wat maatjie opgetel het  
Toe paatjie siek was by die see.  
**Spekie**: En ‘n borsspeld vol met rooi klippies,  
**Joris**: En ‘n perdesweep met ‘n koperknop,  
**Spekie**: En ‘n teepot met drie silwer voetjies,

En die deksel het ‘n duif daarop.
**Joris**: En ‘n klok en dertien riempiestoele,
‘n Bulsak en ‘n ledekant,
**Spekie**: Twee ingelegde geelhouttafels,
En ‘n prentjie met die plae van Egipteland.
**Verteller**: En ook nog ‘n spul met romlary,
‘n Kar op vere en ‘n fariseen,
En ‘n Bybel wat maatjie eens gekoop het
Van die smous Aaron Oepl Behn.
**Joris**: Maar, tog makeer ek nog een ding;
Dit maak my, Spekie, siek van smart:
My wa is sonder buiteseiltjie!
Wil jy my seiltjie wees, my hart?

### 3.2.16 Skeppende skryfwerk

### 3.2.17 Opdrag 4:

### 3.2.18 Om verbeeldingryke en kreatiewe skryfwerk te lewer

### 3.2.19 [LU 4.1.2]

Teen hierdie tyd is almal vertroud met die inhoud van die gedig.

Hier volg ‘n paar opdragte. Kies een en voer dit uit.

Jy is òf Joris òf Spekie.

(a) Skryf aan ‘n goeie of beste vriend/vriendin ‘n brief waarin jy vertel van die besondere dag langs die watersloot onder die boom.
(b) Skryf ‘n opstel waarin jy in jou eie woorde vertel van die gebeurtenis langs die watersloot. Verplaas die verhaal na die hede. ‘n Volksgedig

Dopper Joris is ‘n tipiese voorbeeld van ‘n **volksgedig**.

Wat is ‘n Volksgedig?

- ‘n Volksgedig het ‘n eenvoudige bou.
- Gewoonlik het elke strofe vier reëls.
- Dit is tipies van ‘n volksgedig dat alleenlik die 2e en 4e versreël rym.
- Al hierdie eienskappe maak dit juis maklik om dié soort gedig te memoriseer – en die volksgedig wil juis in die geheue van die volk leef.

Uit: *Gids by D.J. Opperman se Senior Verseboek*, T.T. Cloete, Tafelberg 1981

### 3.2.20 Opdrag 5:

### 3.2.21 Om met voornaamwoorde in ‘n teks te werk

### 3.2.22 [LU 6.2.1]

Wanneer ons die gedig lees, lyk dit of die digter **oor** die vryer of **vir** of **namens** die vryer praat, want hy praat in die derdepersoonsvorm, maar die toonaard of spreekstem is dié van die vryer self.

(a) Skryf ‘n klompie persoonlike voornaamwoorde neer wat die derdeper-soonsvorm aandui:
(b) Skryf ‘n paar persoonlike voornaamwoorde neer wat die eerstepersoonsvorm aandui:
(c) Maar hoe eindig die gedig?

Wat sou jy sê is die hoofdoel van ‘n volksgedig?




**Figure 3.2**

Skryf ‘n paragraaf oor die **toonaard** of **spreekstem** van hierdie gedig.

### 3.2.23 Assessering

| |
|---|
| Leeruitkomstes(LUs) |
| |
| LU 2 |
| **PRAAT**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne ‘n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 2.5 mondelinge aanbiedings op ‘n kreatiewe wyse doen: |
| LU 3 |
| **LEES EN KYK**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 3.2 vir verskillende doeleindes hardop en stil lees deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos vluglees, soeklees, stiplees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleiding); |
| 3.9 die sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies in tekste (soos duidelik in aspekte soos inhoud, taal, kunswerk, karakterisering blyk), identifiseer en bespreek. |
| LU 4 |
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ‘n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 4.1 verskeie verbeeldingstekste skryf: |
| 4.1.1 gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander; |
| 4.1.2 verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal en die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies. |
| 4.3 basiese vaardighede in spesifieke skryftegnieke gepas vir ‘n tekssoort toon |
| 4.3.3 gebruik ruimte en rym in gedigte; |
| 4.3.4 toon volgorde in prosedures. |
| LU 5 |
| **DINK EN REDENEER**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 5.1 taal gebruik vir dink en redeneer: |
| 5.1.3 oorweeg twee moontlikhede en besluit watter een die beste keuse is; |
| 5.4 kreatief dink: |
| 5.4.1 visualiseer, voorspel, fantaseer en empatiseer om betekenis te skep en probleme op te los. |
| LU 6 |
| **TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK**Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 6.2 met sinne werk: |
| 6.2.1 identifiseer en gebruik die volgende in konteks; |
| 6.4 bewustheid en gebruik van styl ontwikkel: |
| 6.4.3 gebruik idiomatiese uitdrukkings en taalidioom gepas; |

**Table 3.3**

### 3.2.24 Memorandum

Opdrag 1
(i) Onder ‘n boompie by die watersloot.

(i) Hulle sit en vry.
(ii) Spekie en Joris
(iii) Joris
(iv)

1. Duisend hamels

- ‘n Ram
- ‘n Woonhuis
- ‘n Wa en span osse
- Twee koperhoepel-emmers
- ‘n Ring

- ‘n Borsspeld met rooi klippies
- ‘n Perdesweep met ‘n koperknop
- ‘n Teepot met drie silwervoetjies
- ‘n Klok
- Dertien riempiestoele
- ‘n Bulsak
- ‘n Ledekant
- Twee ingelegde geelhouttafels
- ‘n Prentjie met die plae van Egipteland
- ‘n Spul rommel
- ‘n Kar op vere
- ‘n Fariseen (orrel)
- ‘n Bybel
- ‘n Wa (Of is dit dalk ‘n denkbeeldige wa, m.a.w. beeldspraak?)
- Diere

- Skimmelhings
- Duisend hamels
- Franse ram
- ‘n Span Soetveld-osse

Voertuie

- ‘n Wa
- ‘n Kar op vere

Huishoudelike items

- Koperledekante
- Twee koperhoepel-emmers
- ‘n Klok
- Dertien riempiestoele
- ‘n Bulsak
- ‘n Ledekant
- Twee ingelegde geelhouttafels
- ‘n Fariseen (orrel)

Losgoed

- ‘n Spul rommel
- ‘n Bybel
- ‘n Ring
- ‘n Borsspeld
- ‘n Perdesweep
- ‘n Prent met die plae van Egipte
- ‘n Teepot

Geboue

- ‘n Woonhuis
- ‘n Seiltjie vir sy wa (m.a.w. ‘n vrou in sy lewe)
- 1873
- Waens en perdekarre

- My wa is sonder buiteseiltjie! Wil jy my seiltjie wees, my hart?

Opdrag 2

(a) (i) Die onderste speek kom ook bo.
(ii) Elke mens kry sy kans, of, die armste kan ook ryk word.
(b) (i) Iemand met ‘n ou speek doodslaan.
(ii) ‘n Uiting van minagting en ergenis.
(c) (i) Jou speke roer.
(ii) Jou haas, gou maak.
(d) (i) ‘n Speek in die wiel.
(ii) teëwerk, dwarsboom
(e) (i) Daar is ‘n speek los.
(ii) Daar is iets verkeerd.

(a) Sy het lang, maer beentjies.

Opdrag 3

Om ‘n mondelinge voordrag te lewer

Opdrag 5

a) Hy, sy, haar, hulle..
b) Ek, my, jy, jou, ons
c) In die laaste strofe van die gedig is die hoofkarakter (Joris) self aan die woord. Hy praat direk met Spekie. Die gedig eindig as ‘n eerstepersoonsvertelling

‘n Volksgedig is ‘n eenvoudige, populêre gedig wat deur gewone mense geniet kan word. Dit moet ‘n liefde vir die taal en die letterkunde onder die mense (volk) aanmoedig.

UITDAGING!

**Toonaard** het betrekking op **hoe iets of iemand klink**. Die **spreekstem** is die verteller, of die persoon wat **praat**. In die gedig is die hoofkarakter, Joris, in gesprek met Spekie. Hy is baie **opgewonde**. Hy is, trouens, in **ekstase** as hy al die goed opnoem. Hy is ook taamlik **onbeholpe** as hy sy liefdesverklaring doen.Onthou, hy is ‘n plat boer wat sy meisie wil beïndruk met sy besittings.

# 3.3 Literere skatkis[3]

## 3.3.1 AFRIKAANS HUISTAAL

## 3.3.2 Graad 7

## 3.3.3 Module 14

## 3.3.4 Literêre Skatkis

## 3.3.5 Die klassieke letterkunde





**Figure 3.3**

'n Kunstenaar werk met materiaal wanneer hy besig is om te skep.

Die skilder gebruik olie- of waterverf wanneer hy 'n skildery maak.

Skrywers (of woordkunstenaars) gebruik taal om mee te skep. Die kunswerke wat hulle skep, staan bekend as **letterkunde**.

Letterkunde is nie bloot stories wat mense geskryf het om ander mee te vermaak nie. Trouens, goeie letterkunde speel 'n baie belangrike rol in ons lewens. Dit stel mense in staat om kennis te maak met die mees basiese lewenskwessies. Daar kan gesê word dat die letterkunde hom bemoei met die mens se **bestaan** en **lewenservarings**.

Al is 'n letterkundige werk reeds honderde jare oud, kan dit steeds iets sê oor die dinge wat deel is van mense se belangrikste lewenservarings soos byvoorbeeld geboorte en dood, liefde, hartseer, eensaamheid en begeertes.

Die letterkunde kan steeds betekenisvolle kommentaar lewer oor probleme wat so oud as die mens self is, en waarmee elke nuwe geslag te doene kry. Wat ons voorouers honderde jare gelede ervaar het, ervaar ook ons nog steeds.

Verhale en stories wat daarin slaag om mense oor baie jare steeds te boei en stof tot nadenke bied omdat hulle die toets van die tyd deurstaan het, word uiteindelik deel van die klassieke wêreldletterkunde. Hulle word in ander tale vertaal sodat meer mense dit kan lees.

In Afrikaans is daar 'n lang lys van boeke wat vertaal is uit ander wêreldtale soos Engels, Frans en Duits sodat ons ook in Afrikaans die genot en plesier daarvan kan ervaar wanneer ons die boeke lees.

Een sodanige boek is *Treasure Island* deur Robert Louis Stevenson. Hierdie boek het reeds in 1883 verskyn. Dit is die eerste vollengte roman wat hy geskryf het. Dit is in 1925 in Afrikaans vertaal met die titel *Skateiland*.

Julle het waarskynlik reeds met hierdie verhaal op televisie kennis gemaak. Etlike weergawes is gebeeld-send, of as 'n film, of as 'n tekenprent. Walt Disney het 'n vollengte rolprent daarvan vervaardig en is in die

[3] This content is available online at <http://cnx.org/content/m23656/1.1/>.

meeste videowinkels beskikbaar. Die verhaal in Afrikaans behoort in die plaaslike biblioteek beskikbaar te wees as deel van die vertaalde *Libri-reeks*.

### 3.3.6 Die skrywer

Robert Louis Stevenson is in 1850 in Edinburgh gebore. Sy vader was ‘n welvarende en beroemde ingenieur. As kind was hy dikwels siek en het meeste van die tyd in die bed deurgebring waar hy baie gelees het. As jong man het hy in ingenieurswese belanggestel, maar het later as advokaat gekwalifiseer. Hy het egter nooit gepraktiseer nie, omdat hy reeds vanaf sy sestiende jaar en later al sy tyd aan skryf gewy het. Hy het wêreldbekendheid in 1886 verwerf met die verskyning van *Kidnapped* en *The Strange Case of Dr Jekyll and Mr Hyde*. *Treasure Island* is in 1882 geskryf, na sy terugkeer van ‘n genotvolle reis na die Stille Oseaan en Suidsee. Hier het hy ook later om gesondheidsredes gaan woon. In 1894 is hy in Samoa oorlede.

‘n Uittreksel uit die 1925-vertaling van *Skateiland*

By die eerste groot boom het ons stilgestaan, maar, volgens die kompas, was dit die verkeerde. So ook met die tweede. Die derde was goed twee honderd voet hoog; ‘n reus van ‘n boom, met ‘n stam so wyd as een huis, en ‘n breë skaduwee, waaronder ‘n hele afdeling soldate sou kan maneuvreer. Van Ooste en Weste kon dit van die see af gesien word, en sou as ’n teken kon gedien het as baken vir ‘n skip.

Maar dit was nie sy grootte wat nou so ‘n indruk op my maats maak nie; dit was die feit dat daar êrens onder sy skaduwee sewe honderd duisend pond begrawe lê. Hoe nader hulle aan die boom kom, hoe meer neem geldgierigheid by hulle die plek in van vrees. Hulle oë skitter; hulle voete word al haastiger; hulle hele siel was in daardie skat, wat daar vir elkeen lê en wag, en wat aan elkeen ‘n lewe van losbandigheid en plesier belowe.

Silver hink steun-steun voort op sy kruk. Sy neusgate staan wyd oop, en beef; hy vloek soos ‘n rasende as daar ‘n vlieg gaan sit op sy blinkwarm gesig; hy pluk woedend aan die lyn wat my aan hom vasbind, en elke slag gee hy my ‘n kyk asof hy my wou vermoor. Hy het nie die minste moeite gedoen om sy gedagte te verberg nie, en ek het dit gelees soos ‘n ope boek. In die nabyheid van die goud het hy alles vergeet: sy belofte, en die waarskuwing van die dokter, dit alles behoort nou aan die verlede. Ek was seker daarvan dat hy hoop om die skat in hande te kry, en dan die Hispaniola op te soek, iedere man, wat nie tot sy volgelinge behoort nie, keelaf te sny, en dan weg te seil soos sy eerste plan gewees het, belaai, met misdade en goud.

Ek was so geskok deur onrus, dat ek skaars kon byhou by die vinnige draf van die goudsoeker. Nou en dan het ek dan ook gestruikel; en dan gee Silver my ‘n nuwe ruk, en kyk my met moordenaars-oë aan. Dick het ver agter geraak, en babbel nou vloeke en gebede deurmekaar, want sy koors word al hoe strawwer. Dit het my nog ellendiger laat voel, en, om die kroon op alles te sit het die gedagte aan die bloedige treurspel my vervolg, tot daardie goddelose ou seeskuimer met die blou gesig – hy wat op Savannah dood is, en tot die laaste toe nog sy ses helpers omgebring het. Hierdie bos, wat nou so rustig was , het toe seker weergalm van hulle doodskrete; en ek verbeel my dat ek dit nog hoor!

Ons was nou aan die kant van die stuk bosveld. Hoera, maats, almal saam!” skree Merry; en die voorstes begin te hardloop.

Skielik, geen tien tree verder nie, sien ons hulle bly staan. Hulle praat almal deurmekaar. Silver loop so al wat hy kan, en werk vorentoe met sy kruk soos ‘n besetene; en die volgende oomblik staan ons twee ook by die ander.

Voor ons was ‘n groot kuil, en dit was lank al gegrawe, want die kante was ingestort en op die boom groei die gras al. Hierin lê die stukkende steel van ‘n pik, en die planke van verskeie kiste lê daar rond. Op een van die planke kon ek nog die naam lees, ingebrand met ‘n warm yster, van Flint se skip, die Walrus.

Alles was so duidelik as die dag. Iemand het die bêreplek ontdek, en geplunder: die sewehonderdduisend pond was weg!

Uit: *Skateiland*, R.L. StevensonVertaal deur Mev. A. E. Carinus-Holtzhauzen, 1925.Hierdie uitgawe: J.L. van Schaik Bpk, Pretoria, 1957.

### 3.3.7 Opdrag 1:

### 3.3.8 Om vrae te beantwoord waar die antwoorde uit die teks afgelei kan word[

### 3.3.9 Lu 3.2]

(a) Gee 'n beskrywing van die derde boom in die eerste paragraaf. Doen dit in keurige Afrikaans.
(b) Hoe beskryf die skrywer die goudsoekers se geldgierigheid in paragraaf 2?
(c) Hoe word Silver beskryf in die eerste sin van paragraaf 3?

### 3.3.10 Opdrag 2:

### 3.3.11 Om kreatief te dink

### 3.3.12 [LU 5.4.1]

Verbeter die volgende:

- So wyd **as** een huis.
- Soos 'n **ope** boek.
- Dit alles behoort **aan** die verlede.
- Sy koors word al hoe **strawwer**.
- Alles was so duidelik **as** die dag.
- Sy neusgate **staan wyd oop, en beef**.
- Ons was nou **aan die kant** van die stuk bosveld.
- 'n **Reus van 'n** boom.
- Die gedagte aan die bloedige treurspel het my **vervolg**.
- Wat is 'n **seeskuimer**? (Dink aan die **skuim van die aarde**).

### 3.3.13 Opdrag 3:

### 3.3.14 Om basiese vaardighede deur middel van saaklike taal en eenvoudige beskrywings te gebruik

### 3.3.15 [LU 4.3.3, 4.3.4]

Hierdie kaart dui aan waar die skat in die verhaal begrawe was.

Elkeen teken nou sy eie kaart met al die belangrike bakens.

Skryf **tien** stappe neer hoe om by die skat uit te kom.

Die plek waar die skat versteek is, bly 'n geheim, want julle gaan kaarte met mekaar ruil. Jou maat moet jou aanduidings volg om by die skat uit te kom.

Julle aanduidings of stappe moet in slim, verstaanbare taal beskryf word.





**Figure 3.4**

### 3.3.16 Opdrag 4:

### 3.3.17 Sluitingsoefening: om taal te gebruik vir dink en redeneer

### 3.3.18 [LU 5.1.3]

Sluitingsoefening

(a) Voltooi die leesstuk deur die woorde aan die einde van hierdie leesstuk op die mees logiese manier in die gapings in te vul.

Toe _ _ _ _ _ _ _ _ _ons almal die grot in. Dit was 'n groot lugtige plek, met 'n
fonteintjie, en 'n_ _ _ _ _ _ _ _ _ helder water, waaroor _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _
hang. Die_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ was sanderig. Voor 'n groot _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ lê
Kaptein Smollett; en in die verste hoek sien ek groot hope _ _ _ _ _ _ _ _ _skitter, en wat in groot vierkante gepak was. Dit was ou Flint
se _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ wat ons so ver kom soek het, en wat alreeds die
_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _van sewentien gekos het. Geen
mens op_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ kon vertel hoeveel _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _
en trane, hoeveel _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ en misdade, dit gekos het om dit bymekaar
te_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ nie, watter goeie _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ gesink het, hoeveel
_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ manne _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _die plank moes oorstap nie. Tog
was daar nog drie op die eiland -Silver, en ou Morgan, en Ben Gunn, - wat elkeen 'n

____________ gehad het in hierdie ______________soos elkeen ook tevergeefs gehoop het op 'n deel van die _____________te kry.

vuur mense dapper poel
buit skepe misdade gaan
leuens vloer aandeel geblinddoek
aarde varings goudstawe maak
skat bloed muntstukke dood

### 3.3.19 Opdrag 5:

### 3.3.20 Om met sinne te werk

### 3.3.21 [LU 6.2]

(a) In elk van die volgende sinne is daar 'n taal-, hoofletter-, spel-, leesteken- of logikafout. Skryf eers die fout neer en langsaan die korrekte antwoord:

Byvoorbeeld: Vraag: Die man wie daar loop.
Antwoord: Die man wat daar loop.

(i) Ek was gebore op Beaufort-Wes.

(i) My broer studeer op die universiteit van Stellenbosch.

(i) My oom is dood van sy hart.

(i) Hy het homself op die partytjie geniet.

(i) Die fiets wat ek mee ry, is al oud.

(i) Die stoel wat sy op sit, is geel geverf.

(i) Die skêr is stomp.

(i) My suster is op 'n streng dieët.

(i) Die Springbokke toer huidiglik deur Engeland.

(i) Die bankrowers het regs en links op die mense geskiet.

### 3.3.22 Asswessering

| |
|---|
| LU 3 |
| **LEES EN KYK**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 3.2 vir verskillende doeleindes hardop en stil lees deur gepaste leesstrategieë te gebruik (soos vluglees, soeklees, stiplees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleiding); |
| 3.9 die sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies in tekste (soos duidelik in aspekte soos inhoud, taal, kunswerk, karakterisering blyk), identifiseer en bespreek. |
| LU 4 |
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 4.1 verskeie verbeeldingstekste skryf: |
| 4.1.1 gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander; |
| 4.1.2 verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal en die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies. |
| 4.3 basiese vaardighede in spesifieke skryftegnieke gepas vir 'n tekssoort toon |
| 4.3.3 gebruik ruimte en rym in gedigte; |
| 4.3.4 toon volgorde in prosedures. |
| LU 5 |
| **DINK EN REDENEER**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 5.1 taal gebruik vir dink en redeneer: |
| 5.1.3 oorweeg twee moontlikhede en besluit watter een die beste keuse is; |
| 5.4 kreatief dink: |
| 5.4.1 visualiseer, voorspel, fantaseer en empatiseer om betekenis te skep en probleme op te los. |

**Table 3.4**

### 3.3.23

### 3.3.24 Memorandum

Opdrag 1

(In die leerder se eie woorde.)

a) Die derde boom was ongeveer tweehonderd voet hoog. Dit was 'n reuseboom met 'n stam so dik as die breedte van 'n huis. In die skaduwee van die boom kon 'n hele afdeling soldate saamtrek. Van ver af kon dit dien as 'n baken vir skepe.
b) Hulle oë het geskitter, en hulle het al hoe vinniger voortbeweeg, want hulle siele was in die skat omdat dit aan hulle 'n losbandige lewe vol plesier sou bied.

c) Sy neusgate (of neusvleuels) was wyd oop, en het gebewe; hy het boosaardig geskel wanneer ‘n vlieg op sy natgeswete gesig gaan sit het; hy het die tou wat my aan hom vasgebind het, woedend gepluk, en elke keer na my gekyk met moordlustige oë.

Opdrag 2

a)

(i) So wyd **soos** ‘n huis.
(ii) Soos ‘n **oop** boek.
(iii) Dit alles behoort **tot** die verlede.
(iv) Sy koors word al hoe **erger**.
(v) Alles was so duidelik **soos** die dag.
(vi) Sy neusgate was **wyd oopgesper en het gebewe**.
(vii) Ons was nou op die **rand** van die stuk bosveld.
(viii) ‘n **Reuseboom**.
(ix) Die gedagte aan die bloedige treurspel het my **agtervolg** (of **bygebly**).
(x) ‘n Seeskuimer is ‘n persoon van swak of twyfelagtige karakter. Uitgeworpenes uit die samelewing. Onderste laag van die gemeenskap. Gespuis. Skorriemorries.

Opdrag 3

Om basiese vaardighede deur middel van saaklike taal en eenvoudige beskrywings te gebruik

Opdrag 4

- gaan, poel, varings, vloer, vuur, muntstukke, goudstawe, skat, dood, mense, aarde, bloed, maak, skepe, dapper, geblinddoek, aandeel, misdade, buit.

Opdrag 5

(a)

(i) Ek **is** gebore **in** Beaufort-Wes.

(i) By broer studeer **aan** die Universiteit van Stellenbosch.
(ii) My oom is dood **aan** sy hart.
(iii) Hy het **hom** op die partytjie geniet.
(iv) Die fiets **waarmee** ek ry, is al oud.
(v) Die stoel **waarop** ek sit, is geel geverf.
(vi) Die **skêr** is stomp.
(vii) My suster is op ‘n streng **dieet**.
(viii) Die Springbokke toer **tans** deur Engeland.
(ix) Die bankrowers het **links en regs** op die mense geskiet.

# Chapter 4

# Kwartaal 4

## 4.1 Die pous en sy muil[1]

### 4.1.1 AFRIKAANS HUISTAAL

### 4.1.2 Graad 7

### 4.1.3 Module 15

### 4.1.4 Die Muil van Avignon

### 4.1.5 Die pous en sy muil

Hierdie is die verhaal van pous Boniface (Bô-nie-faas) en sy muil wat êrens tussen 1309 en 1377 in die pouslike paleis in Avignon gewoon het. Avignon is geleë in Provence, Frankryk.

Pous Johannes XXI,I wat hoof was van die Rooms-Katolieke kerk, het Rome met sy howelinge in 1309 verlaat, omdat die Italianers nie kon ophou om onder mekaar te baklei en oorlog te maak nie.

Hulle het hulleself in Avignon, Frankryk gaan vestig. Eers weer in 1377 het hulle na Rome teruggekeer. Boniface was een van die ses pouse wat in daardie tyd in Avignon gewoon het.

Hoofstuk 1

Toe die pouse in Avignon gebly het, was dit ‘n wonderlike stad. Die mense was vrolik en opgewek. Hulle het elke dag fees gevier en optogte deur die stad gehou. Die strate was bestrooi met blomme en behang met vlae. In die huise langs die pous se paleis was almal bedrywig. Party vrouens het kant gemaak en ander het materiaal geweef. Van die mans het musiekinstrumente gemaak. Almal het gesing terwyl hulle werk. Die mense het graag buite gedans, maar die strate was baie nou. Dan het die fluit- en tromspelers op die brug van Avignon gaan speel. Daar was plek vir almal om te dans.

Toe die pouse regeer het, was daar nooit oorlog of ‘n gebrek aan kos nie. Daarom het die mense hulle só gemis toe hulle nie meer daar was nie. Van al die pouse het die mense die meeste van Boniface gehou. Hy het altyd grappies met die mense gemaak as hy op sy muil deur die strate gery het. Elke Sondag na die aanddiens het pous Boniface na sy wingerd, wat hy self buite die stad geplant het, gegaan. Daar het hy saam met sy kardinale en sy muil gesit terwyl die son ondergaan. ‘n Fles wyn met die kleur van robyne is dan oopgemaak. Hy het dit met klein teugies gedrink terwyl hy sy wingerd bewonder. En dan, as die fles leeg was, het hy met ‘n gevoel van vrede in sy hart weer huis toe gery. Wanneer hulle oor die brug van Avignon gery het, het sy muil op die maat van die musiek begin trippel. Die pous het sy hoed saam met die musiek in die lug geswaai. Dit het die kardinale ontstel. Maar die mense het gesê: “O, wat ‘n gawe prins! Wat ‘n wonderlike pous!”

[1] This content is available online at <http://cnx.org/content/m23659/1.1/>.

Omdat die pous baie lief was vir sy muil, het hy haar vreeslik bederf. Elke aand na ete het hy vir haar ‘n bak wyn met suiker en kruie geneem. Hy het seker gemaak dat die stal se deur toe is en dat daar genoeg hooi was om te eet. Die muil het verdien om bederf te word. Sy was ‘n pragtige dier met ‘n blink, swart vel en rooi skimmelkolle. Haar rug was breed en sy was vas op haar pote. Haar mooi kop was versier met tossels, knope, strikke en silwer klokkies. Ook was sy so sag soos ‘n engel met groot, onskuldige oë en lang ore. Almal in Avignon het haar met respek behandel en vertroetel. Hulle was hoflik teenoor haar as sy op straat verskyn het. Die mense het geweet dat dit die maklikste manier was om in die pous se goeie boekies te wees. Met haar onskuldige voorkoms het sy baie mense gehelp om ryk te word.

(word vervolg)

### 4.1.6 Opdrag 1:

### 4.1.7 Om met waardering na verbeeldingryke tekste te luister en vrae te beantwoord

### 4.1.8 [LU 1.1, 4.1]

(a) Watter plek word in die eerste paragraaf beskryf?

Wie word in die daaropvolgende twee paragrawe beskryf?

(a) Van wie kom ons meer te wete in paragraaf 4?
(b) In hierdie uittreksel het ons kennis gemaak met die drie hoofkarakters van die verhaal. Skryf hulle name neer.
(c) Stem julle saam met die volgende stellings? Staaf julle antwoorde met toepaslike aanhalings.
(d) Die inwoners van Avignon was ‘n klomp suurpruime.

- Avignon was ‘n spookdorp.
- Die stad was vaal en kleurloos.
- (i) Daar het nooit besoekers gekom nie.
  (ii) Daar het ‘n stilte in die strate geheers.
  (iii) In die huise om die paleis was dit rustig en stil.
  (iv) Die mense was te lui om te werk.
  (v) Die mense van Avignon was sielsongelukkig en sedig.
  (vi) Die mense was alleenlik gelukkig as hulle hard moes werk.
  (vii) Die fluit- en tromspelers het slegs by begrafnisse gespeel.
- Vertel nou in jou eie woorde hoekom Avignon ’n wonderlike stad was in die tyd van die pouse.

### 4.1.9 Die inleiding tot die verhaal

Hoofstuk I dien as **inleiding** tot die verhaal.

Eerstens beskryf dit baie mooi **waar** die verhaal afspeel, en **hoe** soort plek dit was.

Tweedens word die **hoofkarakters** van die verhaal aan die leser voorgestel.

Die taal wat die skrywer gebruik, is **beskrywend** van aard. Taal word dus gebruik om inligting oor te dra. Dit dra daartoe by om **gevoel** en **tekstuur** aan die verhaal te verleen. In jul geestesoog moet julle kan visualiseer hoe dit in Avignon gelyk het.

Dit is deel van die menslike natuur om stories te vertel. Party mense kan dit beter doen as ander, veral omdat hulle van keurige taal gebruik maak.

### 4.1.10 Opdrag 2:

### 4.1.11 Om beskrywende taal te gebruik

### 4.1.12 [LU 1.1]

(a) Skryf die skrywer se beskrywing van die muil neer (par. 3):
(b) Is die beskrywing volledig genoeg sodat jy ‘n prent van die muil kan teken? Probeer.

### 4.1.13 Opdrag 3:

### 4.1.14 Om noukeurig na ‘n teks te luister en die vrae te beantwoord

### 4.1.15 [LU 1.2]

(a) Die skrywer **skilder** met woorde. Van Tistet Vedene sê hy die volgende in paragraaf 4: Voltooi.
(b) Hy was ‘n regte klein
(c) Sy pa het hom weggejaag omdat
(d) Hy het die ander leerjongens gedurig
(e) Is dit **mooi** of **slegte** karaktereienskappe?
(f) Die woorde **karnallie** en **vabond** beteken dieselfde. Kies die betekenis daarvan uit die volgende woorde en onderstreep die korrekte woord.

(gehoorsaam, soet, bedagsaam, ondeund)

- Hoe beskryf die skrywer die bottel rooiwyn wat die pous by sy wingerd gedrink het? (par. 2)
- Wat het die muil gedoen as hulle oor die brug van Avignon gery het? (par. 6)
- Hoe het die inwoners van Avignon opgetree teenoor die muil? (par. 3)
- Waarmee vergelyk die skrywer die muil? (par. 3)
- Watter plan het Tistet Vedene beraam met die muil? (par. 4)

### 4.1.16 Opdrag 4:

### 4.1.17 Om ‘n teks spontaan te lees en vrae daaroor te beantwoord

### 4.1.18 [LU 3.1]

(a) Lees weer paragraaf 2 en beantwoord die volgende vrae:
(b) (i) Van watter pous het die mense van Avignon die meeste gehou?
 (ii) Hoekom?
(c) **Hoekom het die pous se gedrag die kardinale ontstel?**
(d) Vertel in jou eie woorde wat Boniface elke Sondagaand na die kerkdiens gedoen het.
(e) Dramatiseer die terugtog soos in paragraaf 2 beskryf.

Vorm groepe van ses. Twee lede van elke groep is die muil. Een is die pous wat op die muil ry. Die ander drie lede moet “musiek” maak: gebuik sommer ‘n kartondoos as ‘n trom, koeldrankblikkies met klippies gevul, ens. Die muil moet kan danspassies uitvoer op die maat van die musiek. Die musiek moet ritmies wees.

### 4.1.19 Die waarheid oor Avignon

In die geskiedenisboeke lees ons dat Avignon ‘n toevlugsoord vir ontsnapte tronkvoëls en avonturiers was. Vervalsing en smokkelary was aan die orde van die dag. Daar was talle herberge en kroeë waar mans en vrouens van twyfelagtige karakter uitgehang het.

Van tyd tot tyd het peste die stad getref en die inwoners afgemaai. Bendes soldate wat geleef het van plundering en aanranding, het gereeld die stad aangedoen. Dan het die pous sy seën oor hulle uitgespreek en met duisende goue munte betaal om die stad te verlaat.

Ongeveer 25 km van Avignon was Beaucaire, 'n dorpie wat in die Middeleeue bekend was vir die kermis wat elke jaar in Julie daar aangebied is. Dan het 300 000 mense op die dorp toegesak om handel te dryf, pret te maak en fees te vier.

Die strate en huise is met vlae en baniere versier en die strate was gepak met besoekers en hul handelsware. Diegene wat nie in die dorp verblyf kon kry nie, het op die skepe wat op die rivier voor anker gelê het, geslaap.

Tydens die kermis het die mense handel gedryf in wyn, juweliersware, olie en seep. Wol, sy, linne, katoen, gekleurde weefstowwe, klere, wapens, hardeware, tou, saals en tome is ook verkoop. Op die walle van die rivier is gedroogde vis, suiker, kakao, koffie, kaneel, vanielje, suurlemoene, lemoene en dadels te koop aangebied.

Daar was 'n kermisterrein met stalletjies waar speletjies gespeel kon word en enigiets van parfuum tot pype is te koop aangebied. Tuimelaars en kulkunstenaars, akrobate en hansworse het die mense vermaak; vrouens met baarde, reuse en dwerge, bobbejane, honde wat toertjies uitvoer, leeus, bere en olifante het die mense se asem weggeslaan.

Dit was 'n week van jolyt, pret en opgewondenheid en die besoekers het almal hul besoek aan die kermis op Beaucaire terdeë geniet!

### 4.1.20 Die agtergrond van die verhaal

Enige verhaal, hetsy roman, kortverhaal, drama, essay of brief, speel teen 'n bepaalde agtergrond af.

Inleidend tot die verhaal van *Die muil van Avignon*, sê die skrywer die volgende:

Wanneer die boerevolk van Provence praat van iemand wat moedswillig en haatdraend is, sê hulle: "Oppas vir daardie man! Hy is soos die pous se muil en die skop wat sy sewe jaar lank bewaar het."

Ek het lank na die oorsprong van hierdie gesegde gesoek, maar niemand kon lig op die saak werp nie. Ek het vermoed dat dit afkomstig moes gewees het uit Avignon se wêreld, uit die dae toe die pouse nog daar gesetel was.

Uiteindelik het ek my gewend tot die plaaslike biblioteek waar ek 'n week lank rondgesnuffel het. Daar het ek gekry waarna ek gesoek het, die storie van die muil en die skop wat sy sewe jaar lank bewaar het. Die verhaal is prettig, hoewel ietwat naïef. Ek gaan probeer om dit te vertel soos ek dit gelees het in 'n oeroue manuskrip wat geruik het na droë laventel en met spinnerakdrade as bladwysers.

Omdat die verhaal "prettig en naïef" is, soos die skrywer self sê, sou die verhaal nie so genotvol gewees het as hy die stad Avignon beskryf het soos dit werklik gedurende die tyd van die pouse was nie. Vir die doel van die verhaal moes die inwoners van Avignon altyd in 'n feestelike stemming wees.

As inspirasie het die aktiwiteite op die nabygeleë Beaucaire handig te pas gekom.

Wanneer 'n skrywer 'n storie skryf, kan hy die bestaande feite "verdraai" en in die proses 'n **nuwe werklikheid** skep. Hy las nuwe dinge by want sy hoofdoel is om 'n lekker storie te skryf wat die mense sal geniet om te lees. Hy weet dat die lesers nie 'n foto van die werklikheid verwag nie.

'n Skrywer moet kreatief omgaan met die werklikheid – hy moet **skeppend** en **verbeeldingryk** wees.

Om te verseker dat die verhaal slaag, het hy 'n ander Avignon geskep wat daartoe bygedra het dat *Die Muil van Avignon* 'n opgewekte en humoristiese verhaal is wat met genot gelees word.

### 4.1.21 Opdrag 5:

### 4.1.22 Om 'n kreatiewe en speelse opstel te skryf

### 4.1.23 [LU 4.4.2]

Nou is dit julle beurt om 'n bestaande verhaal te neem, en dit oor te vertel in 'n hedendaagse konteks.

(a) Jou ouma woon alleen in 'n skakelhuisie aan die anderkant van die dorp. Jou ma stuur jou om vir haar 'n sak met kos te neem wat julle by die supermark gekoop het.

(b) Beskryf jou reis na die ouma toe. Sy woon etlike kilometers van julle af. Dit is te ver om te stap.
(c) Op pad soontoe keer ‘n man met rooi hare en baie sproete jou voor. Kom ons noem hom Rooipappie.
(d) Sluit af deur te vertel wat gebeur het toe jy by jou ouma se huis aangekom het.

### 4.1.24 Woordsoorte

Woordsoorte word uitgeken op grond van hul funksies, m.a.w. die werk wat hulle doen. Woorde kan hiervolgens in tien groepe ingedeel word:

- Selfstandige naamwoorde

(Dit is woorde wat mense, diere, plekke of dinge **name** gee.)
Elke **Sondag** na die **aanddiens** het **Boniface** na sy **wingerd** buite die **stad** gegaan.
Wanneer hulle oor die **brug** van **Avignon** gery het, het sy **muil** op maat van die **musiek** begin trippel.

### 4.1.25 Opdrag 6:

### 4.1.26 Om selfstandige naamwoorde te herken

### 4.1.27 [LU 6.1]

Onderstreep die selfstandige naamwoorde in die volgende paragraaf:

1. Elke aand na ete het hy vir haar ‘n bak wyn met suiker en kruie geneem.
2. Almal in Avignon het haar met respek behandel en vertroetel.
3. Boonop het hy die ander leerjongens in die moeilikheid laat beland.

(a) Selfstandige naamwoorde het in baie gevalle ‘n meervoud.

- Meervoude met **-e**

Dit is gewoonlik eenlettergrepige woorde:
pous – pouse stoel – stoele
muil – muile perd – perde
aand – aande maand – maande

- Meervoude met **-s**

Dit is gewoonlik woorde met meer as een lettergreep met die klem op die eerste lettergreep:
meisie – meisies leisel – leisels
motor – motors koppie – koppies
rottang – rottangs lepel – lepels

- Meervoude met **‘s**

Dit is gewoonlik woorde wat op ‘n **i**, **o**, **u** en ‘n beklemtoonde **a** eindig:
radio – radio’s ski – ski’s
hoera – hoera’s alibi – alibi’s
balju – balju’s trio – trio’s
pa – pa’s

Hoe sou hierdie meervoude geklink het as daar net ‘n gewone **s** sonder die afkapping aan die einde van die woord was?

### 4.1.28 Opdrag 7:

### 4.1.29 Om die meervoude van woorde neer te skryf

### 4.1.30 [LU 6.2]

(a) Skryf die meervoude van die vetgedrukte woorde in die volgende sin neer:

Hulle het elke **dag fees** gevier en 'n **optog** deur die **stad** gehou.

(i) dag
(ii) fees
(iii) optog
(iv) stad

Wat merk julle? Inderdaad, daar is uitsonderings.

(a) Skryf ook die volgende meervoude van die vetgedrukte woorde neer:

Toe die pouse regeer, was daar nooit **oorlog** of 'n **gebrek** aan **kos** nie.

- oorlog
- gebrek
- kos
- Verkleinwoorde (Dinge wat klein is)

Ons verklein ook dikwels as ons nie aan 'n bepaalde voorwerp as iets kleins dink nie.

- Gewoonlik doen ons dit wanneer ons **jaloers** is, bv. "Ek sien Koos het 'n nuwe ou **karretjie** gekoop." (Pa sê dit van die buurman se nuwe 4 x 4 voertuig.)
- Ma praat **liefderik** van haar lummel van 'n seun op universiteit as haar **skapie**.
- Pa praat **veragtend** van die ou **klerkie** (wat dalk 'n groot kêrel is), vir wie hy hom bloedig vererg het omdat hy sy werk nie na behore kan doen nie.

### 4.1.31 Opdrag 8:

### 4.1.32 Om die verkleining van selfstandige naamwoorde neer te skryf

### 4.1.33 [LU 6.2.1]

Ma het die motor gestamp. Daar is 'n groot **duik** in die modderskerm. Verklein die vetgedrukte woord en maak 'n sin daarmee as sy vir Pa daarvan vertel.

Ma en Pa kuier by vriende. Teen die einde van die aand wil Ma huistoe gaan want sy is vaak, maar Pa steek eers nog 'n **sigaret** aan en skink nog 'n glas **wyn**. Verklein die twee vetgedrukte woorde en skryf Pa se verduideliking aan Ma neer.

Pa is in die sop by Ma omdat hy laat by die huis aangekom het. Hoe spreek hy haar aan as hy verskoning maak? Gebruik die verkleinvorm van **duif**, en skryf sy verskoning neer.

(i) Verkleinwoorde wat eindig op:

**-ie:** huisie, dorpie, duifie, harkie, ploegie, briefie.

**-tjie:** paaltjie, soentjie, stoeltjie, oumatjie, tuintjie, bytjie.

**-jie:** hoedjie, pootjie, liedjie, handjie, bordjie, matjie.

Woorde wat op –**d** of –**t** eindig, kry 'n –**jie** wanneer hulle verklein word.

**-pie:** besempie, armpie, stroompie, lappie, raampie, alarmpie.

Woorde wat op –**m** eindig, kry ‘n –**pie** wanneer hulle verklein word.

**-kie:** woninkie (woning), heininkie (heining), piesankie (piesang), beweginkie (beweging), kettinkie (ketting), leninkie (lening).

Woorde wat uit meer as een lettergreep bestaan en op –**ng** eindig, kry ‘n –**kie**. Let op dat die **g** wegval.

**-etjie:** balletjie, blommetjie, dammetjie, lemmetjie, pennetjie, slangetjie.

### 4.1.34 Assessering

| Leeruitkomstes(LUs) |
|---|
| |
| LU 1 |
| **LUISTER**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne ‘n wye verskeidenheid situasies te reageer. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 1.1 ekspressiewe, verbeelding verhalende tekste na luister en waardeer: |
| 1.2 aktief en noukeurig luister vir spesifieke inligting en hoofgedagtes, en op gepaste wyse reageer, bv: |
| 1.2.1 notas en opsommings maak, en inligting akkuraat weergee; |
| 1.2.2 opinies oordink, taktvolle vrae vra, en uitdaag waar nodig; |
| 1.4 die gebruik van nie-verbale strategieë (bv. gesigsuitdrukkings, gebare en volume) identifiseer en vertolk; |
| 1.5 spesifieke woorde, sinsnedes en sinne wat die luisteraar beïnvloed, identifiseer (bv. gevoelvolle taal, onderskeid maak tussen feit en opinie, vooroordeel herken); |
| 1.7 waardes en historiese, sosiale en kulturele kontekste van uitgesoekte tekste identifiseer. |
| LU 3 |
| **LEES EN BESIGTIG**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.1 spontaan lees, dikwels vir plesier en inligting oor ‘n wye reeks tekstipes wat bestudeer is: |
| 3.3 die doel, gehoor en konteks van ‘n teks identifiseer: |
| 3.4 begrip toon van die teks, die doel daarvan en die verwantskap met sy eie lewe, deur die tema, karakters en waar die verhaal afspeel, te bespreek. |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| LU 4 |
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 4.1 'n uitgesoekte reeks verbeeldingryke tekste skryf: |
| 4.1.1 verbeelding, idees en gevoelens van die self en ander uit te druk; |
| 4.3 basiese vaardighede in spesifieke skryftegnieke wat gepas is vir 'n tekssoort toon: |
| 4.4.2 kreatiewe en speelse gebruik van taal d.m.v. vertellende en beskrywende opstelle te verken; |
| LU 6 |
| **TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIK**Die leerder ken en is in staat om die klanke,woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 6.2 werk met sinne: |
| 6.2.1 die volgende in konteks identifiseer en gebruik; selfstandige naamwoorde, meervoude, verkleinwoorde, geslag; |
| 6.2.2 verskillende sinsoorte gebruik; |
| 6.2.7 die aktief (bedrywende vorm) en passief (lydende vorm) gebruik en verstaan wanneer elkeen gepas is. |

**Table 4.1**

### 4.1.35 Memorandum

Opdrag 1

Antwoorde :

(a) Die stad Avignon.
(b)

(i) Die pous.
(ii) Die pous se muil.

(a) Tistet Vedene.
(b)

(i) Pous Boniface.
(ii) Die pous se muil.
(iii) Die karnallie Tistet Vedene.
(i) **Nee**: Avignon was 'n wonderlike stad. Die mense was vrolik en opgewek.

- **Nee**: Die mense het elke dag fees gevier.
- **Nee**: Die strate was bestrooi met blomme en behang met vlae.
- **Nee**:
- **Nee**: Die mense het elke dag fees gevier en optogte deur die strate gehou.
- **Nee**: In die huise langs die pous se paleis was almal bedrywig.
- **Nee**: Almal was bedrywig.
- **Nee**: Almal het gesing terwyl hulle werk.

- **Nee**: Die mense het graag buite gedans.
- **Nee**: Die mense het graag buite gedans, maar die strate was baie nou. Dan het die fluit- en tromspelers op die brug van Avignon gaan speel.

Opdrag 2

Lees paragraaf 3 voor aan die leerders, selfs ‘n paar keer indien nodig. Laat die leerders mondeling die verskillende karaktereienskappe beurtelings opnoem. Dan skryf hulle dit neer in hul werkvelle en teken dan ‘n prent van die muil. Verkieslik moet hulle nie die geskrewe teks raadpleeg nie.

Opdrag 3

Verduidelik aan die leerders hoe belangrik die regte woord binne ‘n teks is. Dit maak die verhaal interessant, kleurvol, en dit skep atmosfeer. Toets die leerders (vraag 1 – 5) n.a.v. die beskrywing van Tistet Vedene in paragraaf 10. Dit stel hulle in staat om ‘n duidelike beeld van die karakter te vorm.

Vanaf vraag 6 tot 10 word vrae gestel wat aandui hoe die skrywer met woorde **gevoel** en **atmosfeer** skep.

Antwoorde:

(a)

(i) niksnuts

(i) hy te lui was om te werk
(ii) in die moeilikheid laat beland
(iii) slegte eienskappe
(iv) ondeund
(v) ‘n Fles wyn met die kleur van robyne is dan oopgemaak.
(vi) Die muil het op die maat van die musiek begin trippel.
(vii) Almal in Avignon het haar met respek behandel en vertroetel. Hulle was hoflik teenoor haar.
(viii) Sy was so sag soos ‘n engel.
(ix) Hy wou die muil tot sy voordeel gebruik.

Opdrag 4

(i) Boniface

(a) (i) Hy het altyd grappies met die mense gemaak. Hy was vrolik en opgewek, want hy het sy hoed in die lug geswaai op maat van die musiek. Daarom het die mense gesê hy is ‘n gawe prins en ‘n wonderlike pous.

(b) Die kardinale is baie belangrike ampdraers in die Rooms-Katolieke kerk. Uit hulle geledere word ‘n pous, wat die hoof van die Rooms-Katolieke kerk is, gekies. Die kardinale in Avignon het gevoel dat Pous Boniface hom nie met die nodige waardigheid gedra nie. Sy optrede, het hulle gevoel, doen afbreek aan die status van ‘n pous

Opdrag 5

Die verhaal van Rooikappie dien as basis vir hierdie opdrag. Die leerders se verbeeldingskrag kan vrye teuels gegee word.

Opdrag 6

1. aand ete bak wyn suiker kruie
2. Avignon respek
3. leerjongens

Opdrag 7

(a) dag - dae
fees - feeste
optog - optogte
stad - stede
(b) oorlog - oorloë
gebrek - gebreke

kos - kosse - kossoorte
Opdrag 8
duik - duikie
"Ek het die motor gestamp, maar daar is maar net 'n klein ou duikie in die modderskerm."
sigaret - sigaretjie
wyn - wyntjie
"Ek wil nog net een sigaretjie rook en 'n wyntjie drink voordat ons loop."
duif - duifie
"Ek is jammer ek is laat, my ou duifie, maar ek het in die verkeer vasgesit."

## 4.2 Die skrywer Alphonse Daudet[2]

### 4.2.1 AFRIKAANS HUISTAAL

### 4.2.2 Graad 7

### 4.2.3 Module 16

### 4.2.4 Die skrywer Alphonse Daudet

**Alphonse Daudet (1840 – 1892)** was een van Frankryk se bekendste skrywers.

Hy is in Provence op die Franse platteland gebore waar hy sy kinderjare deurgebring het. In hierdie tyd het hy 'n lewenslange liefde vir die mense van hierdie streek ontwikkel.

Op 16-jarige leeftyd moes hy skool verlaat vanweë huislike omstandighede. Hy het na Parys vertrek waar hy by sy broer, 'n joernalis, gaan bly het.

Kort na sy aankoms het hy begin om vir homself naam te maak as skrywer van gedigte, romans en toneelstukke.

Vanweë sy swak gesondheid a.g.v. die ontberings wat hy moes verduur gedurende die eerste twee jaar van sy verblyf in Parys, het hy dikwels na die Franse platteland gereis om te gaan rus en aan te sterk. Tydens hierdie periodes het hy stof versamel vir die kortverhale, of te wel briewe, wat in 1869 sou verskyn in sy bundel, *Poskaarte uit my meul*.

*Die Muil van Avignon* is een van die kortverhale wat in *Poskaarte uit my meul* opgeneem is.

Sy skryfwerk is veral gekenmerk deur **deernis** en **empatie** waarmee hy die karakters in sy verhale uitgebeeld het, en ook sy beskrywing van die andersheid van die mense, plekke en dinge in die verhale.

Trouens, hy is daarvan beskuldig dat hy alles en almal **verromantiseer** het in sy skryfwerk.

### 4.2.5 Opdrag 1:

### 4.2.6 Om die skrywer se woordgebruik te verduidelik

### 4.2.7 [LU 3.1.1]

Alponse Daudet se skryfwerk is gekenmerk deur **deernis** en **empatie**. Hy is ook daarvan beskuldig dat hy alles en almal **verromantiseer** het in sy skryfwerk.

Gebruik 'n verklarende woordeboek om hierdie woorde te verduidelik:

- deernis
- (i) empatie
  (ii) romantiseer
- Skryf ook die betekenis neer van die volgende:
  (i) karakteriseer

[2] This content is available online at <http://cnx.org/content/m23660/1.1/>.

(ii) prosa
(iii) poëties

hoofstuk 2

‘n Goeie voorbeeld hiervan was die merkwaardige verhaal van Tistet Vedene. Vroeg reeds was Tistet Vedene ‘n regte klein niksnuts. Sy vader, die goudsmid, het hom weggejaag omdat hy te lui was om te werk. Boonop het hy die ander leerjongens gedurig in die moeilikheid laat beland. Ses maande lank het hy in die strate van Avignon rondgedwaal, veral naby die pous se paleis. Die klein vabond het lank reeds planne beraam om die pous se muil te gebruik tot sy voordeel.

Op ‘n dag toe die pous alleen gaan ry het op sy muil, het hy die karnallie raakgeloop. Die knaap het vol bewondering uitgeroep: “Heilige Vader, wat ‘n pragtige muil!” Hy het die muil gestreel en gesê: “Selfs die keiser van Duitsland se muil is nie mooier nie!” Hy het liefderyk in die muil se oor gefluister: “My juweel, my skat, my kosbare pêrel!” Die pous was diep ontroer. Hy het by homself gedink: “Wat ‘n oulike seun! Kyk hoe gaaf is hy teenoor my muil!” En raai wat gebeur die volgende dag? Tistet het sy ou, geel baadjie verruil vir ‘n koorhemp met ‘n kantkraag en ‘n pers mantel. Hy het een van die pous se koorknape geword. Dit was ‘n voorreg wat slegs bedoel was vir seuns uit die adelstand. Sy gekonkel het vrugte afgewerp, maar dit was maar net die begin.

Toe hy eers in die pous se diens was, het hy voortgegaan om sy speletjie te speel. Hy was astrant teenoor almal behalwe die pous se muil. Teenoor haar was hy baie sorgsaam. Hy het gedurig vir haar hawer en lusern aangedra, en dan het hy seker gemaak dat die pous hom sien. So het dit dan gebeur dat die pous besluit het om die versorging van die muil aan Tistet op te dra. Hy het hom toegelaat om die bak kruiewyn elke aand vir die muil te neem. Hieroor was die kardinale baie suur.

Maar dit het die arme muil duur te staan gekom. Net voor dit tyd was vir die wyn, het Tistet se koorvriende ook hul opwagting gemaak. Met hul koorhemde en mantels het hulle in die hooi kom baljaar. Dan, as Tistet opdaag met die wyn, het die marteling van die arme dier eers begin.

Die gegeurde wyn waarvoor die muil so lief was, het die nare Tistet tot by haar neus gebring om te ruik. Maar oomblikke later het die koorknape dit opgedrink. Dan het hulle soos duiweltjies geword. Die een het haar ore getrek en ‘n ander een het haar stert getrek. Hulle het wydsbeen op haar rug gespring, en hul pette oor haar oë getrek.

Maar sy was nie verniet die pous se muil nie. Sy het kalm gebly al wou sy so graag een van hulle ‘n skop gee. Elke keer as Tistet agter haar staan, kon sy voel hoe haar hoewe begin jeuk. Sy wou veral vir hom een harde skop gee omdat hy sulke nare poetse op haar gebak het.

Eendag het hy haar in die kloktoring van die paleis opgeneem tot heel bo. Die arme muil het byna gesterf van vrees. Sy moes ‘n uur lank om en om die trappe klim. Toe sy eindelik bo kom, het Avignon ver, ver onder haar gelê. Die mense was so groot soos miere. Die arme muil het so hard begin balk dat elke ruit van die paleis begin bewe het.

Die pous het na buite gehardloop: “Wat makeer? Wat doen hulle aan my arme muil?

Tistet was in die binnehof. Hy het gemaak asof hy huil.

“Vader, dit is vreeslik! Dis is u muil wat in die kloktoring opgeklim het!”

“Wat! Op haar eie?” het die pous verskrik gevra.

“Ja, Vader,” antwoord Tistet. “Op haar eie!”

“Grote genade!” roep die pous. “Het sy dan mal geword? Kom dadelik af, jou lawwe dier!”

Maar die vraag was “Hoe?”. Trappe op was maklik, maar trappe af sou sy net haar bene breek. Terwyl sy verskrik in die toring gewag het, het sy gedink: “Wag maar, Tistet. As ek hier afkom, gaan jy die skop van jou lewe kry.”

Met ‘n katrol, toue en ‘n draagbaar het hulle die muil laat afsak grond toe. Dit was nie vir haar lekker om in die lug rond te swaai voor al die mense nie. Almal het vir haar gelag.

Daardie nag het sy nie ‘n oog toegemaak nie. Sy het net gedink aan Tistet Vedene en die skop wat sy vir hom die volgende dag sou gee.

Dit sou ‘n magtige skop wees.

(word vervolg)

### 4.2.8 Opdrag 2:

### 4.2.9 Om basiese vaardighede in spesifieke skryftegnieke te toon

### 4.2.10 [LU 4.3]

Dwarsdeur die verhaal was daar altyd jolyt, pret en plesierigheid. Maar daar het ‘n wending ingetree. Iets treurigs het gebeur. Wat was dit

In hierdie aflewering bereik die verhaal sy **hoogtepunt** of **klimaks**.

Wat is die **hoogtepunt** van die verhaal?

### 4.2.11 Opdrag 3:

### 4.2.12 Om in ‘n groep aan ‘n bespreking deel te neem

### 4.2.13 [LU 2.4]

Vorm groepe. Lees die hoofstuk baie noukeurig. Elkeen in die groep kry ‘n beurt om ‘n paragraaf hardop voor te lees.

Bespreek nou die volgende vrae:

1. Hoe het Tistet Vedene daarin geslaag om in die pous se goeie boekies te kom?
2. Hoe het hy teenoor die muil opgetree?
3. Hoe het sy gedrag verander teenoor die muil wanneer sy maats kom speel het?
4. Beskryf eerstens die muil se gevoelens wat sy ervaar het toe Tistet Vedene haar tot bo-op die toring geneem het. Bespreek dan hoe sy gevoel het toe die mense haar moes terugbring aarde toe.
5. Soek woorde in die uittreksel wat vir ons meer vertel van Tistet Vedene.

Onthou die reëls van groepwerk is die volgende:

1. Neem beurte om te praat. Almal kan nie gelyk praat nie.
2. Bly by die onderwerp.
3. Vra vrae wat betrekking het op die onderwerp van bespreking.
4. Luister na ander se idees en reageer met hoflikheid en respek daarop.
5. Verskaf gebalanseerde en opbouende terugvoer aan die res van die klas.

### 4.2.14 Opdrag 4:

### 4.2.15 Om vrae te beantwoord na aanleiding van die teks wat gelees is

### 4.2.16 [LU 3.1]

Trek ‘n kruisie in die gepaste blokkie na elke stelling:

| | JA | NEE |
|---|---|---|
| Tistet Vedene was ‘n boelie. | | |
| Die pous het hom laat bluf deur Tistet. | | |
| Tistet se gekonkel het vrugte afgewerp. | | |
| Tistet was net astrant teenoor die muil. | | |
| Hy was traag om die muil kos te gee. | | |
| Die pous alleen het elke aand vir die muil haar kruiewyn geneem. | | |
| Die muil het gehou van die poetse wat Tistet op haar gebak het. | | |
| Die muil het byna gesterf van vrees toe Tistet haar by die kloktoring opgeneem het. | | |
| Die pous was ontstel deur die gebeure. | | |
| Tistet was ‘n baie eerlike seun. | | |

**Table 4.2**

### 4.2.17 Woordsoorte

Voornaamwoorde word gebruik wanneer ons nie die name van persone of dinge wil noem nie. Ons kan sê: “Gee vir Sarel Sarel se toebroodjies.” Dit is egter makliker om te sê: “Gee vir Sarel **sy** toebroodjies,” of “Gee vir **hom sy** toebroodjies.”

Sulke woorde wat **mense** en **dinge** aandui, word **voornaamwoorde** genoem.

Nog voorbeelde:

- **Ek** sien **hom** aankom.
- **Dit** is **my** CD wat **hy** geleen het.
- Hierdie boek is nie **myne** nie, maar **syne**.

- Persoonlike voornaamwoorde

Hulle is veral die volgende:

**Ek**, **jy** en **u** moet almal teenwoordig wees.
Wie is **dit** daardie?
**Hy** en **sy** is nooi en kêrel.
**Ons** gaan eers by **julle** kuier en dan by **hulle**.
Verskoon **my**.
Onse Vader, laat **U** wil geskied.

### 4.2.18 Opdrag 5:

### 4.2.19 Om sinne te maak waarin voornaamwoorde voorkom

### 4.2.20 [LU 6.2.2]

Maak soveel sinne as wat jy kan:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| KarelHyDie slagterDaardie man | iswas | ‘n kollega‘n kennis‘n buurman‘n familielid‘n kêrel‘n swaer‘n werkgewer‘n vyand | van | myhaarjou neefElsiejullehullejouhom |

**Table 4.3**

- Betreklike voornaamwoorde

Die belangrikste betreklike voornaamwoorde is:

wat, wie, wie se, waaronder, waarop

Hulle word gebruik ná die selfstandige naamwoord. Hulle het **betrekking** op die mense, diere of dinge wat direk voor hulle staan.

Die man **wat** daar sit, is my oom.

Die man **wie** se motor gesteel is, is my oom.

Die sambreel **waaronder** ons sit, verskaf koelte.

Die stoel **waarop** jy sit, is ‘n antiek.

Die mense aan **wie** ek die grap vertel het, het gelag.

### 4.2.21 Opdrag 6:

### 4.2.22 Om betreklike voornaamwoorde in sinne te gebruik

### 4.2.23 [LU 6.2.2]

Onderstreep die regte woord tussen hakies:

- Die man (wie/wat) daar woon.
- Die kat (wie/wat) kleintjies gekry het.
- Die bal (wie/wat) oor die muur gehop het.

Vul die regte betreklike voornaamvoorde in:

- Die seun _______________daar staan, sing ook in die koor.
- Die man ____________ motor omgeval het, is in die hospitaal.
- Is dit die mes ____________ jy jou gesny het?
- Die fiets ____________ ek gekoop het, is rooi.
- Dit is Peet ____________ se broer oorsee is.
- Die glas ___________ jy drink, is gebars.
- Die vrou met _______________ ek gepraat, werk saam met my ma.
- Die rolskaatse __________ ek R100,00 betaal het, is gesteel.
- Waar is die hond _____________ aanhoudend blaf?
- Die huis _____________ ons woon, is oud.

- Besitlike voornaamwoorde

Ma wil **my** hemp, **jou** broek en **sy** trui was.

**Ons** klere is baie modieus, maar **hulle** klere is outyds.

Die vetgedrukte woorde in hierdie sinne dui op **besittings**.

Opdrag 7:

Om die korrekte voornaamwoorde in te vul

[LU 6.2.2]

Vul die korrekte voornaamwoorde in:

1. Sy sê dit is ___________ tas.
2. As jy sê dis jou boek, dan moet dit seker maar __________ wees.
3. Ek was elke dag _________ hare.
4. Dit is my pen. Ek skryf al jare __________ .
5. As die sakrekenaar aan haar behoort, dan is dit ___________ .
6. Dit is nie myne nie. dit is __________ .
7. Watter boeke is ___________ s'n?

### 4.2.24 Assessering

| |
|---|
| LU 2 |
| **PRAAT**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend en gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.1 idees en gevoelens verbeeldingryk en met hulp en ondersteuning verbeeldingryk kommunikeer deur gebruik te maak van uitgesoekte tekstipes (stories, grappe, dramas): |
| 2.2 idees, feite en opinies duidelik, akkuraat en samehangend kommunikeer met behulp van 'n beperkte reeks feitelike en mondelinge tekste (bv. besprekings en bondige argumente): |
| 2.3 basiese vaardighede in uitgesoekte mondelinge tekssoorte demonstreer: |
| 2.3.1 mondelinge beskrywings akkuraat in volgorde plaas; |
| 2.3.2 logiese argumente aanbied; |
| 2.4 basiese interaktiewe vaardighede demonstreer deur aktiewe deelname in groepbesprekings, gesprekke, onderhoude en debatte, en terwyl dit gedoen word: |
| 2.4.1 belangrike sake aanspreek; |
| 2.4.3 ander se opinies respekteer en erken; |
| 2.4.4 eie standpunt verduidelik; |
| 2.4.5 kritiek lewer; |
| 2.4.7 sensitiwiteit toon vir ander se gevoelens; |
| 2.5 mondelinge aanbiedings akkuraat en kreatief aanbied met die nodige aandag aan: |
| 2.5.1 duidelike en hoorbare uitspraak; |
| 2.5.2 pousering; |
| 2.5.3 afwisseling vir tempo en volume; |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| 2.5.4 doel en gehoor; |
| 2.5.5 liggaamshouding en -taal. |
| LU 3 |
| **LEES EN BESIGTIG**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.1 spontaan lees, dikwels vir plesier en inligting oor ‘n wye reeks tekstipes wat bestudeer is: |
| 3.3 die doel, gehoor en konteks van ‘n teks identifiseer: |
| 3.4 begrip toon van die teks, die doel daarvan en die verwantskap met sy eie lewe, deur die tema, karakters en waar die verhaal afspeel, te bespreek. |
| LU 4 |
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ‘n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 4.1 ‘n uitgesoekte reeks verbeeldingryke tekste skryf: |
| 4.1.1 verbeelding, idees en gevoelens van die self en ander uit te druk; |
| 4.3 basiese vaardighede in spesifieke skryftegnieke wat gepas is vir ‘n tekssoort toon: |
| 4.4.2 kreatiewe en speelse gebruik van taal d.m.v. vertellende en beskrywende opstelle te verken; |
| LU 2 |
| **PRAAT**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend en gesproke taal binne ‘n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 2.1 idees en gevoelens verbeeldingryk en met hulp en ondersteuning verbeeldingryk kommunikeer deur gebruik te maak van uitgesoekte tekstipes (stories, grappe, dramas): |
| 2.2 idees, feite en opinies duidelik, akkuraat en samehangend kommunikeer met behulp van ‘n beperkte reeks feitelike en mondelinge tekste (bv. besprekings en bondige argumente): |
| 2.3 basiese vaardighede in uitgesoekte mondelinge tekssoorte demonstreer: |
| 2.3.1 mondelinge beskrywings akkuraat in volgorde plaas; |
| 2.3.2 logiese argumente aanbied; |
| 2.4 basiese interaktiewe vaardighede demonstreer deur aktiewe deelname in groepbesprekings, gesprekke, onderhoude en debatte, en terwyl dit gedoen word: |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| 2.4.1 belangrike sake aanspreek; |
| 2.4.3 ander se opinies respekteer en erken; |
| 2.4.4 eie standpunt verduidelik; |
| 2.4.5 kritiek lewer; |
| 2.4.7 sensitiwiteit toon vir ander se gevoelens; |
| 2.5 mondelinge aanbiedings akkuraat en kreatief aanbied met die nodige aandag aan: |
| 2.5.1 duidelike en hoorbare uitspraak; |
| 2.5.2 pousering; |
| 2.5.3 afwisseling vir tempo en volume; |
| 2.5.4 doel en gehoor; |
| 2.5.5 liggaamshouding en -taal. |
| LU 3 |
| **LEES EN BESIGTIG**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 3.1 spontaan lees, dikwels vir plesier en inligting oor 'n wye reeks tekstipes wat bestudeer is: |
| 3.3 die doel, gehoor en konteks van 'n teks identifiseer: |
| 3.4 begrip toon van die teks, die doel daarvan en die verwantskap met sy eie lewe, deur die tema, karakters en waar die verhaal afspeel, te bespreek. |
| LU 4 |
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder: |
| 4.1 'n uitgesoekte reeks verbeeldingryke tekste skryf: |
| 4.1.1 verbeelding, idees en gevoelens van die self en ander uit te druk; |
| 4.3 basiese vaardighede in spesifieke skryftegnieke wat gepas is vir 'n tekssoort toon: |
| 4.4.2 kreatiewe en speelse gebruik van taal d.m.v. vertellende en beskrywende opstelle te verken; |

**Table 4.4**

### 4.2.25 Memorandum

Opdrag 1

(a)

(i) **Deernis**: Innige medelye; jammerte.

(i) **Empatie**: Meevoeling met, inlewing van dit wat 'n mens waarneem.
(ii) **Romantiseer**: 'n Romantiese voorstelling gee aan iets.
(iii) **Medelye**: Jammerte, meegevoel.
(iv) **Menslikheid**: Mensliewendheid.

(b)

(i) **Karakteriseer**: Die kenmerkende besonderhede van 'n persoon beskryf.

(i) **Prosa**: ‘n Teks wat deur ‘n persoon geskryf is, m.a.w. die gebruik van woorde om iets te sê of te vertel. ‘n Storie wat ‘n persoon geskryf het, is ‘n stuk prosa.
(ii) **Poëties**: Digterlik. (Poësie is gedigte of digkuns).

Opdrag 2

Tistet Vedene is aangestel om die pous se muil te versorg. Hy was egter baie naar en ongeskik tenoor die muil. Hy en sy vriende het die muil geterroriseer.

Hy het die muil in die toring opgeneem en verneder voor die inwoners van Avignon.

Selfs die pous het begin om sy muil te wantrou.

Opdrag 3

om in ‘n groep aan ‘n bespreking deel te neem

Opdrag 4

Ja, ja, ja, nee, nee, ja, nee, ja, ja, nee.

Opdrag 5

Daar is geen verkeerde moontlikhede nie.

Opdrag 6

(a)

1. Die man **wat** daar woon.
2. Die kat **wat** kleintjies gekry het.
3. Die bal **wat** oor die muur gehop het.

(b)

1. Die seun **wat** daar staan ________
2. Die man **wie se** motor .__________
3. Is dit die mens **waarmee** __________ ?
4. Die fiets **wat** ek gekoop het _________
5. Dit is Peet **wie se** broer _____________
6. Die glas **waaruit** jy drink __________
7. Die vrou **met wie** ek praat __________
8. Die rolskaatse **waarvoor** ek___________
9. Waar is die hond **wat** __________ ?
10. Die huis **waarin** ons woon________

Opdrag 7

1. Sy sê dit is **haar** tas.
2. ______dan moet dit seker maar **joune** wees.
3. Ek was elke dag **my** hare.
4. Ek skryf al jare **daarmee**.
5. _________dan is dit **hare**.
6. ________dit is **syne** (of **hare**).
7. Watter boeke is **ons s’n**?

# 4.3 Die slot van die verhaal[3]

## 4.3.1 AFRIKAANS HUISTAAL

## 4.3.2 Graad 7

## 4.3.3 Module 17

## 4.3.4 DIE SLOT VAN DIE VERHAAL

Hoofstuk 3

Maar Tistet het reeds vertrek met die pous se boot na die hof van die koningin van Napels. Die pous het hom saam met ander jong manne uit die adelstand soontoe gestuur om goeie maniere te leer. So het die pous vir Tistet beloon omdat hy so mooi na die muil gekyk het. Die volgende dag was die muil baie kwaad toe sy hoor dat Tistet reeds weg was. "Die skurk! Hy het seker iets vermoed!" het die muil gedink terwyl sy haar klokkies woedend skud. "Toemaar, jou vabond, ek sal wag, maar jou skop sal jy nog kry. Ek sal hom hou vir jou!"

Nadat Tistet weg is, kon die muil weer rustig lewe. Sy het haar kruiewyn gekry, en elke middag kon sy 'n bietjie slaap. Sy het weer goed gevoel. Tog was dinge nie weer dieselfde nie. Die mense het agter haar rug gefluister en die kinders het vir haar gelag en na die kloktoring gewys. Selfs die pous was bang om in te sluimer op haar rug. As hy wakker word, was hulle dalk bo in die kloktoring! Die muil het geweet, maar sy kon niks doen nie. Maar elke keer as sy Tistet se naam gehoor het, het sy haar hoewe op die klipvloer geslyp.

Na sewe jaar was Tistet Vedene weer terug in Avignon. Hy het gehoor dat die pous se mosterddraer skielik dood is. Tistet het gedink dat dit net die werk vir hom was. Hy het dadelik na die pous gegaan om sy dienste aan te bied. Die pous het hom nie herken nie omdat hy 'n groot man geword het. Maar die pous het self ouer geword en kon nie meer goed sien sonder sy bril nie. Tistet het hom nie laat afskrik nie. Hy het verduidelik dat hy altyd vir die pous se muil sy wyn geneem het. Toe vra hy vir die pous of hy sy mosterddraer kon word.

"Maar jy is te jonk!" het die pous gesê. Hoe oud is jy?" "Twintig jaar en twee maande. Presies vyf jaar ouer as u muil," antwoord Tistet. "Ek het haar so gemis terwyl ek weg was, " sê Tistet. "Kan ek haar weer sien?" "Ja my seun, jy sal haar weer sien," het die pous belowe. "Omdat jy so lief vir haar is, sal ek bly wees as jy nooit weer ver van haar sal wees nie," sê die pous. "Van vandag af stel ek jou aan as my mosterddraer."

Die pous het vir Tistet gevra om hom die volgende aand na die aanddiens te kom sien. "Voor almal wat in my diens is, wil ek jou kentekens vir jou gee," het die pous belowe. Daarna sou hy vir Tistet na die muil neem, en dan sou hulle saam na die wingerd toe gaan. Tistet het die pous verlaat. Hy was baie bly, maar hy kon nie wag tot die volgende aand nie. In die paleis was nog iemand wat nie kon wag tot die volgende aand nie. Die muil natuurlik! Vandat Tistet terug gekom het, het sy haar volgeprop met hawer, en met haar hoewe teen die stalmuur geskop. Sy was besig om haarself voor te brei vir die seremonie.

Na die aanddiens die volgende dag het Tistet by die pous se paleis opgedaag. Al die belangrike mense van die kerk was daar. Die klokke het gelui en die musiek het gespeel. Almal het vir Tistet bewonder omdat hy so mooi gelyk het met sy blonde krulle en baardjie. Hy was geklee in 'n baadjie wat met rose borduur was, en in sy pet wat 'n lang, wit veer. Tistet het galant gebuig en na die verhoog gestap waar die pous vir hom gewag het. Die muil het langs die trappe van die verhoog gestaan. Toe Tistet by haar verby stap, het hy haar liggies op die rug geklop. Op daardie oomblik het Tistet net op die regte plek gestaan. Toe haak die muil af: "Vat dit, jou skurk! Sewe jaar lank het ek hierdie skop vir jou gehou!"

Dit was só 'n vreeslike skop dat die mense in die buurdorpe die rook kon sien. 'n Groot , geel rookwolk waarin 'n lang, wit veer gefladder het, was al wat van Tistet Vedene oorgebly het! Gewoonlik is 'n muil se skop nie so erg nie, maar hierdie skop was die skop van 'n pouslike muil. Daar moet ook onthou word dat hierdie skop sewe jaar moes wag om geskop te word. Dit was 'n mooi voorbeeld van wraak wat soet is.

(Slot)

[3]This content is available online at <http://cnx.org/content/m23663/1.1/>.

Verwerk uit: *Daudet, Alphouse, Letters from my mill, 1889*

### 4.3.5 Opdrag 1:

### 4.3.6 Om ‘n beskrywende opstel te skryf

### 4.3.7 [LU 4.4.2]

In die eerste hoofstuk van die verhaal sê die skrywer:

“Met haar onskuldige voorkoms het sy (die muil) baie mense gehelp om ryk te word. ‘n Goeie voorbeeld hiervan was die merkwaardige verhaal van Tistet Vedene”.

Dit is letterlik die verhaal van ‘n straatkind wat verhef is tot die adelstand.

Beskryf nou in jou eie woorde Tistet Vedene se opgang aan die hof van die pous.

### 4.3.8 Opdrag 2:

### 4.3.9 Om ‘n verbeeldingryke teks te skryf

### 4.3.10 [LU 4.1]

‘n Geweldige eer sou Tistet Vedene te beurt val. In paragraaf 4 lees ons wat alles met hom sou gebeur. Skryf dit neer.

### 4.3.11 Opdrag 3:

### 4.3.12 Om taal te gebruik om te dink en redeneer

### 4.3.13 [LU 5.1]

Om wraak te neem, beteken om kwaad met kwaad te vergeld.

Het die muil rede gehad om wraak te neem?

Was dit Tistet Vedene se verdiende loon gewees?

Mag ‘n mens wraak neem?

Dink hieroor na en debateer die vraag in die klaskamer.

### 4.3.14 Assessering

| LU 4 |
|---|
| **SKRYF**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ‘n wye verskeidenheid doeleindes te skryf. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 4.1 verskeie verbeeldingstekste skryf: |
| 4.1.1 gee uitdrukking aan verbeelding, idees en gevoelens oor die self en ander; |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| 4.1.2 verken die kreatiewe en speelse gebruik van taal en die skryf van verhalende en beskrywende opstelle, dagboekinskrywings, vriendskaplike briewe, gedigte, strokiesverhale, limerieke en liedjies. |
| 4.3 basiese vaardighede in spesifieke skryftegnieke gepas vir 'n tekssoort toon |
| 4.3.3 gebruik ruimte en rym in gedigte; |
| 4.3.4 toon volgorde in prosedures. |
| LU 5 |
| **DINK EN REDENEER**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik. |
| Dit is duidelik wanneer die leerder : |
| 5.1 taal gebruik vir dink en redeneer: |
| 5.1.3 oorweeg twee moontlikhede en besluit watter een die beste keuse is; |
| 5.4 kreatief dink: |
| 5.4.1 visualiseer, voorspel, fantaseer en empatiseer om betekenis te skep en probleme op te los. |

**Table 4.5**

### 4.3.15 Memorandum

Opdrag 2

Hy sou die kentekens ontvang wat van hom die pous se mostertdraer sou maak. Daarna sou die pous hom na sy muil toe neem. Hulle sou saam na die pous se wingerd gaan.

Opdrag 3

Bespreek eerstens die betekenis van die woord **wraak**. Dit is 'n selfstandige naamwoord. Die werkwoord is **wreek**. Om wraak te neem, beteken om te straf, om iemand te laat betaal vir sy optrede of dade, om af te reken met só 'n persoon.

Daar kan daarop gewys word wat die Bybel se standpunt is:

1. Die wraak kom ons nie toe nie.
2. Ons moet vergewe, sewentig maal sewe.
3. Vergewe ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe.

# Attributions

Collection: *Afrikaans Huistaal Graad 7*
Edited by: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/col11016/1.1/
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Gebruik 'n woordeboek"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23592/1.1/
Pages: 1-7
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Die strokiesverhaal"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23594/1.1/
Pages: 7-11
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Hardloop met die bulle"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23595/1.1/
Pages: 11-15
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Poesie"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23596/1.1/
Pages: 16-20
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Skryftekens en spelling"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23606/1.1/
Pages: 21-24
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Tyl Uilspieel"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23611/1.1/
Pages: 25-32
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Antjie Somers"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m31924/1.1/
Pages: 33-42
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Dulle Griet"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23620/1.1/
Pages: 42-45
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Die ruimteman Loeloeraai"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23622/1.1/
Pages: 46-55
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Seuns van die wolke"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23623/1.1/
Pages: 55-62
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Mark Shuttleworth"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23678/1.1/
Pages: 62-69
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Die Krugermiljoene"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23655/1.1/
Pages: 71-78
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Uit die Afrikaanse literere skatkis"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23653/1.1/
Pages: 78-85
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Literere skatkis"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23656/1.1/
Pages: 86-92
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Die pous en sy muil"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23659/1.1/
Pages: 93-102
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Die skrywer Alphonse Daudet"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23660/1.1/
Pages: 102-110
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Module: "Die slot van die verhaal"
By: Siyavula Uploaders
URL: http://cnx.org/content/m23663/1.1/
Pages: 111-113
Copyright: Siyavula Uploaders
License: http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

**About Connexions**

Since 1999, Connexions has been pioneering a global system where anyone can create course materials and make them fully accessible and easily reusable free of charge. We are a Web-based authoring, teaching and learning environment open to anyone interested in education, including students, teachers, professors and lifelong learners. We connect ideas and facilitate educational communities.

Connexions's modular, interactive courses are in use worldwide by universities, community colleges, K-12 schools, distance learners, and lifelong learners. Connexions materials are in many languages, including English, Spanish, Chinese, Japanese, Italian, Vietnamese, French, Portuguese, and Thai. Connexions is part of an exciting new information distribution system that allows for **Print on Demand Books**. Connexions has partnered with innovative on-demand publisher QOOP to accelerate the delivery of printed course materials and textbooks into classrooms worldwide at lower prices than traditional academic publishers.